


**Die vertaling van 'n hibriede teks: 'n Onderzoek na die
uitbeelding van karakters in *7 Days* en *Cobra* deur Deon Meyer**

deur

Ruchelle Kleyn

Tesis ingelewer ter voldoening aan die vereistes vir die graad Magister in Vertaling in die
Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch



Studieleier: Prof AE Feinauer

Maart 2017

Verklaring van oorspronklikheid

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit Stellenbosch nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Datum: Maart 2017

Kopiereg © 2017 Stellenbosch Universiteit
Alle regte voorbehou

Opsomming

Deon Meyer se speurverhale is al in meer as 27 tale vertaal, maar hy verkies om sy manuskripte eers in Afrikaans te skryf. Hy skryf binne die Suid-Afrikaanse kulturele konteks en daarom beeld sy verhale tipiese Suid-Afrikaanse karakters uit. Die dialoog in die verhale word gebruik om 'n beeld van die karakters vir die leser te skep. Dié karakteruitbeelding skep 'n geleentheid om die vertaling van die dialoog te ondersoek asook die invloed wat die vertaling van die dialoog op karakteruitbeelding het.

Afgesien van die dialoog wat die karakters sterk uitbeeld, word hibriditeit ook aan dialoog en karakteruitbeelding verbind. 'n Hibriede bronteks sluit verskillende variëteite in asook verskillende tale wat in een teks voorkom. Indien dié elemente van hibriditeit in die doeltekste oorgedra word en vir die doelteksleser vreemd voorkom, kan die doelteks as hibried beskou word. Hibriditeit word volgens my nie tydens die vertaalproses geproduseer nie, maar kom eerder reeds in 'n bronteks voor en word deur middel van vertaling in 'n doelteks oorgedra, of nie. Die term 'hibriditeit' sluit vir die doeleindes van hierdie studie elemente soos Kaaps, kodewisseling en vloekwoorde in wat in die brontekste in karakters se dialoog voorkom. Vloekwoorde sluit by hibriditeit aan; dit word nie noodwendig in die bronteks as tekens van hibriditeit geklassifiseer nie, maar indien dit in die doelteks onveranderd oorgedra word en vreemd vir die doelteksleser voorkom, skep dit hibriditeit in die doelteks. Meyer se karakters word nie net deur dialoog uitgebeeld nie, maar indien die elemente van hibriditeit in die doeltekste oorgedra word, word 'n hibriede teks opnuut daargestel. Wat in hierdie studie ondersoek word, is of die hibriditeit van die bronteks wat in die doelteks oorgedra word, of nie, 'n invloed op karakteruitbeelding het.

Twee boeke van Meyer, naamlik *7 Dae* en *Kobra*, met hulle vertalings, *7 Days* en *Cobra*, is ondersoek om vas te stel of die vertaling van dialoog 'n invloed op die oordrag van hibriditeit het. Die dialoog van Vaughn Cupido, 'n Kaapse Afrikaanssprekende karakter afkomstig van die Kaapse Vlakte, en dié van Bennie Griessel, 'n wit middelklas- Afrikaanssprekende karakter, word ondersoek. Die studie maak gebruik van 'n kwalitatiewe analise. Die kwalitatiewe analise is gedoen met behulp van verskeie vertaalstrategieë en ook met Venuti (1995) se terme domestikering en vervreemding, wat hoofsaaklik gebruik is om te bepaal hoe die dialoog vertaal is. 'n Kort kwantitatiewe analise in hoofstuk 5 fokus hoofsaaklik op die vertaling van Kaaps met die aantal domestikerende en vervreemdende vertalings wat in grafieke aangetoon word.

Die fokus van die studie was om te bepaal hoe die karakters in die doeltekste uitgebeeld word. Om laasgenoemde te beantwoord, moes twee vrae beantwoord word, naamlik watter vertaalstrategie gebruik is om die karakters te skep en of die karakters se uitbeelding beïnvloed word deur die tipe vertaalstrategie wat gebruik is. Die bevindinge vir die eerste vraag was dat 'n oorhoofse domestikerende vertaalstrategie meestal aangewend is. Veral met die vertaling van Kaaps is domestikering as vertaalstrategie gebruik. Die gebruik van die domestikerende vertaalstrategie het veroorsaak dat baie min of geen vreemde woorde of konsepte in die doeltekste oorgedra is nie, wat veroorsaak het dat die hibriditeit minder was of heeltemal verdwyn het. Verder is vloekwoorde soms vervreemdend vertaal, maar nie oorhoofs vervreemdend nie en kodewisseling is heeltemal in die doeltekste wegvertaal. Die karakters se uitbeelding is dus beïnvloed deur die vertaalstrategie wat gebruik is en het so ook veroorsaak dat informele gespreksituasies waaraan die karakters deelneem, in verskeie gevalle neutraal in die doelteks voorkom.

Abstract

Deon Meyer's crime novels have been translated into 27 languages, but he prefers to write his manuscripts in Afrikaans. He writes within the South African cultural context; therefore, his novels depict typical South African characters. In his novels, Meyer uses dialogue as an instrument for portraying the characters for the reader. These character portrayals offer an approach to investigating the translation of the dialogue as well as the effect of translation of the dialogue on the depiction of characters.

Apart from the dialogue serving as strong instrument for depicting the images of characters, hybridity is also linked to dialogue and the depiction of characters. A hybrid source text includes different varieties of one language as well as different languages in one text. If such elements of hybridity are reflected in the target text and strike the target-text reader as odd, the target text can be regarded as a hybrid. In my opinion, hybridity is not produced during the translation process; instead, it is already present in the source text and merely transferred – or not – to the target text through translation. For the purposes of this study, the term 'hybridity' includes elements such as Cape Afrikaans, code switching and swear words which appear in dialogue in the source texts. Swear words contribute to hybridity but usually are not marked as signs of hybridity in the source text. Hybridity is, however, created in the target text if swear words that have been transferred unchanged strike the target-text reader as odd. Meyer's characters are not only depicted through dialogue; but when elements of hybridity are transferred to the target text, a hybrid text is produced once again. This study's focus is whether the transference – or not – of hybridity from a source text to a target text affects the depiction of characters in any way.

Two of Meyer's novels, *7 Dae* and *Kobra*, and their respective translations, *7 Days* and *Cobra*, are examined to determine whether the translation of the dialogue has affected the transference of hybridity. The characters who are examined are Vaughn Cupido, a Cape Afrikaans speaker hailing from the Cape Flats, and Bennie Griessel, a white, middle-class Afrikaans-speaking person. The study employs qualitative analysis that incorporates various translation strategies and that refers to Venuti's (1995) terms 'domestication' and 'foreignization', which are used mainly to determine how dialogue has been translated. The short quantitative analysis in Chapter 5 focuses specifically on the translation of Cape Afrikaans, indicating the number of foreignized and domesticated translations in graphs.

The study aimed to examine the character depiction in the target texts. To determine this, two other questions had to be answered: which translation strategies have been used to depict the characters, and has the depiction of these two characters been influenced by the translation strategies that have been applied? The findings indicate that an overall domesticating strategy was used, especially in the case of Cape Afrikaans. The strategy of domestication meant that few strange words or concepts – if any – have been transferred to the target text. Consequently, hybridity has decreased, or disappeared completely. Swear words have been foreignized in some instances, but not to the extent that they produced a totally foreignizing effect. Code switching has disappeared completely in the target texts. Thus, the chosen translation strategy has indeed influenced the character images. Also, in various instances informal conversational situations have taken on a neutral tone in the target text.

Dankbetuigings

Ek betuig my innige dank aan die volgende persone en instansies wat 'n bydrae tot hierdie studie gemaak het:

- My studieleier, prof Ilse Feinauer, vir haar volgehoue studieleiding, geduld en bystand;
- My ma, Tilla Kleyn, en my pa, Roeloff Kleyn, wat my regdeur die proses in alle opsigte ondersteun het;
- Anthonie Lombard, vir sy ondersteuning en motivering, asook Ockert Lombard, Elsa Lombard en Daniël Lombard, my ander gesin;
- Me Erna Meaker, die Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Universiteit van Stellenbosch en die Departement Afrikaans en Nederlands vir finansiële ondersteuning.

Inhoudsopgawe

| | |
|---|----|
| Verklaring van oorspronklikheid..... | 1 |
| Opsomming | 2 |
| Abstract..... | 4 |
| Dankbetuigings..... | 6 |
| Inhoudsopgawe..... | 7 |
| Lys Tabele | 12 |
| Lys Figure..... | 13 |
| Hoofstuk 1 | 14 |
| 1.1 Agtergrond van die studie..... | 14 |
| 1.2 Die vertaling van dialoog: karakterisering, identiteit en kultuur | 15 |
| 1.3 Hibriditeit..... | 17 |
| 1.3.1 Kaaps..... | 18 |
| 1.3.2 Vloekwoorde | 19 |
| 1.3.3 Kodewisseling | 19 |
| 1.4 Navorsingsprobleem en navorsingsvrae | 19 |
| 1.5 Metodologie | 20 |
| 1.5.1 Domestikering en vervreemding | 20 |
| 1.5.2 Assessering van Vertaalgehalte (AVG) | 23 |
| 1.5.3 Die kwalitatiewe analise..... | 23 |
| 1.6 Doel van die studie | 23 |
| 1.7 Hoofstukindeling | 23 |
| Hoofstuk 2 | 25 |
| 2.1 Inleiding | 25 |
| 2.2 Vertaling en kultuur | 25 |
| 2.2.1 Identiteit en dialoog..... | 26 |

| | |
|--|----|
| 2.3 Hibriede tekste | 28 |
| 2.4 Variëteite van Afrikaans | 33 |
| 2.4.1 Niestandaardtaal | 34 |
| 2.4.1.1 Kaaps | 34 |
| 2.4.1.1.1 Linguistiese variasies van Kaaps..... | 38 |
| (i) Fonologiese variasies | 38 |
| (ii) Leksikale variasies | 39 |
| (iii) Sintaktiese variasies | 41 |
| (iv) Morfologiese variasies | 42 |
| (v) Eie Kaapse skeppings..... | 42 |
| (vi) Vloekwoorde in Kaaps..... | 43 |
| 2.4.1.2 Redes vir die gebruik van niestandaardelemente (Kaaps) in dialoog..... | 43 |
| 2.4.2 Standaardtaal / Standaardafrikaans | 45 |
| 2.4.2.1 Informele standaardtaal..... | 47 |
| 2.4.2.1.1 Vloekwoorde | 48 |
| 2.5 Kodewisseling..... | 53 |
| 2.5.1 Die wedersydse invloed van kodewisseling en register | 56 |
| 2.6 Dialoogvertaling | 59 |
| 2.6.1 Eienskappe van die vertaling van dialoog met die oog op pragmatiese ekwivalensie | 63 |
| 2.6.2 Teoretiese versoening met Venuti se domestikering en vervreemding..... | 65 |
| 2.7 Vervreemding en domestikering..... | 67 |
| 2.7.1 Kritiek teen Venuti | 69 |
| 2.8 Assessering van Vertaalgehalte (AVG)..... | 71 |
| 2.8.1 House se dimensies vir taalgebruiker en taalgebruik | 72 |
| 2.8.1.1 Dimensies van die taalgebruiker | 72 |
| 2.8.1.1.1 Geografiese herkoms | 72 |
| 2.8.1.1.2 Sosiale klas | 73 |
| 2.8.1.1.3 Tyd..... | 73 |
| 2.8.1.2 Dimensies van die taalgebruik | 73 |
| 2.8.1.2.1 Medium | 73 |

| | |
|---|-----|
| 2.8.1.2.2 Deelname | 73 |
| 2.8.1.2.3 Sosiale rolverhouding..... | 74 |
| 2.8.1.2.4 Sosiale houding | 75 |
| 2.8.1.2.5 Verwysingsgebied | 76 |
| 2.8.2 Identiteit en taal (taalgebruiker) vs. register (taalgebruik)..... | 76 |
| 2.8.2.1 Identiteit, taal en karakterisering (taalgebruiker)..... | 76 |
| 2.8.2.2 Register (taalgebruik) | 77 |
| 2.8.3 Die toepassing van die model..... | 78 |
| Hoofstuk 3 | 79 |
| 3.1 Inleiding | 79 |
| 3.2. Taalgebruiker | 79 |
| 3.2.1. Geografiese herkoms: Kaaps..... | 79 |
| (i) Voorbeeld 1: Cupido | 80 |
| (ii) Voorbeeld 2: Cupido | 85 |
| 3.3 Taalgebruik..... | 87 |
| 3.3.1 Sosiale rolverhouding: Kaaps (kodewisseling en vloek) vs. Standaardafrikaans (kodewisseling en vloek) | 87 |
| 3.3.1.1 Asimmetries | 87 |
| (i) Voorbeeld 3: Brig. Manie en Bennie Griessel | 87 |
| (ii) Voorbeeld 4: Griesel en assistent | 89 |
| 3.3.1.2 Simmetries..... | 90 |
| (i) Voorbeeld 5: Cupido en Griessel..... | 91 |
| (ii) Voorbeeld 6: Cupido, Griesel en Mbali | 93 |
| 3.3.2. Sosiale houding: Kaaps (kodewisseling en vloek) vs. Standaardafrikaans (kodewisseling en vloek) | 97 |
| 3.3.2.1 Konsulterend | 98 |
| (i) Voorbeeld 7: Cupido en Roch | 98 |
| (ii) Voorbeeld 8: Griessel en Pruis | 102 |
| 3.3.2.2 Informeel..... | 105 |
| (i) Voorbeeld 9: Cupido en Griessel..... | 105 |
| (ii) Voorbeeld 10: Cupido en Griessel..... | 107 |
| Hoofstuk 4 | 115 |
| 4.1 Inleiding | 115 |

| | |
|--|-----|
| 4.2. Taalgebruiker | 115 |
| 4.2.1. Geografiese herkoms: Kaaps..... | 115 |
| (i) Voorbeeld 1: Cupido en Tyron | 115 |
| (ii) Voorbeeld 2: Cupido | 121 |
| 4.3 Taalgebruik..... | 126 |
| 4.3.1 Sosiale rolverhouding: Kaaps (kodewisseling en vloek) vs. Standaardafrikaans (kodewisseling en vloek) | 126 |
| 4.3.1.1 Asimmetries | 126 |
| (i) Voorbeeld 3: Griessel en die Kolonel | 126 |
| (ii) Voorbeeld 4: Griessel en Jimmy..... | 129 |
| 4.3.1.2 Simmetries | 130 |
| (i) Voorbeeld 5: Cupido, Louw en Griessel | 130 |
| (ii) Voorbeeld 6: Griessel en Dok..... | 136 |
| 4.3.2 Sosiale houding: Kaaps (kodewisseling en vloek) vs. Standaardafrikaans (kodewisseling en vloek) | 140 |
| 4.3.2.1 Konsulterend | 141 |
| (i) Voorbeeld 7: Griessel en die student..... | 141 |
| (ii) Voorbeeld 8: Griessel en lyfwag..... | 143 |
| 4.3.2.2. Informeel..... | 146 |
| (i) Voorbeeld 9: Cupido en Griessel..... | 146 |
| (ii) Voorbeeld 10: Cupido en Griessel..... | 151 |
| Hoofstuk 5 | 158 |
| 5.1 Inleiding | 158 |
| 5.2 Vertaalstrategieë | 158 |
| 5.2.1. Taalgebruiker..... | 159 |
| 5.2.1.1 Kwantitatiewe analise | 160 |
| 5.2.2 Taalgebruik..... | 161 |
| 5.3 Die oordrag van hibriditeit..... | 162 |
| 5.4 Antwoorde op die navorsingsvrae | 162 |
| 5.5 Verdere studiemoontlikhede | 163 |
| 5.6 Ter afsluiting..... | 163 |
| Bronnelys..... | 164 |
| Addendum A: 7 Dae / 7 Days..... | 171 |

| | |
|--|-----|
| A.1 Die taalgebruiker | 171 |
| A.1.1 Geografiese herkoms: Kaaps | 171 |
| A.2 Die taalgebruik..... | 173 |
| A.2.1 Sosiale rolverhouding: Kaaps (kodewisseling en vloek) vs. Standaardafrikaans (kodewisseling en vloek) | 173 |
| A.2.1.1 Asimmetries | 173 |
| A.2.1.2 Simmetries | 175 |
| A.2.2 Sosiale houding: Kaaps (kodewisseling en vloek) vs. Standaardafrikaans (kodewisseling en vloek) | 177 |
| A.2.2.1 Konsulterend..... | 177 |
| A.2.2.2 Informeel | 182 |
| Addendum B: Kobra / Cobra..... | 186 |
| B.1 Die taalgebruiker..... | 186 |
| B.1.1 Geografiese herkoms: Kaaps | 186 |
| B.2 Sosiale rolverhouding: Kaaps (kodewisseling en vloek) vs. Standaardafrikaans (kodewisseling en vloek) | 203 |
| B.2.1 Asimmetries | 203 |
| B.2.2 Simmetries | 204 |
| B.3 Sosiale houding: Kaaps (kodewisseling en vloek) vs. Standaardafrikaans (kodewisseling en vloek) | 214 |
| B.3.1 Konsulterend..... | 214 |
| B.3.2 Informeel..... | 215 |

Lys Tabele

| | |
|---|-----|
| Tabel 1: Vertaalstrategie - voorbeeld 1 | 81 |
| Tabel 2: Vertaalstrategie - voorbeeld 2 | 86 |
| Tabel 3: Vertaalstrategie - voorbeeld 3 | 88 |
| Tabel 4: Vertaalstrategie - voorbeeld 4 | 89 |
| Tabel 5: Vertaalstrategie - voorbeeld 5 | 91 |
| Tabel 6: Vertaalstrategie - voorbeeld 6 | 94 |
| Tabel 7: Vertaalstrategie - voorbeeld 7 | 100 |
| Tabel 8: Vertaalstrategie - voorbeeld 8 | 103 |
| Tabel 9: Vertaalstrategie - voorbeeld 9 | 106 |
| Tabel 10: Vertaalstrategie - voorbeeld 10 | 110 |
| Tabel 11: Vertaalstrategie – voorbeeld 1 | 116 |
| Tabel 12: Vertaalstrategie - voorbeeld 2 | 123 |
| Tabel 13: Vertaalstrategie - voorbeeld 3 | 128 |
| Tabel 14: Vertaalstrategie - voorbeeld 4 | 129 |
| Tabel 15: Vertaalstrategie - voorbeeld 5 | 132 |
| Tabel 16: Vertaalstrategie -- voorbeeld 6..... | 137 |
| Tabel 17: Vertaalstrategie - voorbeeld 7 | 141 |
| Tabel 18: Vertaalstrategie - voorbeeld 8 | 144 |
| Tabel 19: Vertaalstrategie - voorbeeld 9 | 147 |
| Tabel 20: Vertaalstrategie: voorbeeld 10..... | 152 |

Lys Figure

Figuur 1: Vervreemdende teenoor domestikerende vertalings..... 161

Figuur 2: Alle gevalle van rym oorgedra en aangepaste Kaaps in doelt tekste 161

Hoofstuk 1

Inleiding

1.1 Agtergrond van die studie

Deon Godfrey Meyer se eerste speurverhaal, *Wie met vuur speel*, verskyn in 1994 en hier steel hy die eerste keer die harte van speurverhaalliefhebbers. Sy tweede speurverhaal, *Feniks* (1996), is egter in 1999 die eerste een wat vertaal word en in Engels verskyn. Verder word sy boeke in 27 verskillende tale vertaal insluitend Frans en Duits. Hy publiseer 11 speurverhale en twee kortverhale, naamlik *Karoonag en ander verhale* (2009) en *Bottervisse in die jêrn* (1997). Laasgenoemde twee kortverhale is nie vertaalde werke nie. Hy is 'n bekroonde Suid-Afrikaanse speurverhaalskrywer en hy ontvang ook 'n aantal pryse vir sy boeke insluitend die M-Net-prys vir die mees filmiese roman in 2012, die ATKV-prys vir die beste spanningsfiksie in 2009 en die ATKV-prys vir die beste spanningsfiksie in 2008 (“Deon Meyer: The Books”, 2008). Afgesien van 'n hele string ATKV- en ander Suid-Afrikaanse toekennings, het hy al talle literêre toekennings in die speurverhaalgenre in Duitsland, Frankryk, Swede, en die VSA verower (Wessels, 2011:189).

Die hoofkenmerke van Meyer se speurverhale is dat dit “die kontemporêre Suid-Afrika met sy sosio-politiese nuanses” uitbeeld en dat karakterisering, wat die Suid-Afrikaanse kultuur ten sterkste uitbeeld, ook 'n hoofrol in Meyer se verhale speel (Bekker, 2013). Die boeke asook die karakters beeld die gekompliseerde wêreld van Suid-Afrika uit wat nog herstel van die apartheidsera (Dougherty, 2014). Twee van Meyer se speurverhale wat so beskryf kan word, is *7 Dae* (2011) en *Kobra* (2013) wat in Engels vertaal is as *7 Days* (2012) en *Cobra* (2014) (“Deon Meyer: The Books”, 2008). Meyer gebruik sy karakters in bogenoemde twee boeke om die hedendaagse Suid-Afrika asook die Suid-Afrikaanse kultuur uit te beeld en skryf dus met 'n oog op karakteruitbeelding en postapartheidpolitiek (Kirkus, 2014). Kaapse Vlakte sleng, Afrikaans en Zulu neem jou direk na die wêreld van sakkerollers en polisie van Suid-Afrika (Wilkins, 2014). Die Suid-Afrikaanse kultuur wat so sterk deur middel van die karakters in die verhale uitbeeld word, vorm die grondslag vir die keuse van die onderwerp.

Twee karakters wat in *7 Dae* en *Kobra* voorkom, is Bennie Griessel en Vaughn Cupido – Bennie Griessel is 'n hoofkarakter in albei boeke, maar Vaughn Cupido nie. Bennie speel die rol van 'n polisieman wat deel was van die ou bedeling van Suid-Afrika (Dougherty, 2014). Hierdie speurder konfronteer sy eie en sy land se gemartelde verlede en die nalatenskap van apartheid.

Hy probeer ook vertrouwe wen by sy jonger kollegas wie se ouers en voorouers onder apartheid gely het (Dougherty, 2014). Hierteenoor tref 'n mens vir Vaughn Cupido aan wat ook die rol van 'n speurder in *7 Dae* en *Kobra* speel. Cupido word beskryf as 'n “smooth-talking ladies' man” van Kaapstad se verarmde area, Mitchells Plain, 'n voorstad suidoos van die middestad. Retief-Meiring (2012) beskryf hom as “bekkig en plesierig rassisties.” Hier kan 'n mens duidelike verskille tussen hierdie twee karakters waarneem, waar Cupido meestal Kaaps praat en Griessel (informele) Standaardafrikaans waarin daar soms kodewisseling voorkom. Die karakters gebruik ook beide vloekwoorde. Die Kaaps, kodewisseling en vloekwoorde wat in *7 Dae* en *Kobra* voorkom, dra direk by tot die prentjie wat van die karakters in die bronteks geskep word (Dougherty, 2014).

Die verskillende karaktereienskappe wat deur die karakters se dialoog uitgebeeld word, dra by tot die verskil wat ten opsigte van die agtergrond van die karakter en die karakter self opgemerk word. Cloete (2011) meen dat elke karakter, hoe vlugtig hy of sy ook al in die verhaal verskyn, noukeurig geteken word en die hele reënboognasie word vir ons lewendig gemaak. Dit is hier waar die vertaling van die karakters se dialoog belangrik word, omdat elke karakter iets van die Suid-Afrikaanse kultuur, maar ook van Meyer se speurverhale, ontbloot.

1.2 Die vertaling van dialoog: karakterisering, identiteit en kultuur

Dit is belangrik om te let op die wyse waarop hierdie karakters uitgebeeld word deur middel van dialoog en of hierdie Kaaps, kodewisseling en vloekwoorde in die doeltteks oorgedra word, of nie. Die vertaling van dialoog is hoegenaamd nie eenvoudig nie en word dikwels tot 'n groot mate deur karakterisering en kultuur beïnvloed.

Soos in ander narratiewe tekste, byvoorbeeld *Fiela se kind* (Mathee, 1985), word die dialoog van die karakters gebruik om sekere karaktereienskappe, asook die individualiteit van karakters uit te beeld. Die invloed wat taal op identiteit het kom ook hier voor, omdat taal 'n groot rol speel in die vorming van 'n karakter se identiteit.. Joseph (2010:9-18) skryf soos volg oor taal en identiteit: “our very sense of who we are, where we belong and why, and how we relate to those around us, all have language at their centre”. Verder sê hy dat daar al heelwat navorsing gedoen is oor die manier waarop mense se keuse van taal en manier van praat nie net weerspieël wie hulle is nie, maar selfs hulle menswees vorm. Dit veroorsaak verder dat die taal wat hulle gebruik in die proses gevorm en hervorm word. Taal speel 'n belangrike rol in die vorming van 'n spreker se identiteit en word ook aan die ras van die spreker verbind (Kaaps word gewoonlik met bruin mense geassosieer). Taal speel verder 'n rol in die spreker se vermoë om met 'n

sekere sosiale groep te identifiseer. Aangesien dialoog tot die uitbeelding van karakters bydra en taal so 'n groot invloed op verskeie areas van karakteruitbeelding het, is dit belangrik om na die vertaling van dialoog en die invloed wat dit op karakteruitbeelding het te kyk. Laasgenoemde kwessies word verder in hoofstuk 2 bespreek.

Die verskil tussen karakters met verskillende identiteite en kulture is ook van toepassing op die twee brontekste, *7 Dae* en *Kobra*, waar die verskille wat daar tussen Vaughn Cupido en Bennie Griessel bestaan, deur hulle dialoog uitgewys word. Cupido se dialoog sal byvoorbeeld Kaaps bevat soos “Daai broe’ is ’n pro” (Meyer, 2013:174) en hierteenoor sal Griessel se dialoog in Standaardafrikaans wees, byvoorbeeld “Hy is’n Britse burger” (Meyer, 2014:16). Die verskil tussen die twee karakters word hier duidelik gemaak, omdat die leser kan aflei dat Vaughn Cupido van die Kaapse Vlakte afkomstig is waar Kaaps algemeen gebruik word, teenoor Griessel wat Standaardafrikaans praat.

Kultuur speel ’n groot rol in die vertaling van die dialoog van Cupido en Griessel, omdat hulle kulturele agtergrond hulle karakteruitbeelding kan beïnvloed. Die rol van kultuur in vertaling sluit aan by House (2002:92) wat meen dat daar ’n skuif in die vertaalwetenskap ontwikkel het vanaf vertaalstudies wat taalkundig georiënteerd is na vertaalstudies wat kultureel georiënteerd is. Laasgenoemde dui daarop dat kultuur ’n beduidende invloed op vertaling het. Die betekenis van enige linguistiese item kan slegs verstaan word wanneer dit binne die kulturele konteks wat eie is aan die item, “gelees” word. House (2002:92) sê “it follows that translation cannot be fully understood outside a cultural frame of reference”. Dink byvoorbeeld aan Cupido wat Kaaps praat. Cupido se afkoms van die Kaapse Vlakte en dat hy bruin is, is deel van sy kultuur en sy dialoog skets sy karakter. Tydens die vertaalproses sal sy kulturele konteks belangrik wees vir sy uitbeelding as Kaapse karakter in die doelteks. Dit kom dus daarop neer dat die kulturele konteks waarin die karakter voorkom, ook in gedagte gehou moet word wanneer daar vertaal word.

Die spesifieke gespreksituasie speel ook ’n rol in die vertaling van dialoog en kan nie buite rekening gelaat word indien daar na die vertaling van dialoog gekyk word nie. Dit is die vertaling van die dialoog wat sal bepaal of die informele of formele gespreksituasie in die doelteks verander, al dan nie. Vloekwoorde, Kaaps en kodewisseling speel ’n belangrike rol in hierdie geval, omdat dit die gespreksituasie informeler maak.

Kultuur en karakters speel ’n belangrike rol, maar tog meen Hubbard (2002:69) dat daar weinig studies oor die teoretisering van karakters in die literatuur gedoen is. Een van die teoretici wat hom bemoei met die ontwikkeling van ’n teorie vir karakterisering, is Culpeper (2001).

Alhoewel hy op karakterisering in dramastukke fokus, maak hy die belangrike punt dat die beeld wat daar van sekere karakters geskep word, direk vanaf die outeur kom. Die mag wat die verteller of skrywer in fiksie het, is veel meer as die mag wat die dramaturg besit. Een manier hoe hierdie mag van die outeur in die uitbeelding van die karakter verminder kan word, is deur direkte rede oftewel dialoog waar die karakter sy of haar karaktereenskappe self aan die leser kommunikeer. Hy meen “the reader develops an understanding of a character in a manner that could be said to more closely resemble this process in real life” (Culpeper, 2001:164). Die dialoog stel die leser dus in staat om die karakter se eienskappe, persoonlikheid, asook die omstandighede van die karakter te visualiseer asof die karakter werklik bestaan (Culpeper, 2001:164).

Die fokus van hierdie studie is die wyse waarop dialoog in die twee doeltekste vertaal word en die effek wat dit op karakteruitbeelding in die doeltekste het. Die gebruik van hierdie twee romans kan ook gemotiveer word daardeur dat daar deurgaans dialoog voorkom wat die uitbeelding van die karakters nog sterker maak. Individuele dialoogreeëls is kort en die wisselwerking wat tussen die twee karakters se dialoog voorkom, dra ook by tot die moontlike beeld wat die dialoog van die karakters in die brontekste kan skep. Dit is belangrik om te noem dat hierdie studie nie net op die vertaling van dialoog en die uitbeelding van die karakters in die doeltekste fokus nie, maar ook of die hibriditeit van die brontekste na die doeltekste, deur middel van die vertaling van dialoog, oorgedra word.

1.3 Hibriditeit

’n Teks word as hibried beskou wanneer verskillende taalvariëteite en tale in die teks voorkom. Indien laasgenoemde taalelemente van die brontekste in die doeltekste oorgedra word kan die doeltekste as ’n hibriede teks beskou word wanneer dié taalelemente as vreemd deur die doelteksteleser ervaar word.

Daar word hoofsaaklik gefokus op die behoud van hibriditeit in die doeltekste om vas te stel hoe dit die uitbeelding van die karakters beïnvloed. Onder die afdeling van die vertaling van dialoog en karakterisering hier bo word dit duidelik gemaak dat die dialoog in die brontekste nie net die karakter uitbeeld nie, maar ook die gespreksituasie waarin die karakter voorkom. Afgesien van laasgenoemde is daar sekere elemente in die dialoog wat die karakter aan die leser bekendstel, soos onder andere die gebruik van verskillende taalvariëteite. Dit is waar hibriditeit vir hierdie studie belangrik word.

Soos in hoofstuk 2 bespreek word, kan die betrokke brontekste as hibriede tekste beskou word en die hibriditeit word nie tydens die vertaalproses geskep nie, maar dit moet uit die brontekste in die doeltekste oorgedra word. Die elemente wat die brontekste hulle hibriede karakter gee, is byvoorbeeld die gebruik van verskillende taalvariëteite soos Kaaps wat 'n beeld van die karakter in die bronteks skep. Indien laasgenoemde in die doelteks oorgedra word, sal dit vreemd vir die doelteksleser voorkom en sodoende ook die doelteks hibried maak. Dié hibriditeit dra ook by tot die spesifieke gespreksituasie waarin die karakter voorkom, naamlik 'n formeler of informeler situasie. Die wegvertaling van die Kaaps in die doelteks sal byvoorbeeld die hibriditeit laat verdwyn en so ook die karakteruitbeelding en die informeler gespreksituasie. Ek het besluit om op Kaaps, vloekwoorde en kodewisseling te fokus, omdat dit elemente is wat heelwat tot die uitbeelding van die karakters en die taalgebruiksituasie bydra.

Hierdie studie sal dus gemoeid wees met die mate waartoe die hibriditeit van die bronteks in die doelteks oorgedra word. Hier kom 'n duidelike verband met Venuti se vervreemding na voor waar die bronteks 'n element bevat wat vreemd vir die doelteksleser sal voorkom indien dit in die doelteks behou word, byvoorbeeld 'n variëteit van die brontekskultuur wat in die doelteks behou word (Venuti, 2004:341). Indien vreemde elemente soos Kaaps soos dit in *7 Dae* en *Kobra* voorkom, onveranderd in die doelteks oorgedra word, sal dit vir die doelteksleser vreemd voorkom en opnuut 'n hibriede teks daarstel.

Hibriditeit word verder in hoofstuk twee bespreek waar aspekte soos die redes vir die ontstaan, die funksies en die voorkoms van hibriditeit verder uitgebrei word. Dit is belangrik om kennis te neem dat teoretici verskeie sieninge oor hibriditeit het – in hoofstuk 2 word hierdie sieninge bespreek. Voorts is dit belangrik om vlugtig die teoretiese raamwerk te noem wat vir hierdie studie se praktiese analise gebruik gaan word. Dit word later in detail bespreek.

1.3.1 Kaaps

Een van die belangrikste aspekte van Kaaps is dat dit 'n tipiese Afrikaanse spreker uitbeeld. Alhoewel wit mense deel uitmaak van hierdie groep sprekers, is dit meestal bruin mense van die Wes-Kaap wat afkomstig is van die Kaapse Vlakte wat Kaaps praat (De Vries, 2006). Kaaps word sterk deur Engels beïnvloed en die taal is deurspek met Engelse frases en woorde (Hendricks, 1996:8-9). Die geskrewe vorm van Kaaps besit ook verskillende vorme, soos linguistiese variasies, leksikale variasies, sintaktiese variasies, morfologiese variasies en eie Kaapse skeppings (Hendricks, 2012a:98). Soos reeds genoem, fokus die vertaling van die

Kaaps op die karakteruitbeelding van Cupido in *7 Dae* en *Kobra*. Hierdie studie wil vasstel hoe Cupido se Kaaps in die doeltekste vertaal word.

1.3.2 Vloekwoorde

Die vertaling van vloekwoorde maak ook 'n groot deel van hierdie studie uit. Alhoewel vloekwoorde nie noodwendig hibriditeit in die brontekste uitbeeld nie, dra dit hibriditeit in die doeltekste oor omdat dit nie wegvertaal word nie. Indien Afrikaanse vloekwoorde in die doelteks behou word, word hibriditeit geskep, omdat die doelteksleser dit as vreemd in die doelteks ervaar. Vloekwoorde speel 'n groot rol in die oordrag van hibriditeit, omdat dit 'n beeld van die karakter in die bronteks skep en deur middel van vertaling oorgedra word, of nie. In hoofstuk 2 word die verskillende soorte vloekwoorde (soos deur Feinauer, 1981 uitgewys) uiteengesit, asook die verskillende situasies waarin vloekwoorde kan voorkom. Vloekwoorde beeld verskillende situasies uit, veral informele situasies. Hier word ondersoek of vertaling van vloekwoorde hibriditeit en sodoende die karakteruitbeelding in die doelteks oordra.

1.3.3 Kodewisseling

Laastens word daar ondersoek ingestel na die vertaling van kodewisseling. Kodewisseling kom nie net in informele Afrikaanse gespreksituasies voor nie, maar vorm ook 'n groot deel van Kaaps. Met kodewisseling word bedoel dat Engelse woorde in Afrikaanse sinne in die brontekste voorkom (Coulmas, 2005:124). Dit dra ook tot die hibriditeit van die bronteks by en so ook tot die karakteruitbeelding. Kodewisseling bepaal ook of 'n register informeel of formeel is, omdat die afwesigheid daarvan in 'n Standaardafrikaanse sin die register formeler maak en andersom (Holmes, 1992: 23-26). Die vertaling van die kodewisseling sal bepaal of die hibriditeit en so ook die karakteruitbeelding in die doelteks oorgedra word. Die bespreking van kodewisseling word verder in hoofstuk 2 uitgebrei.

1.4 Navorsingsprobleem en navorsingsvrae

Die brontekste, *7 Dae* en *Kobra*, is hibriede tekste omdat elemente soos Kaaps, kodewisseling, vloekwoorde en Standaardafrikaans deurgaans voorkom. Dit stem ooreen met Schäffner en Adab (2001:277) se siening dat hibriede tekste nie slegs as gevolg van 'n vertaalproses ontstaan nie, maar dat hibriede tekste ook as oorspronklike tekste geproduseer kan word. Dit stem verder ooreen met Venuti se vervreemding, omdat hibriede brontekste elemente bevat wat vreemd vir die doelteksleser sal voorkom indien dit in die doeltekste oorgedra word. Die hibriditeit van die

brontekste word deur middel van vertaling in die doelteks oorgedra, of nie. Hierdie oordrag het ’n invloed op die wyse waarop die karakters uit die bronteks in die doelteks herskep word. Dit kan bv. veroorsaak dat die karakteruitbeelding in die doelteks heeltemal verlore gaan. ’n Voorbeeld is die dialoog van Vaughn Cupido, “Vat nou ma’ die postcard trick” (Meyer, 2013:49), wat in die doelteks vertaal word met “Take the postcard trick” (Meyer, 2014:39). Dit sal noodwendig domestikerend in ’n Engelse doelteks voorkom, omdat die Kaaps in die doelteks wegvertaal word.

Die oordrag van hibriditeit uit die brontekste in die doeltekste asook die invloed wat dit op die uitbeelding van die karakters in die doeltekste het, is wat in hierdie studie as navorsingsprobleem ondersoek gaan word.

Die volgende navorsingsvrae kan die studie rig om die navorsingsprobleem te ondersoek.

- Hoe word die karakters in die doelteks uitgebeeld?
- Watter vertaalstrategieë word aangewend om die karakters te skep?

1.5 Metodologie

Die uiteindelijke afleidings wat ek oor karakteruitbeelding en die oordrag van hibriditeit wil maak, moet gedoen word aan die hand van ’n praktiese analise. Die twee brontekste, *7 Dae* en *Kobra*, en die doeltekste, *7 Days* en *Cobra*, sal geanaliseer word om vas te stel hoe die dialoog uit die bronteks in die doelteks vertaal word en of die hibriditeit uit die bronteks in die doelteks oorgedra word. Laasgenoemde word aan die hand van ’n kwalitatiewe analise gedoen. House (1997) se onderskeid tussen taalgebruiker en taalgebruik word vir die kwalitatiewe analise gebruik (sien hoofstuk 2 vir ’n volledige bespreking.). Hierna volg ’n bespreking van die analise en die gevolge wat die oordrag van hibriditeit op die uitbeelding van die karakters in die doeltekste het. Ek bespreek hier onder kortliks die betrokke teoretiese komponente wat vir die praktiese analise gebruik word.

1.5.1 Domestikering en vervreemding

Volgens Lörcher (in Leppihalme, 2000:259) word ’n vertaalstrategie gedefinieer as ’n bewuste prosedure wat gebruik word om ’n probleem op te los wanneer ’n persoon ’n teks moet vertaal. ’n Vertaler is dus ’n probleemoplosser en iemand wat tydens die vertaalproses besluite moet maak (Leppihalme, 2000:259). Die vertaling van ’n literêre teks word beoordeel deur die bronteks en die doelteks te vergelyk. Volgens Nord (1997:85) is die vertaler die eerste leser van die teks en dit is die vertaler se interpretasie van die bronteks wat die doelteks beïnvloed.

Volgens Schmitt (in Snell-Hornby, Höning, Kusmaul & Schmitt, 1998:20) is vertalers kenners op die gebied van interkulturele kommunikasie en hulle neem volle verantwoordelikheid vir hulle werk. Die vertaler kan dus 'n besluit maak tydens die vertaalproses ten opsigte van die tipe vertaalstrategie wat hy of sy wil gebruik.

Indien die vertaler die eerste leser van die bronteks is en ook sy of haar eie interpretasie gebruik om die doelteks te produseer, is dit belangrik om vas te stel wat die vertaler se vertaalkeuses tydens die vertaalproses is. Hierdie keuses het 'n invloed op die produk wat tydens die vertaalproses geskep word, naamlik die doelteks. In hierdie studie sal die besluite van die vertaler tydens die vertaalproses ondersoek word. Dit sal gedoen word aan die hand van die strategieë *domestikering* en *vervreemding*.

Volgens Venuti (2004:341) is domestikering die strategie om so na moontlik aan die doeltexskultuur te bly sodat die doelteksleser geen moeite ondervind wanneer die doelteks gelees word nie. 'n Gedomestikeerde vertaling lees vlot en die doelteksleser vind die teks maklik om te verstaan (Venuti, 2004:341). 'n Gedomestikeerde vertaling skep die illusie dat dit deursigtig is wat daartoe lei dat die teks as 'n oorspronklike teks aanvaar word en die vertaler onsigbaar voorkom (Venuti, 2004:341).¹ Venuti (1995) meen dat domestikering die hoofstrategie is wat gevolg word in Anglo-Amerikaanse vertaalwerk en dat dit 'n normaliseringseffek op vertaalprodukte het en ook die bronteksouteurs van hulle eie stem in die bronteks ontnem. In die praktiese analise sal ek vasstel of die vertaler hierdie vertaalstrategie gevolg het, al dan nie.

Hierteenoor is vervreemding wanneer die doelteks vreemde elemente bevat en die doelteksleser dit as 'n uitdaging beskou om die doelteks te lees (Venuti, 2004:341). 'n Vertaling wat volgens hierdie strategie gedoen word, is een wat die vreemde elemente van die vreemde teks in die doelteks behou. Dit word gedoen deur af te wyk van die kultuur van die doelteksleser (Venuti, 2004:341). Die vreemde aspekte van die bronteks word in die doelteks behou om die doelteksleser bekend te stel aan die kultuur van die bronteks. Venuti sê in sy eie woorde, "sending the reader abroad" (Venuti,1995:15). Vervreemding word bereik deur sekere items

¹ Toury (1995) noem hierdie strategie "a law of growing standardization". Hy definieer hierdie wet as: "in translation, textual relations obtained in the original are often modified, sometimes to the point of being totally ignored, in the favour of habitual options offered by a target repertoire" (1995:268).

Standaardisering verwys na: (1) 'n strategie wat dikwels in vertaalstrategieë gevolg word waar vreemde brontekselemente vervang word met algemener doeltaalelemente en (2) die resultaat van bogenoemde strategie is dat vertalings soms meer standaardisering as hulle brontekste bevat (1995:268). Standaardiseringstrategieë word gebruik vir bronteksmetafore, woordspel asook dialek (1995:268).

wat onveranderd uit die bronteks in die doelteks oorgedra word – ’n letterlike oordrag van sekere items in die doelteks. Hierdie strategie word gevolg om die “plaaslike kleur” wat in die bronteks voorkom oor te dra in die doelteks of soos Venuti (1998:10) meen “the evocation of the foreign”. Volgens Leppihalme (2000:263) veroorsaak ’n vervreemdende vertaling dat doeltekslesers gemotiveer word om hulle eie betekenis en interpretasie van vreemde elemente te ontwikkel. Hierteenoor sê sy dat die elemente wat verswak of verlore in die doelteks geraak het (byvoorbeeld vreemde brontekselemente wat in die doelteks wegvertaal word) nie so ’n groot impak op die leser sal hê indien die leesondervinding op ander emosionele maniere bevredigend vir die leser is nie. Myns insiens is die effek wat vreemde elemente op die doelteks en karakteruitbeelding het, juis belangrik om vas te stel watter uitwerking vervreemding as vertaalstrategie op karakteruitbeelding het.

Die mees relevante deel van dié teorie vir hierdie studie is die onderskeid wat Venuti tref tussen vreemde tekste wat soos vertalings lyk, waar die vertaler sigbaar is, en gedomestikeerde vertalings wat vlot is en die vertaler onsigbaar is. ’n Bronteks wat vervreemdend vertaal word sal die taalvariasie van die karakters uit die bronkultuur oordra. Hierteenoor sal ’n vertaling wat domestikerend vertaal word, hierdie taalvariasie vervang met een uit die doeltaal, of dit wegvertaal deur middel van standaardisering. Die huidige studie sal die begrippe vervreemding en domestikering gebruik om vas te stel of die taalvariëteite van die twee hoofkarakters, Bennie Griessel en Vaughn Cupido, onveranderd behou word, vervang word met ’n variëteit van die doeltaal, of in die doelteks wegvertaal word.

Hierdie teoretiese benadering sal gebruik word om ’n kwalitatiewe analise uit te voer op die mikrotekstuele vlak. Die mikrotekstuele vlak ondersoek aspekte soos woordkeuse, direkte en indirekte rede en taalvlakke soos dialekte (Lambert & Van Gorp, 1985:46-47).

Die analise behels die ondersoek van die twee karakters, Vaughn Cupido en Bennie Griessel se dialoog en dit sal vasstel of die dialoog van die karakters in die doelteks domestikerend of vervreemdend vertaal word. Dit sal ook vasstel of die domestikerende of vervreemdende vertaling van die dialoog veroorsaak dat die hibriditeit van die brontekste in die doeltekste oorgedra word, of nie. Die praktiese analise word verder met die model vir Assessering van Vertaalgehalte² (AVG) uitgebrei.

² Voorts AVG

Die teorie van domestikering en vervreemding moet met behulp van 'n model of raamwerk op die betrokke dialoog toegepas word en daarom word die AVG-model vir die analise gebruik. Die kwalitatiewe analise wat uitgevoer word maak dus gebruik van House se AVG-model.

1.5.2 Assessering van Vertaalgehalte (AVG)

Dié model maak gebruik van taaldimensies wat onder twee afdelings voorkom, naamlik *taalgebruiker* en *taalgebruik*. Die taalgebruiker beskryf die karakter terwyl die taalgebruik die verskillende situasies beskryf waarin die sprekers onderskeie taalvariasies in hulle dialoog gebruik. In die oorspronklike model kom daar verskillende onderafdelings onder die taalgebruik en die taalgebruiker voor, maar vir die doeleindes van hierdie studie word dit aangepas. Die aanpassing maak nie net voorsiening vir die analise van die dialoog vir karakteruitbeelding nie, maar fokus ook op taalgebruik wat dialoog beïnvloed. In hoofstuk 2 word hierdie begrippe verder bespreek asook hoe dit vir hierdie studie aangepas word.

1.5.3 Die kwalitatiewe analise

Die dialoog word kwalitatief geanaliseer deur die onderverdeling van die kategorieë taalgebruiker en taalgebruik.

1.6 Doel van die studie

Die fokus van hierdie studie lê daarin om die vertaling van *7 Dae* en *Kobra* as hibriede tekste te bestudeer en vas te stel op watter wyse die oordrag, of nie, van die hibriede teks die uitbeelding van die karakters beïnvloed, al dan nie.

1.7 Hoofstukindeling

'n Vlugtige bespreking van die inhoud van elke hoofstuk is nodig om te verstaan hoe die studie uitgevoer word.

Hoofstuk 2 sal die literatuurstudie uiteensit, wat handel oor hibriditeit, domestikering en vervreemding asook 'n bespreking van dialoogvertaling. Die dialoog van die twee hoofkarakters, Bennie Griessel en Vaughn Cupido, word op kwalitatiewe vlak ondersoek om te bepaal watter oorkoepelende vertaalbenadering (vervreemdend of domestikerend) gevolg word. Die analise van *7 Dae* word in hoofstuk 3 gevind en in hoofstuk 4 word die analise van *Kobra* gedoen. In hoofstuk 5 word 'n kort kwantitatiewe analise van sowel *7 Dae* as *Kobra*

gedoen om die vertaling van Kaaps ten toon te stel en die gevolgtrekking te ondersteun. Die resultate van die ondersoek word ook in hoofstuk 5 saamgevat.

Hoofstuk 2

Literatuurstudie

2.1 Inleiding

Die literatuurstudie begin met die bespreking van vertaling en kultuur, want soos reeds in hoofstuk 1 genoem is, het kultuur 'n beduidende invloed op karakteruitbeelding en dialoog. Dit word gevolg deur die bespreking van hibriditeit asook Kaaps, vloekwoorde en kodewisseling wat hibriditeit in die brontekste en doeltekste daarstel. Verder word dialoogvertaling, Venuti se domestikering en vervreemding en House se AVG-model wat vir die analise gebruik word, bespreek.

2.2 Vertaling en kultuur

Kultuur word belangrik wanneer daar na die vertaling van dialoog gekyk word, spesifiek in *7 Dae* en *Kobra* omdat daar soveel verskillende kulture voorkom en deur dialoog uitgebeeld word. Die kulture wat voorkom, is onder andere dié van die bruin middelklas Kaapssprekende, Cupido, asook die wit middelklas Afrikaanse karakter, Bennie Griessel. House (2002:93) meen dat die konsep *kultuur* vir verskeie dissiplines voortdurend 'n uitdaging is. Volgens House (2002:93) kan daar tussen vier analitiese vlakke onderskei word om kultuur te beskryf. Die vierde vlak, naamlik die persoonlike vlak, is op hierdie studie van toepassing³. Die persoonlike vlak stem ooreen met die riglyne vir die individu se denke en optrede. Hierdie vlak stel 'n persoon in staat om bewus te wees van dit wat sy/haar kultuur bepaal en sy/haar kultuur van ander kulture onderskei. Sodoende kan die konsep kultuur informeel gedefinieer word as 'n kollektiewe programmering van die menslike brein, omdat die vier vlakke wat (House, 2002:94) voorstel die menslike, sosiale en individuele benadering tot kultuur integreer. Goodenough (in House, 2002:94) som dit goed op deur te sê, "Culture is not a material phenomenon; it does not consist of things. It is the forms of things that people have in mind, their model of perceiving, relating, and otherwise interpreting them."

Die lede van 'n spesifieke kultuur word deurgaans beïnvloed deur hulle gemeenskap se openbare en kulturele voorstellings (met betrekking tot waardes, norme en tradisies) (House,

³ Sien House (2002) vir die bespreking van die ander drie vlakke waaronder kultuur gekarakteriseer kan word. Die ander drie word nie hier bespreek nie, omdat dit nie hier van toepassing is nie.

2002:95). Verder word die invloed op kultuur meestal uitgebeeld deur taal wat gebruik word deur lede van die gemeenskap wat in gesprek tree met ander lede van dieselfde of verskillende sosio-kulturele groepe. Taal is die belangrikste aspek wat kommunikasie moontlik maak asook vir die verspreiding of oordrag van inligting én om die kultuur van 'n sosiale groep te weerspieël (ibid). Laasgenoemde sal byvoorbeeld van toepassing wees op Cupido waar hy Kaaps gebruik wat sy Kaapse kultuur en sy verbondenheid aan hierdie kultuur uitbeeld. Taal is volgens House (2002:95) die primêre bron vir 'n persoon om kennis van die wêreld te bekom, of om kennis aan die wêreld oor te dra. Taal is egter ook 'n manier om kulturele ervaring, denke en gedrag vir sy sprekers te kategoriseer. Dit kom uiteindelik daarop neer dat taal en kultuur verbind word op 'n semantiese vlak, omdat die woordeskat van 'n taal die kultuur van die sprekers weerspieël (House, 2002:95).

House (2002:96) meen dat kulturele kennis asook kennis van verskeie subkulture onlosmaaklik deel is van vertaling, omdat spesifieke linguistiese items slegs in spesifieke sosiokulturele kontekste van toepassing is en om die laasgenoemde kennis te besit, is wat vertaling moontlik maak. Verder is kennis van kulture asook die konvensies daarvan, insluitend kommunikatiewe en diskoerskonvensies ook deel van 'n kultuur (Schäffner & Adab, 2001:171). Die vertaler moet bewus wees van die kulturele konteks van sekere linguistiese items en dit so ook dienooreenkomstig vertaal. Die term *toepassing* word hier belangrik omdat dit verwys na die verhouding wat bestaan tussen linguistiese items wat gebruik word en die kulturele konteks of situasie waarin dié items gebruik kan of moet word.

Die kwessie van die pragmatiese omgewing waarin dialoog voorkom, word later in hierdie hoofstuk bespreek. Dit is eers net belangrik om kennis te neem daarvan dat die kultuur van 'n karakter en die dialoog mekaar wedersyds beïnvloed. Dit veroorsaak verder dat die kultuur van die karakter sal bepaal watter linguistiese aspekte in die karakter se dialoog gebruik word. Cupido wat 'n bruin spreker van Kaaps is sal byvoorbeeld Kaaps gebruik omdat sy kulturele agtergrond (hy is afkomstig van die Kaapse Vlakte) moontlik sy dialoog beïnvloed.

2.2.1 Identiteit en dialoog

Soos bo genoem het taal en kultuur 'n wedersydse invloed op mekaar en karakters word deur woordeskat en so ook dialoog uitgebeeld. Kultuur maak dit moontlik dat 'n spreker 'n sekere identiteit kan aanneem, omdat die vertaling van die dialoog (wat ook kultuur uitbeeld) moontlik die identiteit van 'n karakter in die doeltteks kan beïnvloed.

Soos in hoofstuk een genoem, meen Joseph (2010:9) dat daar deurgaans verskillende taalvariëteite gebruik word wat die spreker 'n sosiale identiteit gee en so word die spreker deel van 'n sekere sosiale groep. Tajfel (in Joseph, 2010:13) maak die belangrike waarneming dat sosiale identiteit gedefinieer kan word as die deel van 'n individu se konsep van die self wat afkomstig is van sy/haar kennis van die lidmaatskap by 'n sekere sosiale groep. Dit beteken dat gedeelde oortuigings, norme en ideologieë, insluitend linguistiese en kommunikatiewe gedrag, sal voorkom. Dit kom weer eens daarop neer dat 'n Kaapssprekende sal deel vorm van die spesifieke sprekers as sosiale groep en dat hulle nie altyd nie, maar meestal, gedeelde linguistiese gedrag sal toon, byvoorbeeld om 'n Kaapse uitdrukking soos *jy het bollewange* te gebruik om na iemand wat kwaad is te verwys. Die studie fokus juis op die wyse waarop hierdie kultuur en verskillende identiteite deur middel van vertaling oorgedra word.

Joseph (2010:10) sê voorts dat mense in gesprekke waar visuele elemente afwesig is, soos telefoongesprekke, identiteite vir ander sprekers moet skep. Dit het tot gevolg dat ons informasie oor ons ras en geslag sonder die hulp van visuele elemente kan oordra. Selfs in 'n e-pos het 'n leser baie min linguistiese items nodig om hom of haar te oortuig dat die sender byvoorbeeld 'n bruin Kaapssprekende is. Ek verwys weer na Cupido wat in *7 Dae en Kobra* in gesprek tree met ander sprekers deur middel van sy dialoog. Dit is die dialoog wat aan die leser die beeld voorhou van 'n bruin man van die Kaapse Vlakte, omdat hy juis Kaaps praat.

Joseph (2010:10) verwys ook na Robin Dubar se boek *Grooming, Gossip and the Evolution of Language* (1996) waar Dubar redeneer dat taal 'n spreker toelaat om te kan sê wat sy of haar voor- of afkeure is, asook die tipe persoon wat hy/sy is. Laasgenoemde kom terug na die punt dat taal deel is van karaktervorming. Afgesien van laasgenoemde kom die kwessie van ras ook hier na vore en Joseph (2010:11) sê dat daar in die wetgewing van die *House of Laws* in 1983 bevestig is dat een vereiste is om as 'n ras beskou te word, is dat 'n algemene taal deur dieselfde groep mense gepraat word. Ras dra ook by tot die vorming van 'n karakter se identiteit, omdat sekere variëteite soms met spesifieke rasse verbind word. Cupido praat Kaaps, wat meestal met bruin sprekers geassosieer word (De Vries, 2006). Die dialoog van 'n karakter dra dus direk by tot die identiteit wat vir die karakter geskep word.

Coulthard (2004:431) sê weer dat indien 'n mens vanuit 'n teoretiese oogpunt kyk elke spreker hulle eie individuele weergawe het van die taal wat hulle praat en skryf, of eerder hulle eie variëteit. 'n Belangrike punt wat hy maak, is dat hierdie variëteit weerspieël word deur linguistiese keuses wat in tekste gemaak word. Coulthard (2004:432) sê dat sprekers selektief spesifieke woorde gebruik en dit kan as 'n linguistiese vingerafdruk gesien word. Dit kom weer

terug na die identiteit van die spreker waar die linguistiese items gebruik kan word, soos 'n handtekening, om die spreker te identifiseer. Die voorkeur van woordgebruik deur sprekers kan dus ook vir lesers as hulpmiddel dien om karakters in literêre werke te identifiseer.

Die dialoog van karakters dra dus grotendeels by tot karakteruitbeelding. Hibriditeit word verder bespreek, omdat die uitbeelding van karakters ook geskied deur hibriditeitsmerkers in hulle dialoog. Vergelyk byvoorbeeld Cupido se gebruik van *canny coloured, daai broe*.

2.3 Hibriede tekste

Hibriditeit word gedefinieer as: “[a] hybrid text is a text that results from a translation process. It shows features that somehow seem ‘out of place’/ ‘strange’/ ‘unusual’ for the receiving culture, i.e., the target culture” en “[w]e wanted to call a text a hybrid text precisely because it also displays features of the source language and culture” (Schäffner & Adab, 2001:169). Hulle sê ook dat dit belangrik is om kennis te neem dat wanneer hulle sê “strange, unusual or out of place” dat hulle eksplisiet na linguistiese aspekte verwys. Afgesien van die verskynsels wat vreemd in die doelteks voorkom, word die hibriede teks in die doelkultuur aanvaar omdat dit die doel van die teks in die kommunikatiewe situasie vervul (Schäffner & Adab, 2001:169). Volgens Schäffner en Adab (2000:15) word hibriede tekste gekenmerk deur sinsbou, styl en woordeskat wat teenstrydig is met die doeltaalkonvensies. Hibriditeit staan ook teenoor die norme van die doeltaal en -kultuur (ibid.). Schäffner en Adab (2000:15; 2001:168) meen dat hibriede tekste uit die interkulturele kommunikasie ontstaan wat tussen verskillende tale en kulture tydens die vertaalproses voorkom. Dit is belangrik om vas te stel wat die term kultuur alles insluit voor dit by die verskynsel van hibriditeit kan aansluit. Volgens Schäffner & Adab (2001:171) word kultuur gedefinieer as “an organisation of things, people, behaviour, or emotions”. Sien House (2002) se definisie van kultuur in afdeling 2.2 hier bo wat by die een van Schäffner en Adab (2001) aansluit, omdat dit die menslike aspek van kultuur insluit, soos denke en emosies. Schäffner en Adab (2001:291) maak dit ook duidelik dat wanneer hulle aan kultuur dink, hulle na 'n bestaande gemeenskap sprekers, óf op die vlak van 'n staat, óf op die vlak van 'n spesifieke diskoersgemeenskap (of kultuur)⁴ (byvoorbeeld die diskoersgemeenskap van 'n Kaapssprekende) verwys. Nietemin is dit belangrik om te onthou dat kultuur 'n dinamiese konsep is en dat ons nie net kan aanvaar dat dit duidelik begrens word nie.

⁴ Schäffner en Adab (2001:291) sê dat diskoersgemeenskap selfs met die term *kultuur* vervang kan word en dat vele akademici eerder verkies om *kultuur* te gebruik.

Hibriditeit sluit egter nie net kultuur in nie, maar ook woorde of konsepte en genres. Dit beteken dat laasgenoemde almal 'n onderlinge verband het. Bond (in Schäffner & Adab, 2001:288) fokus op konsepte, maar maak dit heel duidelik dat konteks 'n baie belangrike rol speel. Hy meen dat konsepte verwant moet wees aan die kultuur waarin hibriditeit ontstaan het en dat dit geïntegreer moet word met die werklike sosiale perspektief waarin dit voorkom. Vergelyk die Kaapse uitdrukking *gy is 'n sielkanker*. Laasgenoemde konsep dat iemand 'n sielkanker is, moet binne die Kaapse kultuur en konteks verstaan word. Indien die Kaapse kultuur en konteks buite rekening gelaat word, sal die leser nie die konsep van iemand wat 'n sielkanker is, verstaan nie. Die rede vir laasgenoemde is omdat “sielkanker” in Kaaps 'n simboliese betekenis het wat nie-Kaapssprekendes moontlik nie sal verstaan nie. Soos in afdeling 2.2 by die bespreking van kultuur en vertaling reeds genoem, is dit belangrik om die pragmatiese konteks waarin woorde of konsepte voorkom, in ag te neem, omdat dit die vertaling van hierdie konsepte of woorde kan beïnvloed. Dit is dus heel duidelik dat dit deurgaans 'n raakpunt is en daarom is daar later in hierdie hoofstuk 'n afdeling oor vertaling en pragmatiese ekwivalensie.

Genres maak ook 'n deel uit van die bespreking van hibriditeit, en in hierdie geval stem ek saam met Gommlich en Erdim (2001) wat sê dat die konsep van die hibriede teks in literêre vertaling uiters belangrik is wanneer 'n minder bekende kultuur aan 'n dominante kultuur bekend gestel word. Hierdie siening vereis dat vreemde en ongewone uitlatings, konsepte, woorde en sinne tydens vertaling gebruik word en dat dit juis hierdie vreemdhede is wat literêre tekste kenmerk. Verder is daar twee stellings wat vas staan in die konteks van hibriede tekste – die eerste is dat die bronteks gevestig is in sy eie bronkultuur met die bronkultuur wat minder bekend is in die doelkultuur. Die gevolg is dat die doelteksleser dele van die teks as vreemd sal ervaar, met ander woorde die doelteks sal as 'n hibriede teks ervaar word. Tweedens, toon die bronteks self tekens van hibriditeit, omdat dit 'n hibriede bronkultuur weerspieël (ibid). Laasgenoemde twee standpunte is presies op hierdie studie van toepassing.

Hierteenoor meen (Schäffner & Adab, 2000:169) dat hibriede tekste 'n “nuwe” taal is wat in 'n “third space” tydens die vertaalproses ontstaan (sien verder Schäffner & Adab, 2000). Schäffner en Adab (2001:277) hersien egter hierdie standpunt later en meen dat hibriede tekste nie slegs deur 'n vertaalproses ontstaan nie, maar dat hibriede tekste ook as oorspronklike tekste geproduseer kan word, wat in 'n spesifieke kulturele omgewing voorkom. Pym (1993:279) meen dat 'n hibriede bronteks hibried is omdat dit 'n vermenging van tale en diskoerse bevat. Laasgenoemde standpunt is wat ek in hierdie studie wil gebruik om vas te stel of die hibriditeit uit die bronteks in die doelteks oorgedra word. *7 Dae* en *Kobra* is reeds hibriede tekste wat

reeds as hibriede tekste in die bronkultuur gevestig is. Hierdie hibriditeit is as gevolg van verskillende kulture wat in een bronteks uitgebeeld word (Pym, 1993:277). Die vreemde elemente soos Kaapse woorde wat in die doelteks oorgedra word, veroorsaak dat die hibriditeit ook oorgedra word.

Skrywers wat tydens die skryfproses tussen kulture beweeg, het bewys dat hierdie beweging veroorsaak dat die wêreld en lewe ervaar word as 'n voortdurende beweging tussen plaaslike en sosiale verskille (Schäffner & Adab, 2001:168). In hierdie geval sal dit die hibriede brontekste van *7 Dae* en *Kobra* wees wat verskillende Suid-Afrikaanse kulture deur middel van verskillende taalvariëteite (Kaaps en kodewisseling) uitbeeld, naamlik dié van wit en bruin Afrikaanssprekendes.

Bond (in Schäffner & Adab, 2001:284) meen een van die funksies van hibriede tekste is om vreemde elemente van die bronteks in die doelteks oor te dra vir verheldering. Met verheldering bedoel hy dat die doelteksleser die moeite sal doen om uit te vind wat die vreemde elemente beteken, juis omdat dit vreemd is. Verheldering word op dié manier verbind aan die doelteksleser se behoefte om vreemde elemente te kontekstualiseer. Die funksie van verheldering is dat die oordrag van enige hibriede brontekselement in die doelteks 'n hibriede teks tot gevolg het. Schäffner en Adab (2001:284) stem egter nie hiermee saam nie en sê dat indien 'n sekere vertaalstrategie, soos vervreemding, in 'n doelteks voorkom dit nie die teks as 'n hibriede teks kan merk nie. Ek stem egter nie hiermee saam nie, want volgens my word die hibriditeit van die bronteks juis in die doelteks oorgedra wanneer die vreemde elemente van die bronteks onveranderd in die doelteks voorkom. Vreemde woorde wat in die doelteks voorkom, of daar 'n woordelys is of nie, veroorsaak hibriditeit in die doelteks. Gommlich en Erdim (2001:238) meen dat die oordrag van kulturele items van die kleiner kultuur in die doeltekskultuur ook die doelteksleser kan opvoed m.b.t. die brontekskultuur, wat volgens my nog 'n positiewe gevolg van hibriditeit is. Laasgenoemde is ook van toepassing op hierdie studie, omdat vreemde elemente, soos Kaaps, wat onveranderd in die doelteks oorgedra word moontlik tot verheldering kan lei indien die doelteksleser die behoefte vir kontekstualisering het. Verder word die doelteksleser ook op hierdie manier opgevoed ten opsigte van die Kaapse kultuur.

Hibriditeit beïnvloed sinne, paragrawe of tekste. Die oorsaak van hierdie hibriditeit is afkomstig van individuele oortuigings, byvoorbeeld die outeur se persoonlike oortuigings wat in die bronteks uitgebeeld word, historiese motiverings, soos politieke ideologieë wat in brontekste uitgebeeld word asook sosiale motiverings, soos verskillende kultuurgroepe met verskillende

variëteite wat in die bronteks aan bod kom (Neubert, 2001:181). Verder argumenteer Robinson (1995:170) dat die oordrag van hibriditeit in die doelteks beïnvloed word deur die profiel van die vertaler, hoe duidelik die definisie van die behoeftes van die doelteksleser uiteengesit word en laastens die sosio-ekonomiese en linguistiese faktore wat vir die vertaler in die doelkultuur beskikbaar is. Hy glo ook dat ervare vertalers vertaalkeuses maak op grond van outomatiese reaksies wat voorkom as gevolg van herhaling van sekere vertaalkeuses. Die hibriede teks is dus vir Robinson (1995:170) ’n resultaat van ’n onbewuste reaksie eerder as ’n doelbewuste vertaalkeuse wat gemaak word. Ek stem nie hiermee saam nie: die tekste in hierdie studie beeld die kultuur van die kontemporêre Suid-Afrika uit en dit skets ook die historiese en sosiale omgewing van Suid-Afrika vandag. Hermans (in Schöffner & Adab, 2001:170) se siening dat vertaling altyd hibried en veelvoudig is (wat beteken dat die vertaalproses altyd hibriditeit tot gevolg het), sal in hierdie studie ondersoek word. Vergelyk ook Schöffner en Adab (2001:171) wat meen: “[w]hat we have in mind in the case of the hybrid text is that the text as product [...] shows features which have been imported [...] by means of translation (i.e., by a deliberate decision by the translator, for whatever reason) from the source language and culture.”

Gommlich en Erdim (2001:337) meen dat indien die vertaler ’n minder bekende bronkultuur wil bekend stel deur middel van ’n bekende doeltaal dit onmoontlik is om hibriditeit te vermy, omdat die taalvariëteit van die bronkultuur in die doelteks sal voorkom en sal bydra tot die hibriditeit van die doelteks indien dit nie wegvertaal word nie. In hierdie geval is die minder bekende bronkultuur die Suid-Afrikaanse wit en bruin Afrikaanse kultuur wat deur die internasionale doeltaal, Engels, bekend gestel word in die doelteks óf aan die internasionale leser of aan die Suid-Afrikaanse Engelssprekende.

Volgens Zauberga (in Schöffner & Adab, 2001:278) kan hibriditeit nie ’n duidelike en eenvoudige gedefinieerde konsep wees nie en daar kom grade van hibriditeit voor. Gommlich en Erdim (2001:237) meen dat hibriede tekste die resultaat is van ’n balans tussen domestikering en vervreemding wat ’n teks produseer “that is aesthetically appealing without having to be fluent and transparent at all times”.

Hibriditeit sluit by domestikering en vervreemding aan, omdat ’n hibriede teks ’n element van vervreemding sal bevat en vreemd vir die doelteksleser en kultuur sal wees, byvoorbeeld die variëteit van die brontaal wat onveranderd in die doelteks oorgedra word (Schöffner & Adab, 2000:15). Gommlich en Erdim (2001:239) meen dat Venuti ten gunste is daarvan dat die vertaler se werk sigbaar is en dat die bronteks se uniekheid waardeer moet word asook die sosiale konteks waaruit die teks afkomstig is. Verder sê hulle dat ’n vervreemdende teks nie

maklik is om te lees nie, omdat dit soms onderbrekings in die lees van die teks kan veroorsaak, maar die vertaler moet daarvoor sorg dat die doeltekslesers aanhou lees. Robinson (1995:171) meen dat vervreemding in sommige gevalle kan werk, maar in ander gevalle weer glad nie. Hy vergelyk vervreemding met 'n spookledemaat om die gevoel van 'n vreemde woord of frase te beskryf, omdat dit tog op 'n manier reg voel dat die vreemde woord of frase in die teks voorkom. Volgens Schäffner en Adab (2001:173) is 'n hibriede teks by uitstek die resultaat van vertaling in die gevalle waar die vertaler as kulturele tussenganger optree deur die brontekselemente in die doelteks te behou. Hierteenoor sal 'n niehibriede teks meer elemente van domestikering bevat en nie vir die doelteksleser vreemd voorkom nie, byvoorbeeld niestandaardelemente in dialoog sal wegvertaal word deur die gebruik van gestandaardiseerde doeltaalelemente. Schäffner en Adab (2001:173) verduidelik laasgenoemde strategie as “the translator can opt for producing a text which conforms to the convention of the target text (in this case, however, the result may not be a hybrid text)”.

Schäffner en Adab (2001:301) maak 'n belangrike stelling waarmee ek die teoretiese begroning ten opsigte van hibriditeit wil afsluit:

“Hybrid texts do exist, they are a feature of contemporary intercultural communication. They come into existence either as original texts or as products of translation. [...] As such, they are a point of departure for describing specific features of a text. What is clear, however, is that the concept of hybridity in texts can be studied from a variety of perspectives, not only for their usefulness as a tool for analysis of translated texts but also in the context of developing a greater understanding of intercultural communication and the way in which perceptions of one culture are formed and perpetuated in another culture.”

Soos voorheen reeds genoem word die hibriditeit in die betrokke brontekste deur middel van verskillende tale, variëteite, vloekwoorde en kodewisseling uitgebeeld. Dit is dus die vertaling van laasgenoemde elemente wat sal bepaal of die hibriditeit in die doelteks oorgedra word.

Vóór die teoretiese begroning vir die analises bespreek word, is dit nodig om te bepaal wat die dialoog van die twee karakters behels. Dit is belangrik om te weet hoe die dialoog van die karakters lyk, vóór dit ondersoek word. Vervolgens word niestandaardtaal (Kaaps), informele standaardtaal (vloekwoorde), vloekwoorde en kodewisseling bespreek. Daarna word die teoretiese begroning vir die analises van die dialoog uiteengesit.

Soos voorheen reeds genoem word die hibriditeit in die betrokke brontekste deur middel van verskillende taalvariëteite, vloekwoorde en kodewisseling uitgebeeld en hierdie drie hibriditeitsmerkers word vervolgens bespreek.

2.4 Variëteite van Afrikaans

Die variëteite wat in spraakgemeenskappe voorkom kan volgens O'Grady, Dobrovolsky en Katamba (1996:540) in vier tipes verdeel word, naamlik geolekte, sosiolekte, registers en standaardtale. Hierdie variëteite word vlugtig bespreek, maar die fokus word geplaas op Kaaps as variëteit van Afrikaans onder die afdeling Niestandaardtaal.

Die historiese verdeling van die variëteite van Afrikaans kom volgens Van Rensburg (1983:438) in twee hoofgroepe voor, naamlik die taalgroepe wat van buite Suid-Afrika hierheen gebring is en die taalgroepe wat in Suid-Afrika ontstaan het deur sprekers wat Nederlands of Afrikaans wou aanleer. Die belangrikste vroeë variëteite wat in die 18de eeu in Suid-Afrika ontstaan het, is Oosgrensafrikaans, Suidwestelike Afrikaans of Kaaps en Oranjerivierafrikaans. Volgens Du Plessis (in Van Rensburg, 1983:438-439) is hierdie onderskeiding reeds vroeg in die 20e eeu gemaak. Dit is belangrik om kennis te neem dat alhoewel die oosgrens van die 19de eeu nie meer bestaan nie, hierdie indeling nog geregverdig word omdat die taalvorme wat geografies geïdentifiseer is, steeds wydverspreid oor Suid-Afrika voorkom.

Van Rensburg (1997:31) meen dat Oosgrensafrikaans deur die veeboere gepraat is en ontstaan het uit die taal wat deur die Vryburgers gepraat is. Oosgrensafrikaans toon invloed vanuit Kaaps en Oranjerivierafrikaans, omdat die sprekers voortdurend in kontak met mekaar was (Davids, 1994:115). Die eerste boere het hierdie Afrikaans gepraat, maar dit was nie die taal wat die hoër amptenare gepraat het nie – dit was eerder 'n ontwikkeling van die Nederlands wat deur die arm Nederlanders gepraat is (Van Rensburg, 1997:31). Botha (1989:146) meen dat Standaardafrikaans op Oosgrensafrikaans geskoei is, maar dat dit nie heeltemal ooreenstem met hierdie variëteit nie. Standaardafrikaans is die variëteit wat die meeste in geskrewe vorm voorkom en word gebruik as die taal van onderwys, godsdiens en die gereg.

Van Rensburg (1997:23) definieer Oranjerivierafrikaans as die aanleerdertaal van die Khoi. Die Khoi en die Nederlanders het met die aankoms van die Nederlanders in 1652 in aanraking met mekaar gekom. Die Khoi se poging om met die Nederlanders en ander inwoners van die Kaap te kommunikeer, het daartoe gelei dat hulle 'n tipe Aanleerderafrikaans begin praat het. Dit het veroorsaak dat hulle hulle moedertaal afleer. Gedurende die 19de en 20ste eeu is Oranjerivierafrikaans versprei na die Noord-Kaap, Noordwes, Gauteng (sentraal), Kokstad,

Namibië en Zimbabwe (Van Rensburg, 1997:26). Oranjerivierafrikaans maak ook deel uit van ander tale, soos die myntaal Fanagalô asook Tsotsitaal. In 1925 het Standaardafrikaans talle veranderinge ondergaan, maar as gevolg van die Khoi wat die Kaap verlaat het, het Oranjerivierafrikaans nie hierdie veranderinge ondergaan nie (Van Rensburg, 1997:31). Hierdie variëteit word dus eerder as spreektaal beskou.

2.4.1 Niestandaardtaal

Soos reeds hier bo genoem word fokus geplaas op Kaaps as variëteit van Afrikaans onder die afdeling Niestandaardtaal. Hier bo is 'n vlugtige oorsig oor die ander twee vroeë variëteite, Oosgrensafrikaans en Oranjerivierafrikaans reeds gegee. Die derde variëteit, Kaaps, word verder en in meer detail hier onder bespreek.

2.4.1.1 Kaaps

Kaaps word volgens Hendricks (2012a:97) bestempel as een van die “oudste omgangsvariëteite van Afrikaans.” Le Cordeur (2013) sê dat dit nie “swak Afrikaans” is nie, maar eerder 'n ander variëteit van Afrikaans. De Vries (2013) meen dat Afrikaans 'n “ryk geskakeerde taal” is waarin verskillende variëteite voorkom, waaronder Standaardafrikaans en Kaaps. Soos vroeër in hoofstuk 1 afdeling 1.3.1 genoem, klassifiseer Ponelis (2009) Kaaps as demotiese taal wat teenoor die standaardvorm van Afrikaans staan. Hy sê dat Kaaps nie met Afrikaanse omgangstaal of informele Afrikaans verwar moet word nie, aangesien die omgangstaal nie demoties is nie. Dit beteken dat Kaaps as 'n afsonderlike variëteit geklassifiseer word en nie ook Afrikaanse omgangstaal genoem kan word nie. Die twee moet dus nie verwar word nie.

Een van die kwessies van Kaaps as taal is wie hierdie taal mag gebruik, omdat Kaaps gewoonlik geassosieer word met die bruin mense van die Kaapse Vlakte. Volgens Hendricks (in De Vries, 2013) kan enigeen, ook skrywers, dit gebruik, maar dit sou raadsaam wees indien 'n skrywer hom of haar “bedien met die variëteit wat hy of sy oortuigend kan beheers”. Die kwessie van kleur en Kaaps asook Kaaps as geskrewe vorm word later in hierdie afdeling bespreek.

Vanaf die begin van die agtiende eeu, was daar drie groepe sprekers afgesien van die Nederlanders aan die Kaap (Van Rensburg, 1997:7). Hierdie drie groepe was die slawe en die Khoisprekers, wat Afrikaans as aanleerdertaal gepraat het, en die vryburgers, wat “Nederlandsagtige” Afrikaans gepraat het. Die drie soorte Afrikaans wat hieruit ontstaan het, is Kaaps, Oranjerivierafrikaans en Oosgrensafrikaans (Van Rensburg, 1997:7).

Aan die einde van die agtiende eeu het die slawegemeenskap die grootste groep mense aan die Kaap uitgemaak en hulle was afkomstig uit Angola, Guinee, Indië, Madagaskar, Mauritius, Mosambiek, Sri Lanka en ander eilande. (Van Rensburg, 1983:450). Daar was uiteindelik 'n groot aantal tale wat in die Kaap gepraat is, maar hulle moes noodwendig Nederlands aanleer, omdat die meeste van hulle in Nederlandssprekende huishoudings gewerk het (Van Rensburg, 1997:12). Volgens Van Rensburg (1997:11-12) wou die slawe Nederlands aanleer, maar die taal wat hulle begin praat het, was 'n nuwe taal wat in Suid-Afrika ontstaan het. Hierdie taal was 'n soort AanleerderNederlands en dit was die begin van Kaaps.

Volgens Hendricks (2012a:97) het Kaaps ontstaan as gevolg van die sewentiende-eeuse verafrikaansing van Nederlands deur onder andere die Maleise slawe asook die impak van Engelse invloed ná 1806. Kaaps het dus ontstaan as gevolg van twee koloniale bewindstydperke wat op mekaar gevolg het – dit is die Nederlandse periode tot die einde van die 18de eeu en die Engelse bewindstydperk vanaf die begin van die 19de eeu.

Kaaps is later oral deur die slawe gepraat en is ook aangeneem as godsdiensttaal en skooltaal. Baie van die slawe het die Moesliemgeloof aangeneem en hierdie geloof het ook 'n belangrike rol in Kaaps gespeel (Van Rensburg, 1997:12). Dit is belangrik om te merk dat Kaaps nie net spreektaal is nie, maar dat dit ook 'n skryftradisie het. Volgens Hendricks (2012a:97) is Kaaps primêr 'n spreektaalvariëteit, maar dit is mettertyd ook op skrif gestel. Die slawe was deel van die Islamse skryftradisies – wat beteken dat hulle as oefening self dele uit die skrifte moes neerskryf. Hierdie skryfoefeninge is gedoen in die Kaaps wat hulle gepraat het, maar die Arabiese alfabet is gebruik (Le Cordeur, 2010). Op hierdie manier is Kaaps in van die vroegste tydperke van hierdie variëteit opgeteken (Van Rensburg, 1997:12-13). Die oefeningboeke, wat “koplesboeke” genoem is, gee vandag nog 'n waardevolle aanduiding van hoe die vroeë Kaaps gelyk het (Van Rensburg, 1997:14). Baie van die godsdienstige boeke is tot in die 20ste eeu nog in Arabies geskryf (Van Rensburg, 1997:15) Verskeie Arabiese woorde is deur die Moesliemgeloof in Kaaps opgeneem, byvoorbeeld *kanalla* (asseblief), *ami* (oom), *boeja* (vader), ens. In Kaaps is *nôi*, *nooi* en *nonna* gebruik as aanspreekvorme vir 'n huisvrou (Van Rensburg, 1997:15). Dit is dus heel duidelik dat die beoefening van die Moesliemgeloof deur die slawe 'n groot invloed gehad het op die ontwikkeling van Kaaps. Soos Van Rensburg (1997:15) meen, “[d]ie belangrikste mylpale in die geskiedenis van 'n taal word deur die onderrig in daardie taal bereik”.

Volgens Hendricks (2012a:97) kan Kaaps bestempel word as 'n subvariëteit van Suidwestelike Afrikaans – dit is dus 'n geolektiese variëteit. Kaaps is hoofsaaklik beperk tot die Kaapse

Skiereiland en word histories verbind met die Bo-Kaap en Distrik Ses. Volgens Le Cordeur (2010, 2013) kan dit nog in die Wes-Kaap en veral Bo-Kaap gehoor word asook langs die Weskus tot by die Sandveld en langs die Suidkus tot by die Overberg en die Klein-Karoo. Kaapse Mosliems het vir langer as 'n eeu in hierdie twee Kaapse gebiede gewoon, waar hulle in kontak was met verskillende mense uit verskillende agtergronde – hier het Kaaps die karakter aangeneem waaraan dit vandag geëien word. Kaaps het vanaf verskeie gebiede, as gevolg van die Groepsgebiedewet in die 1960's, na die Kaapse Vlakte uitgebrei (Hendricks, 2012a:97).

Kleur is ook een van die raakpunte van Kaaps. Volgens Van Rensburg (1983:449) is daar in die verlede na hierdie groep sprekers as Kleurlinge verwys – waarmee baie van hulle ontevrede was. Klopper (in Van Rensburg, 1983:452) onderskei tussen drie groepe sprekers van Kaaps, naamlik Maleiers, bruin en wit mense – dit is belangrik om hier te let op die feit dat wit mense volgens Klopper ook 'n groep uitmaak van hierdie sprekers. Meer onlangse menings verskil egter hiervan en sê dat Kaaps die taal is wat die bruin mense in die Wes-Kaap praat (De Vries, 2006). Sy noem hulle die bruin Kapenaars.

Volgens Hendricks (2012a:97) is Kaaps eerder sosiolekties. Dit het verskeie sprekers uit die werkersklas, waaronder Kaapse Mosliems, maar ook bruin en wit sprekers. Hy meen “[i]n terme van sy dominante sprekerskorps sou dit as 'n Afrikaanse kleurvariëteit bestempel kon word” en dat die spreekgemeenskap van Kaaps tog uit bruin mense bestaan. Myns insiens is Kaaps sowel geolek as sosiolek, omdat die identiteit van die spreker tog belangrik is wanneer daar na die dialoog van karakters gekyk word. 'n Variëteit wat in 'n spreker se dialoog voorkom, skep vir die leser 'n prentjie van die karakter, of dit nou 'n bruin, wit of swart spreker is. Kaaps dui dus nie net vir ons die ras van die spreker aan nie, maar ook die gebied waarvan die spreker afkomstig is. Dit is belangrik om te noem dat Kaaps nie net 'n beeld van die karakter skep nie, maar ook informele gespreksituasies uitbeeld. Kaaps sal gewoonlik gebruik word wanneer sprekers op dieselfde sosiale vlak is en gemaklik met mekaar kan kommunikeer.

Kotzé (2001:106-107) onderskei twee gekodifiseerde registers van Kaaps wat kultureel asook stilisties verskil. Hierdie twee registers is Formele Maleier-Afrikaans en die Literêre Kaapse Vernakulêr. Formele Maleier-Afrikaans verwys na die geskrewe vorm van Kaaps. Dit is gebaseer op Standaardafrikaans en besit nie net Arabiese en Maleise leksikale items nie, maar ook niegestandaardiseerde Afrikaanse leksikale items (Kotzé, 2001:106). Volgens Kotzé (2001:107) is dit gebaseer op die sintaksis van Standaardafrikaans en bevat ook 'n groot aantal

Arabiese en Maleise woorde. Voorbeelde van hierdie woorde is *kanalla* (asseblief), *maalf* (jammer), *galiefa* (juffrou), *madrassa* (Mosliemskool)⁵.

Die Literêre Kaapse Vernakulêr probeer om informele diskoers ten toon te stel deur die ortografie by Kaapse uitspraak aan te pas. Die ortografie asook die semantiese, sintaktiese en leksikale merkers wat die skrywers gebruik probeer om die Kaapse uitspraak uit te beeld (Kotzé, 2001:106). Adam Small, S.V. Petersen, Marius Titus en André Boezak se gebruik van Kaaps in hulle literêre werke is, byvoorbeeld 'n manifestasie van die Literêre Kaapse Vernakulêr. Ponelis (2009) sluit hier aan en meen dat Adam Small hierdie tendens van Kaaps in die literatuur begin het en later is dit uitgebrei deur onder andere Peter Snyders en Loit Sôls en meer onlangs deur Nathan Trantraal en Anastasia de Vries. Vandag is dit ook die variëteit wat deur die koerant *Son* gebruik word (Blignaut, 2014:11).

De Vries (2013) sê dat skrywers se kreatiwiteit met Kaaps dit duidelik maak dat Kaaps as variëteit van Afrikaans 'n heterogene taal is, omdat dit op verskillende maniere gepraat en geskryf kan word. Die invloed van Engels is onmiskenbaar, omdat Kaaps met Engelse woorde en frases deurdrenk is.

Sien byvoorbeeld die volgende Kaapse dialoog: “Innie press-conference wat gafollow het, het hy ga-apologise en sincere regrets ga-express” (Small, 2011:187). Ponelis (2009) sê oor hierdie Engelse invloed op Kaaps dat 'n taal soos Kaaps wat so ingrypend deur Engels beïnvloed word, nie afsonderlik van Engels sal kan bestaan nie. In sy woorde: “Met reg kan geredeneer word dat daar naas Engels in sy suiwer vorm geen bestaansreg sou wees vir 'n Afrikaans wat in sy geheel soos demotiese Afrikaans daar uitsien nie.”

Willemse (2012:5) kritiseer die gebruik van Kaaps in letterkunde en sê dat dit verskeie stereotipes daarstel. Hy verwys na die oogdialekstrategie en sê dat dit in die letterkunde gebruik word sodat die spelling nie foneties dieselfde is nie, maar eerder 'n “idiosinkratiese skepping” om die klem op die afwykende taalgebruik te plaas. Hy sê verder dat die teenstelling met Standaardtaal die idee van minderwaardigheid bevorder. Willemse (2012:1) sê ook dat om Afrikaans se waarde te bevorder is dit nie altyd nodig vir die informaliteit van die poësie nie. Myns insiens is dit nie noodwendig 'n stereotipe wat bevorder word nie, maar eerder 'n kultuur wat uitgebeeld word, en hoe anders kan dit bewerkstellig word as om klem op die afwykende taalgebruik te plaas?

⁵ Sien Kotzé (2001) vir nog voorbeelde.

2.4.1.1.1 Linguistiese variasies van Kaaps

Verskeie studies oor die linguistiese verskynsels van Kaaps is al uitgevoer. Die linguïste van wie voorbeelde verkry is, is Van Rensburg (1983, 1997), Hendricks (1996, 2012a, 2012b), Saal en Blignaut (2011), Kleinhans (1988), Coetzee (2005), Klopper (1983) en Blignaut (2014). Hier volg 'n kort bespreking van die fonologiese, leksikale, sintaktiese en morfologiese verskynsels van Kaaps.

(i) Fonologiese variasies

Onder die fonologiese variasies van Kaaps kom die volgende voor: vokaalverhoging ([e] > [i] en [o] > [u]), vokaalverlaging ([ə] > [a]), affrikatisering ([j] > [dʒ]), weglating van die postvokale [r] (bv. ha x haar), ontronding, palatalisasie [h̥] > [j], palatalisasie by die verkleiningsuitgang (Hendricks, 1996, 2012a, 2012b). Hier onder volg 'n paar voorbeelde van die fonologiese variasies van Kaaps.

Vokaalverhoging

[e] > [i]: twie (x twee), faxit (x vergeet), skri (x skree).

[o] > [u]: su (x so), uk [x ook], lup [x loop].

[ee] > [ie]: vit (x weet)

Vokaalverlaging

[ə] > [a] by die ig-morfeem: ses-en-twintag (x ses-en-twintig), xaloeakx (x gelukkig).

[ə] > [a] by die ge- morfeem: xasɛ: (x gesê), xakɔm (x gekom)

Affrikatisering

[j] > [dʒ] in sillabe-beginposisie: dʒəi (x jy), dʒələ (x julle), dʒou (x jou).

Weglating van die postvokale [r]

broe (x broer), ha (x haar), vɛ:k (x werk), kɛ:k (x kerk).

Ontronding

h̥ɪs (x huis), əitstik (x uitsteek)

Palatalisasie by die verkleiningsuitgang

karənʃɪs (x karretjies), sunʃɪs (x soentjies)

Volgens Saal en Blignaut (2011:350) is daar fonologiese verskynsels wat nie eiesoortig is aan Kaaps nie, maar wat wel 'n hoë gebruiksfrekwensie onder sprekers van Kaaps het. Hierdie verskynsels sluit die volgende in: vokaalverkorting, vokaalreduksie, assimilasië en palatalisasië.

Vokaalverkorting

[a:] > [a]: slat (x slaan), xat (x gaan), an (x aan).

Vokaalreduksie

[ɛ] > [ə]: ik (x ek), samət (x saam met), kanət (x kan net).

Assimilasië

Die assimilasië van die funksiewoorde *die* en *nie* kom gereeld voor: pra:ti (x praat nie), ɔpi (x oppie).

Palatalisasië

[ɦ] > [j]: jarra, jirre (x here)

Assibilasië

[d] > [r]: dera (x daddy), bæiri (x bydie), nouri (x nou die).

Klanktoevoëing

pampirə (x papiere), lakənt (x laken)

(ii) Leksikale variasies

Een van die hoofkenmerke van Kaaps is dat dit Afrikaanse en Engelse woorde bevat wat deurentyd vermeng word.

Die Engelse woorde wat in Kaaps voorkom kan volgens Hendricks (2012a:103) direkte ontlenings wees, byvoorbeeld *cause jy weet wie sanction professional hits*. Verder kan die Engelse woorde leksikale items wees wat klankmatig verafrikaans word, byvoorbeeld *de lô* < the law in *Djy mut pasop vi die lô*; *kompliet* x complete in *Sy is 'n kompliet fool* en *kôs why* > cause why in *Ek gat dorp toe cause why ek moet kos kup*. De Vries (2006) sluit aan en sê dat Kaaps “gerieflik terugval” op Engels, al word die Engelse klanke verafrikaans, byvoorbeeld *bêd* (bad), *gwaan* (go on) en *aldou* (although).

Hendricks (2012a:103) en Kleinhans (1988) meen dat Islamitiese leksikale items ook by Kaaps ingevleg word, byvoorbeeld *oemi* (moeder of ouma), *madrasah* (godsdiensstige skool), *sjukran*

(dankie), *boeja* (vader), *kanalla* (asseblief), ens. Kaaps bevat selfs woorde wat afkomstig is uit flaaitaal, soos *mahala* (verniet), *gwarra* (spot), *bra* (vriend) (Hendricks, 2012a:103).

Verder dui Saal en Blignaut (2011: 352-353) en Hendricks (2012b: 8) aan dat daar 'n hele aantal leksikale items in Kaaps is wat 'n hoë gebruiksfrekwensie het, naamlik *A-we*, *A-hoi*, *naghaan*, *skangaak* (hallo), *minute* (nee man, wag: Minute vir djou), *nai/nei man* (dit dien as ontkennde vorm, maar ook as 'n stopwoord of uitroep, byvoorbeeld *Nei, gat lekke man*). Verder kry 'n mens *my broe* wat gebruik word as aanspreekvorm vir beide seuns of meisies, byvoorbeeld *My dêrra is 'n ag, my broe*. Nog uitdrukings is *entjies* (sigarette), *because why* (want), *likes* (hou van) en *djy's versin* (jy's laf of verspot).

Kaaps word verder gekenmerk deur bestaande woorde waaraan 'n nuwe betekenis toegeken word (Saal & Blignaut, 2011:353). Voorbeelde hiervan is, *yster*, *kwaai*, *gevaarlik*, *duidelik* (wanneer iets of iemand goed of "cool" is), *koppel* (om te vry), *spat*, *maats* (verafrikaansing van die Engelse *march*) (loop), *lyn* (plan of saak), *roep* (noem), *ytstiek* (opdaag), *getyg* (praat). Nog uitdrukings is *kap 'n beat* (maak musiek), *dala die nomme* (praat), *toekoms in hulle tanne* (goud in hulle tande), *hy's oppie down-low/D-O* (homoseksueel), *haai's lyn* (dis 'n plan), *geroeste kind/dakskroef/daai kind is swak/smetterige kind* (lelike meisie), *bloubendelid* (polisieman), *professional professional* (iemand wat alles kan doen), *hy maki spyt* (laat nie op hom wag nie).

Saal en Blignaut (2011:353) verwys ook na die invloed wat bendetaal op Kaaps het. Voorbeelde sluit in *pakamisa* (optel, weggaan, uitgaan, klaar maak), *nommers* (verwysing na die bendegroepe ses-en-twintig, sewe-en-twintig en ag-en-twintig) en *ag* (lidmaatskap van 'n tronkbende). Nog uitdrukings wat kenmerkend is van Kaaps is *Moenie soe gaseg vekoepi* (Moenie gunsies soek nie), *Djys 'n skets sône byskrifte* (Jy's 'n nikswerd), *Djy wêk op my kerrie* (Jy irriteer my)⁶

'n Verdere belangrike kenmerk van Kaaps is dat daar voortdurend nuwe woorde geskep word. Saal en Blignaut (2011:353) verwys na 'n nuutskepping soos *dite* (om te eet). Blignaut (2014:54) meen dat dit egter belangrik is om te onthou dat nuutskeppings nie altyd behoue bly nie en mettertyd kan verdwyn of minder gebruik word. Sien afdeling 2.4.1.1.1 nommer (v) hier onder vir Kaapse eie-skeppings wat hierby aansluit.

⁶ Sien Le Cordeur (2013) vir nog voorbeelde.

(iii) Sintaktiese variasies

Die volgende sintaktiese variasies kom volgens Hendricks (2012a:106-107) en Saal en Blignaut (2011:351-352) in Kaaps voor.

Hendricks (2012a:106) meen dat die onderwerp van 'n sin in die voornaamwoordelike vorm hervat word, byvoorbeeld *Piet hy eet sy kos*. Verder word die besittlike voornaamwoord in plaas van *se* gebruik, byvoorbeeld *Pa sy stem*.

Klopper (in Saal & Blignaut, 2011:351) sê dat dit kenmerkend van Kaaps is dat bysinne en hoofsinne met 'n medewerkwoord op die Engelse SVO-woordordepatroon gebaseer word. Voorbeelde hiervan is, *Hulle het gesteel my sak, Giste sy vitel vi my, As djy nie djo hyswek doenie, djy kry pak*. Volgens Blignaut (2014:55) kom daar heelwat variasies van die verledetydsvorm ten opsigte van werkwoordkonstruksies voor, byvoorbeeld *het gevergeet* en *het geonthou*.

Volgens Carstens (in Saal & Blignaut, 2011:351) het die gebruik van *vir* as persoonsobjekmerker wat uit Kaaps afkomstig is al so deel geword van Standaardafrikaans dat dit al aanvaarbaar is, byvoorbeeld *Hy gooi vi djou 'n sign, Djy sê vi hom, Toe slat hulle vi my*.

Verder kom die redundante gebruik van die bepaalde lidwoord voor plek- en straatname voor (Hendricks, 1996:9). Voorbeelde hiervan sluit in, *Innie Kaap, Vannie Kaap*. Die herhaling van setsels kom ook hier voor, byvoorbeeld *Toe het hy innie Kaap in gat bly, Hy klim yt die kar yt*. Die redundante gebruik van die bepaalde lidwoord voor substantiewe, byvoorbeeld *Hy't die tiebie gehad*. Die herhaling van die lidwoord 'n kom heelwat voor, byvoorbeeld *Hy hardloop 'n nog 'n round*.

Hendricks (2012a:107) dui ook op die gebruik van *almal* wat uitgespreek word as *amal*, in plaas van *al*, byvoorbeeld *Amal die mense gan ko kuier, Ek it amal my kos geëet*.

Die laaste twee kenmerke van Kaapse sinskonstruksie, is die vervanging van *mos* en *eintlik* met *like* (Saal & Blignaut, 2011:351). Voorbeelde hiervan sluit in, *Disi like lekker nie* of *Djy is like die ien wat die baas is hie*. Voorts is die saam+met-konstruksie ook bekend in Kaaps – *met* kom in 'n postposisie voor. Voorbeelde is, *hoe gatit saam mit jou?* of *Wat sy gedoenit saam mit daai man*.

Hendricks (2012b:4) dui egter daarop dat daar 'n wisselwerking tussen die gebruik van tipies Kaapse en gestandaardiseerde variëteite is. Gevolglik sal 'n spreker albei vorme afwisselend gebruik, byvoorbeeld *vi* (x vir), *siep* (x seep), *varse blomme* x (vars blomme). Kaaps word dus

deurgaans verskillend gepraat en die sprekers verander en pas dit aan soos hulle kommunikeer. Vergelyk Cupido se dialoog in *7 Dae* en *Kobra* waar hy nie deurgaans Kaaps gebruik nie, maar slegs in sekere taalgebruikssituasies. Soos die taalgebruikssituasie verander, byvoorbeeld van formeel na informeel, verander die gebruik van Kaaps asook die hoeveelheid Kaaps wat Cupido praat. In 'n formele taalgebruikssituasie sal hy Standaardafrikaans praat, maar in 'n informele taalgebruikssituasie sal hy weer Kaaps gebruik.

(iv) Morfologiese variasies

Die redundante gebruik van graadtrapmorfeme is ook 'n verskynsel van Kaaps. Voorbeelde hiervan is, *As hy manet 'n bietjie kortere gewies het* of *My geduld word al minere* (Hendricks, 2012a:106). Nie-emfatiese adjektiefverbuiging as nog 'n bekende verskynsel, byvoorbeeld *mooie blomme, varse vis, die deur is oepe*.

Verder word *it* en *is* by sinsaanvang gebruik, byvoorbeeld *It gat reën* (Hendricks, 2012a:107). Laasgenoemde kan ook reduksie wees met “d” wat weggelaat word. Die besitlike voornaamwoord, *onse*, in plaas van *ons*, word gebruik. 'n Voorbeeld hiervan is *onse hys*. Werkwoorde gaan uit op 'n *e* of 'n *t*, byvoorbeeld *worre* (word), *skrywe* (skryf) asook *gaat* (gaan) en *siet* (sien). Die selfstandige gebruik van *daai* in plaas van *dit* is ook 'n algemene kenmerk van Kaaps, byvoorbeeld *Hoe wiet jy daai?*, *Daai is ons hys*. Laasgenoemde sluit aan by die reduksie van leksikale items, byvoorbeeld *som* (sommige) en *nodig* (benodig). Die reduksie van leksikale items is 'n vorm van Kaaps wat deurgaans in *7 Dae* en *Kobra* voorkom.

Afrikaans en Engelse woorde word vervleg om woorde in Kaaps te vorm. Engelse woorde word verafrikaans, byvoorbeeld *sêdste*. Hendricks (2012a:106) dui daarop dat daar morfologiese inbeddings van Engelse ontlenings in Kaaps voorkom. Die verledetydsvoorvoegsel *ge-* word by die woord gevoeg, byvoorbeeld *ge-leave* of *ga-apologise*. Daar is ook meervoudsvorme wat net so in Afrikaans (met die Engelse stam) gelaat word, byvoorbeeld *wolle* (walls) of *bolle* (balls).

(v) Eie Kaapse skeppings

De Vries (2006) meen dat die sprekers van Kaaps met die taal speel en uitdrukkings skep wat gepas is vir 'n sekere situasie waarin hulle is. Die volgende voorbeelde is Kaapse uitdrukkings wat deur die sprekers van Kaaps geskep word. Volgens De Vries (2006) kry 'n mens die volgende uitdrukkings:

- Iemand se dassie is gestrik: Hulle is ore aangesit.

- Daar word op jou aangeklop: Iemand lê by jou aan.
- Jy word geboul: Jy word gevry.
- Jy wil nie jou kampie skuif nie: Jy wil nie padgee nie.
- Jy is 'n sielkanker / jy werk op my kerrie: Jy irriteer my.
- 'n Straatengel, maar 'n huisduiwel: 'n Man wat sy vrou skelm mishandel.
- Hulle is haaitie-taaitie: Hulle hou hulle wat hulle nie is nie.
- Kap aan: Maak nou klaar.
- Jy is my ma se trane: My boesemvriend.
- Bollewange: Om kwaad te wees.
- My geld het gebad: Jy het geld verloor.
- Njaps: om seks te hê (Meyer, 2011:154).

(vi) Vloekwoorde in Kaaps

Vloekwoorde word nie slegs as informele standaardtaal geklassifiseer nie (sien afdeling 2.4.2.1.1) maar is ook deel van Kaaps. Vloekwoorde word in Kaaps gebruik om die heterogene aard van die taal na voor te bring. Wessels (in De Vries, 2013), oor die kwessie van vloekwoorde in Kaaps, sê dat Kaaps 'n taal is met sy eie reëls en immers 'n praattaal is, waar vloekwoorde tog voorkom. De Vries (2013) verwys na Nathan Trantraal wat kru woorde in sy digbundel, *Chokers en Survivors* (2013), gebruik en sê dat dit 'n refleksie is van een van die vele maniere waarop Kaaps gebruik word. 'n Voorbeeld uit Trantraal (2013), *dan realise ek wee dat ek **fokkol** van hom af wietie, wan ek voel **kak** low, Na dié vra jy my **fokkol**, jy lyste net.*

Kaaps is 'n kreatiewe taal wat deurgaans deur die sprekers hervorm word.

Dié variëteit word om een of ander rede in die dialoog van karakters gevoeg. Voorts 'n paar redes vir die gebruik van Kaaps in die dialoog van karakters.

2.4.1.2 Redes vir die gebruik van niestandaardelemente (Kaaps) in dialoog

Die volgende afdeling het ten doel om 'n paar redes uiteen te sit vir die gebruik van Kaaps in dialoog. Die redes wat hier genoem word, fokus hoofsaaklik op die uitbeelding van karakters.

Newmark (1998:195) verskaf verskeie redes vir die gebruik van niestandaardelemente in dialoog. Die belangrikste wat hy noem, is dat dit verskille op sosiale vlak beklemtoon, byvoorbeeld die sosiale klas van die spreker wat moontlik met die gebruik van

niestandaardelemente kan afneem. Verder stel dit die kultuur van 'n kulturele minderheid in die doeltteks voor – die Kaapssprekende word in die doeltteks uitgebeeld as iemand wat van die Kaapse Vlakte afkomstig is en Kaaps praat. Niestandaardelemente kom in dialoog voor om 'n beeld van die karakters te skep (Alsina, 2012:137). Indien Kaaps in dialoog voorkom, sal dit 'n sekere beeld van die karakters in die bronteks skep. Die Kaaps wat in die bronteks voorkom, kontekstualiseer die narratief op 'n sosiale en geografiese manier deur karakters met behulp van die gebruik van Kaaps uit te beeld. Die karakters besit sekere eienskappe en waardes en word daarom aan 'n sekere geografiese area gekoppel wat aanleiding gee tot 'n narratief wat historiese en politieke ideologieë insluit (ibid.).

Niestandaardelemente kan dus ook 'n spesifieke ideologie help uitbeeld, in hierdie studie word daar nie op die oordrag van ideologie gefokus nie. Määttä (in Alsina, 2012:138) meen “characters who use dialect are distanced both from the reader and from those characters who use standard speech.” Dit beteken dat Cupido wat Kaaps praat, as verwyder gesien word van die Afrikaanse leser en van die ander karakters wat Standaardafrikaans in die twee boeke gebruik.

Hierteenoor sê Alsina (2012:138) dat die afwesigheid van 'n niestandaardtaal veroorsaak dat die karakter nie uitgesonder word nie, maar ingesluit word by die res van die karakters. Dit sal byvoorbeeld wees waar Vaughn Cupido Standaardafrikaans gebruik wanneer hy met 'n getuie 'n onderhoud voer (Meyer, 2013:23-25). Hier word hy as Afrikaanse karakter ingesluit by die res van die karakters sonder dat sy karakter uitgebeeld word as spesifiek 'n bruin man wat afkomstig is van die Kaapse Vlakte. Dit is belangrik om te merk dat 'n formeler situasie veroorsaak dat hy Standaardafrikaans begin praat. Kaaps word nie net gebruik om die karakter uit te beeld nie, maar dit verander ook namate die situasie verander. Die formeler situasie soos hier bo genoem, veroorsaak dat sy dialoog aangepas word. Dié bespreking oor die voorkoms van Kaaps in dialoog kom weereens daarop neer dat die gebruik van Kaaps in Cupido se dialoog verander namate die taalgebruiksituasie verander.

Alsina (2012:139) formuleer die volgende redes vir die gebruik van niestandaardelemente spesifiek in 'n doeltteks. Die gebruik daarvan kan die leser uitsluit, byvoorbeeld wanneer die dialoog vervreemdend vertaal word. Die gebruik van niestandaardelemente is ook in sommige gevalle die vertaler se hipotese wat hy of sy vorm oor die verhouding wat daar bestaan tussen die gebruik van taal en die gemeenskap wat daardeur uitgebeeld word.

Die vertaling van Kaaps in dialoog word verder in afdeling 2.6 bespreek. In afdeling 2.4.2 hier onder word Standaardtaal bespreek.

2.4.2 Standaardtaal / Standaardafrikaans

Standaardtaal is die gestandaardiseerde variëteit van 'n taal, maar Kaaps en Griekwa-Afrikaans is ook variëteite van Afrikaans. Die doel van die bespreking van Standaardtaal is nie om die volledige herkoms daarvan te bespreek nie, maar om vas te stel wat Standaardtaal is en waar dit gebruik word.

Variëteite kan nie bestudeer word sonder om na die standaardvorm van 'n taal te verwys nie, omdat variëteite afkomstig is van die standaardvorm (Van Rensburg, 1983:15). Vir die doeleindes van hierdie studie word verwys na Standaardafrikaans as die standaardvorm. Ponelis (2009) sê die standaardvorm van 'n taal is die “klassieke” vorm, byvoorbeeld Klassieke Afrikaans. Standaardafrikaans is volgens Ponelis (2009) Klassieke Afrikaans wat gewoonlik teenoor demotiese⁷ Afrikaans, soos Kaaps, staan.

Standaardafrikaans word deur Ponelis (2009:106) gedefinieer as 'n “algemene, toonaangewende, versorgde en eenvormige variëteit” van Afrikaans wat veral as skryftaal gebruik word. Indien Standaardafrikaans as die standaardvariëteit van Afrikaans beskou word, meen Webb (1989:427) dat Standaardafrikaans 'n bowestreekse variëteit van Afrikaans is wat sprekers gebruik wanneer hulle hoë kulturele funksies van die gemeenskap verrig. Hierdie kulturele funksies is onder andere die onderrig van mense, om wette te maak, die bedryf van die regsproses asook die beoefening van die wetenskap. Kotzé (2010) sluit hierby aan en meen dat dit gebruik word as “akademiese of vaktaal, regstaal, die taal van gebruikshandleidings, onderrigmateriaal, amptelike kommunikasie en religieuse taal.” Volgens Webb (1989:428) is 'n standaardtaal die vorm waarin die Afrikaanssprekende sy intellektuele lewe lei. Phosa (in De Vries, 2006) meen dat daar 'n plek is vir die standaardvorm van Afrikaans, byvoorbeeld in die sakewêreld en in die regswêreld.

Hierdie standaardtaal word as 'n prestigetaal gesien. Dit beteken nie dat ander variëteite van Afrikaans, soos Kaaps, swak is en Standaardafrikaans die suiwer vorm is nie, maar eerder dat Standaardafrikaans vir hoër funksies (soos lees en skryf) gebruik word (Le Cordeur, 2013). Dit is ook nie die geval dat Standaardafrikaans die enigste of aanvaarbare Afrikaans is nie. Volgens Botha (1989:147) is die standaardisering van die skryftaal die belangrikste en die

⁷ Volgens (Ponelis, 2009) word demotiese Afrikaans as informele omgangstaal beskryf. Kenmerke daarvan is die gebruik van Engelse woorde. Kaaps is volgens Ponelis 'n demotiese taal wat in 'n spesifieke geografiese gebied gebruik word, maar demotiese Afrikaans kom regdeur die hele gemeenskap voor.

standaardisering van die spelling van Afrikaans het vandag ver gevorder as gevolg van die Taalkommissie van Suid-Afrika se opstel van die *Afrikaanse woordelys en Spelreëls* (AWS) waarvan alreeds 10 uitgawes sedert 1917 verskyn het. Ponelis (2009) sê dat dit 'n sinlose oefening sou wees om Standaardafrikaans te vervang met byvoorbeeld Kaaps.

Afrikaans het in 1925 ampstaalstatus verkry en daarom moes dit gestandaardiseer word sodat dit sekere funksies kan verrig (Kotzé, 2009:1). Volgens Kotzé (2010) ontvang 'n taal wat gestandaardiseer word, 'n spesiale register wat vir hoë funksies (die wet, opvoedkunde, ens.) gebruik kan word. Kotzé (2010:8) formuleer drie stadiums vir die standaardisering van 'n taal.

Die eerste stadium is seleksie – die uitoefening van 'n keuse uit alle moontlikhede wat die taal bied. Standaardisering moet die hoë voorkoms van veranderlikheid wat alle taal bied, beperk om een algemene vorm te kodifiseer wat ook deur vreemdetaalsprekers aangeleer moet / kan word.

Die tweede stadium is die aanvaarding deur die taalgemeenskap. Hulle moet die norme van die standaardvariëteit aanvaar. Dit behels die “bevordering, verspreiding, vestiging en toepassing van norme” (Kotzé, 2010:8). Hierdie aanvaarding word gedoen deur skole, die media en kultuurliggame.

Die laaste stadium is die funksie-uitbreiding, omdat die taalvorm verskeie funksies moet vervul. Die funksies is intellektuele en abstrakte funksies – wanneer die woordeskat vir 'n sekere funksie ontbreek, moet dit ontwikkel word.

Kortliks en in Kotzé (2010:8) se woorde: “'n Standaardtaal word dus dikwels beskryf as een wat maksimale variasie besit, maar minimale variasie in vorm”.

Die standaardisering van Afrikaans het negatiewe gevolge onder die bruin en swart sprekers van Afrikaans gehad, omdat Afrikaans as apartheids- en politieke taal ingespan is. Odendaal (2012:2) sê dat die etiket – van Afrikaans wat die taal van die wit Afrikaner is – die gebruik van ander variëteite probeer ontken of misken het. Dit is egter nie meer vandag die geval nie en Kotzé (2009:6) meen dat die gebruik van ander variëteite soos Kaaps in die letterkunde en media, die variasie in Standaardafrikaans bevorder.

Standaardtale kom gewoonlik tot stand wanneer die taal bewus gestandaardiseer word deur die dominante groep in die gemeenskap wat hierdie taal gebruik. Sodra 'n standaardtaal gevestig word, is dit gewoonlik onderhewig aan dieselfde invloed en kragte van ander omgangstale – dit beteken dat die standaardtaal 'n vorm van verskeidenheid begin toon. In die geval van

Standaardafrikaans is daar twee vorme wat ontstaan, formele Standaardafrikaans en informele Standaardafrikaans.

Indien die twee betrokke brontekste onder die soeklig geplaas word, is dit moontlik om te sê dat alhoewel Griessel en Cupido formeler Afrikaans tydens gesprekke met verdagtes gebruik, is dit nie noodwendig formele Standaardafrikaans nie. Hulle gebruik eerder 'n vorm van neutrale Afrikaans en nie formele Standaardafrikaans nie. Vergelyk byvoorbeeld die Standaardafrikaans wat in die hof gebruik word teenoor die Afrikaans wat Griessel en Cupido in hulle formeler situasies gebruik. Sien die volgende voorbeelde.

Griessel in gesprek met 'n assistent van een van die verdagtes (Meyer, 2011:130):

“*Gaan haal hom uit*”, sê Griessel.

Ek is jammer, kaptein, ek kan nie dit doen nie.”

“Juffrou, ons het twee keuses. Of jy gaan haal hom uit die vergadering, of ek ry al die pad stad toe en gaan haal hom self daaruit.”

Cupido in gesprek met 'n verdagte (Meyer, 2011:284):

“Wat is jou moeilikheid?” vra Cupido.

“My moeilikheid?” vra Pruis.

“Ja, jou moeilikheid. Kaptein Griessel het jou loop vra oor die kommuniste.”

Dit is neutrale Afrikaans en nie naastenby so formeel soos die taal wat byvoorbeeld in wetgewing gebruik word nie. Daarom verwys ek na Griessel en Cupido se gebruik van hierdie variëteit van Afrikaans as neutrale Standaardafrikaans.

2.4.2.1 Informele standaardtaal

Kotzé (2010) gebruik die voorbeeld van akademici en meen dat hulle dieselfde “dialek” (register) praat wanneer hulle by kongresse is. Hierteenoor gebruik hulle registers wat afwyk van die norme van Standaardafrikaans wanneer hulle in informele situasies verkeer. Hy noem dit “Geselsafrikaans.” Die informele taalgebruik is volgens Kotzé (2010) “deurspek” met Engelse of slengwoorde – wanneer die situasie verander na formeel, verander die spreker se register na formeel. Dit is nie aanvaarbaar om in formele Standaardafrikaans sinne te gebruik wat verafrikaanste Engels is of gegrond is op die woordpatrone van Engels nie (Kotzé, 2010).

Die volgende voorbeeld is Informele Standaardafrikaans, *Ek sal check wat aangaan en vir jou laat weet of Ons gaan lekker jol vanaand*. Laasgenoemde voorbeelde sal nie onvanpas wees in 'n situasie waar Standaardafrikaans nie ter sprake is nie – die konteks bepaal dus die register wat gebruik word. Ponelis (2009) sluit hier aan en sê dat daar duisende Afrikaanssprekende is wat Afrikaans slegs as demotiese taal gebruik – as omgangstaal en spreektaal.

2.4.2.1.1 Vloekwoorde

Vloekwoorde word hier bespreek as deel van informele standaardtaal. Griessel en Cupido gebruik dit dikwels in informeler taalgebruikssituasies. Die doel van hierdie bespreking is om vas te stel onder watter sosiale omstandighede die vloekwoorde in die karakters se dialoog voorkom. Afgesien van die feit dat dit verander soos die gespreksituasie verander, weerspieël dit ook iets van die karakter se identiteit en sosiale klas. Sien afdeling 2.8.1 waar vloekwoorde onder die dimensies van die taalgebruik (sosiale rolverhouding) asook die taalgebruiker (sosiale klas) ingedeel word. Die hoofbron wat ek vir hierdie bespreking gebruik, is Feinauer (1981), omdat sy voorsiening maak vir die verskillende vloekwoorde asook die sosiale omstandighede waaronder vloekwoorde voorkom.

Volgens Feinauer (1981:8) kan vloekwoorde in verskillende kategorieë verdeel word. Die eerste kategorie is benaminge uit die weerterminologie, byvoorbeeld *bliksem* en *donder* wat as vloekwoorde gebruik word⁸. Die tweede kategorie is buitekonteksgebruikte godsdiensoorde, soos *God*; *Here*; *Jesus*; *Heiland*. Daar is adjektiewe wat by hierdie godsdiensoorde aansluit en as vloekwoorde kan optree, soos *magtig* en *wragtig*. Feinauer (1981:12) sê dat alle woorde wat 'n verbintenis tot die Goddelike Drie-eenheid het, nie noodwendig vloekwoorde is nie. Die woord *Christus* word nie as 'n vloekwoord gebruik nie, maar wanneer dit in verbinding met Jesus is, is dit wel 'n vloekwoord (Feinauer, 1981:12). Dink byvoorbeeld aan iemand wat *Christ* uitroep wanneer hy / sy kwaad is: “Jesus Christ!” skree hy (ibid.). Griessel en Cupido sal in hierdie verband nie noodwendig die woord *God* as vloekwoord gebruik nie, maar eerder *Jissis*. *Jissis* is die verbuiging van *Jesus* wat as vloekwoord gebruik word.

Die derde vloekwoordkategorie wat deur Feinauer (1981:18) daargestel word, is obsene woorde vir “laer” liggaamsdele, -prosesse, en -produkte. Daar word drie tipes taalbousels bespreek om na “laer” liggaamsdele, -prosesse, en -produkte te verwys, naamlik kliniese woorde van Latynse

⁸ Sien Feinauer (1981) vir die volledige geskiedkundige bespreking vir die rede agter die gebruik van hierdie woorde as vloekwoorde.

en Griekse herkoms, eufemismes en obscene woorde – vloekwoorde. Slegs die laaste taalbousel, naamlik obscene woorde, word vir die doeleindes van dié studie bespreek.⁹ Obscene woorde het ’n sterk sosiale stigma, maar hulle bly die maklikste en algemeenste om te sê (Feinauer, 1981:16). Voorbeelde uit Feinauer (1981:18): *kak; gat; stront; hol; pis; moer; skyt*. Die obscene woorde is figuurlik van aard en word nie letterlik bedoel of gebruik nie¹⁰. Sien die voorbeeld van *kak* in Feinauer (1981:18) waar sy verduidelik dat hierdie obscene woord selde letterlik gebruik word, nie na die biologiese proses verwys nie en eerder as ’n uiting of kragwoord gebruik word. Om hierdie punt te bewys, verwys sy na die adjektiewe vorm van *kak* wat steeds nie letterlik gebruik word nie (Feinauer 1981:18): *kakpraat; kaksleg; kakspul; kakgat; kakstorie; kakkop; uitkak; afkak*. Verdere voorbeelde waar die vloekwoord *kak* gebruik word (Feinauer, 1981:18):

- Hy hou hom vol kak.
- Hy is deur die kak.
- Hy sit in kakstraat.
- Hy maak kak droog.
- Sy kak is troef.
- Kak aanjaag.
- Leen jou gat uit en kak deur jou ribbes.
- Wens in die een hand; kak in die ander en kyk in watter hand is die meeste.
- Hy kak ook maar agter sy hakskene.

Feinauer (1981:18) dui daarop dat sprekers wat hierdie vloekwoorde gebruik, dit doen om uiting aan woede en frustrasie te gee. Die spreker gebruik die woorde om woede teenoor ’n ander persoon uit te druk – die woorde met die meeste trefkrag word gewoonlik gebruik. Nog ’n woord wat hierby aansluit is *doos*. *Doos* het ’n negatiewe uitwerking op die homonieme wat kartonhouer beteken, en daarom word die Engelse vorm, *boks*, in gespreksituasies gebruik (Feinauer, 1981:25). Vergelyk Griessel wat sê: *Watter soort doos laat ’n stempel van ’n spoegslang maak*. (Meyer, 2013:93). *Naai* word ook nie meer gebruik om te verwys na naaldwerk nie – die obscene konnotasie wat daaraan geheg word, het te sterk geword. So ook

⁹ Sien Feinauer (1981) vir die volledige bespreking van die drie taalbousels vir “laer” liggaamsdele, –prosesse, en –produkte.

¹⁰ Sien Feinauer (1981) se bespreking van die disjunkte betekenistoepassing (figuurlik) teenoor die konjunkte betekenistoepassing (letterlik).

word die vloekwoord *moer* wat normaalweg na *moeder* verwys, se homoniem *koffiemoer* ook vir vloek gebruik (ibid.). Sien die volgende voorbeelde.

- My moer trek suur.
- Dis dan dat mens begin moer trek.
- Moer afgaan. (gal afgaan)
- My moer is dik.
- Ek pomp moer (spreker is kwaad)
- Ek is moersuur.
- Nou blom my moer.
- Sy moer het gou gesak (sy bui het gesak)

Verder ressorteer vloekwoorde wat ontleen is aan 'n ander taal ook hieronder (Feinauer, 1981:26):.

- Engels - bleddie, blesst, bogger, dem, demmit, dessit; fok/fokken;
- Nederlands - foeter, neuk;
- Duits - wetter.

Bogenoemde tipe obscene woorde is volgens Feinauer die kragtigste in die samelewing omdat die gemeenskap die spreker direk oordeel; vandaar word dit “sosiale taboe” genoem (ibid.). Alhoewel Feinauer (1981) verskillende funksies van vloek onderskei, fokus ek op die sosiale funksie van vloek om dit met onderskeie gespreksituasies te kan skakel. Sy verwys na die sosiale funksie van vloek as sosiale vloek en sê dat dit gebruik word om 'n samehorigheidsgevoel met die groep te skep, om die spreker se uitinge te dramatiseer en om sosiale norme doelbewus te oortree (Feinauer, 1981:34).

Die samehorigheidsgevoel word gewoonlik geskep wanneer die spreker in 'n informele situasie is (Feinauer, 1981:35). Die spreker is tussen mense van sy eie ouderdom, geslag en sosiale klas. Die invloed wat die spesifieke situasie op die gebruik van vloekwoorde het sluit by taalgebruik aan. Wanneer die situasie formeel is, sal daar geen vloekwoorde gebruik word nie. Vergelyk hier Griessel en Cupido wat vloek wanneer hulle met mekaar praat – hulle wil aan mekaar bewys dat hulle op dieselfde vlak van informaliteit en mekaar se sosiale gelykes is. Wanneer Griessel met die sangeres, Lize Beekman, gesels wanneer sy meisie hom na 'n funksie neem, vloek hy en sê dadelik jammer daarna (Meyer, 2011:25). Dit stem ooreen met Feinauer (1981:35) wat sê dat 'n spreker se vloeke gou sal opdroog wanneer hy bewus raak van die feit dat die res van die mense in die groep nie vloek nie. Die samehorigheidsgevoel wat die spreker

wil skep, is volgens my die belangrikste funksie van die sosiale vloek wat van toepassing is op hierdie studie. Die spesifieke situasie (formeel of informeel) bepaal die gebruik van die vloekwoorde.

Die tweede funksie, naamlik om die spreker se uitinge te dramatiseer, sluit tot 'n mate by Cupido se karakter aan. Wanneer hy met Griessel in gesprek is en dramaties wil voorkom, sal hy vloekwoorde saam met Kaaps gebruik. Feinauer (1981:35) meen dat dit in informele situasies gebeur – dit sluit weereens aan by die taalgebruik (sien hoofstuk 2, afdeling 2.8.1.2). Cupido gebruik die vloekwoorde om dramaties voor te kom en om te wys hoe hy as karakter oor sekere situasies voel of dink. Sien die voorbeeld waar hy sê, *En daai lesbetariër wat vir my wil kom bliksem?* of *My fok, sê Cupido* (Meyer, 2013:111)

Die laaste funksie van sosiale vloek, naamlik om sosiale norme doelbewus te oortree, sluit nie aan by die analyses van die karakteruitbeelding nie. Dié tipe vloek word met opset aangewend wanneer die spreker iemand in die groep wil skok – vloekwoorde met die hoogste taboewaarde sal gebruik word (Feinauer, 1981:36). Die kan hier en daar deur Cupido gebruik word om te wys dat hy nie soos die ander in die groep is nie, maar dit gebeur selde.

Die laaste belangrike aspek is die vorming van gewoontevloek. Feinauer (1981:36) meen dat sosiale vloek tot gewoontevloek aanleiding kan gee. Dit is woorde soos “God, blerrie [en] fokken” wat later geen funksie meer het nie, maar uit gewoonte gebruik word (ibid.). Gewoontevloek kom by sowel Griessel as Cupido voor. Daar is selfs 'n geval waar Griessel probeer om minder te vloek, maar uit gewoonte vloek hy steeds (Meyer, 2011). Vloekwoorde soos *fok*, *fokken*, *jissis* en *bliksem* val onder gewoontevloek by hierdie twee karakters. Dit dui op die karakteruitbeelding, omdat dit iets van die spreker self, maar ook iets van die gespreksituasie, uitbeeld. Die spreker sal weet wanneer om gewoontevloek te beperk wanneer hy in 'n formele situasie is, maar wanneer hy met vriende kommunikeer, sal hy weer vloek. Dit beeld ook tot 'n mate iets van sy karakter uit – sy sosiale klas.

Feinauer (1981:218) skakel vloekwoorde met sosiale interaksie en formuleer sogenaamde beleefdheidsreëls waaronder formele situasies, informele situasies en minder formele situasies voorkom. Aangesien die beleefdheidsreëls aan die hand van hierdie situasies meer formeel word bewys dit dat vloeke in informele situasies hoort (ibid.). Die verskillende situasies soos deur Feinauer (1981:238) beskryf:

- Formele situasies

Die situasie is onpersoonlik en geen samehorigheid word geskep nie. Daar kom eenrigtingkommunikasie voor, byvoorbeeld in preke, lesings en toesprake. Terminologie en neutraler woorde word gebruik om emosionele impak te verminder. Vloekwoorde kom nie in formele situasies voor nie.

- Informele situasies

Die sprekers het 'n betrokke emosionele band en die sosiale afstand tussen hulle is baie kleiner. Soos bo genoem, speel die emosionele waarde van inligting glad nie 'n rol by formele situasies nie, maar hier is dit wel een van die hoofaspekte van die gespreksituasie. Dit gee aanleiding tot emosionele taal of vloekwoorde om emosies uit te druk. Die twee sprekers het dieselfde status en vloekwoorde word nie verbloem nie. Die gesprekke wat tussen Cupido en Griessel gevoer word is hoofsaaklik informele gesprekke waar vloekwoorde gebruik word om emosies en 'n samehorigheidsgevoel uit te druk.

- Neutrale situasie

Dié tipe situasie is een wat tussen formeel en informeel voorkom. Die sprekers is nie só bekend aan mekaar soos by die informele situasie nie, maar die situasie is ook nie so onpersoonlik soos by die formele situasie nie. Die een spreker het gewoonlik 'n hoër status as die ander een. Dit kan van toepassing wees op onderhoude wat Griessel en Cupido met verdagtes het – dit is nie heeltemal streng gesproke formele situasies nie, maar daar word ook nie vloekwoorde gebruik nie. Feinauer (1981:243) meen “[d]ie uitinge is in hierdie situasie hoofsaaklik op [die verdagte] gerig [en] [Griessel of Cupido] laat deurentyd aan [die verdagte] speelruimte om sy eie besluite aangaande die uiting te maak” (eie invoegings tussen vierkanthakies). Vloekwoorde word nog steeds in hierdie situasies vermy.

Die bespreking dui daarop dat vloekwoorde hoofsaaklik in informele situasies gebruik word. Vloekwoorde is dus 'n merker van informaliteit en sluit aan by taalgebruik in 'n spesifieke gespreksituasie. Vloekwoorde sluit ook by die taalgebruiker aan, omdat dit iets van die spreker se sosiale klas of sosiale vlak weerspieël. Hier onder volg enkele voorbeelde van vloekwoorde deur die twee karakters uit die onderskeie boeke (Meyer, 2011 en 2013).

Ek groepeer vloekwoorde saam wat min of meer dieselfde lyk. Al drie Feinauer se kategorieë vloekwoorde kom voor:

- *Weerterminologie*

Sy werk saam met die donner / En daai lesbetariër wat vir my wil kom bliksem? / Bliksem. Enige idee wie die meisie mag wees? / En hierdie mal bliksem gaan netnou nog een van ons mense skiet

- *Buitekonteksgebruikte godsdiensoorde*

Jissis, Benna, hierie Franse chicks / Jissis, daai houding / Jissis, die brass / Jissis, Dok

- *Obsene woorde*

Fokken Egan / Ek's eintlik fokken cool / Fokken fools / Fokken baliemaker / Fokkit, klein porn star / Jy's so fokken old school / Dis nie fokken 'winkel' se gat nie / Sy's fokken prime / Ek sluit die fokker toe as hy dit waag / As ek net fokkol wil doen / Fok, dok / jy's gefok as jy sê kom traai, jy's gefok as jy jou bek hou / Suid-fokken-Afrika / Maar fok weet / Dis nie fokken O.K nie / Fokken Mbali

Doos het seker 'n Twitter account ook / Ek's 'n handsome doos

Miskien moet julle ophou rugby-kak praat / A lot of kak, Ma' dis mos kak, En glo jy daai kak? / al daai kak

Hy't hierie moerse ysters in sy baliewinkel

2.5 Kodewisseling

In hierdie afdeling word kodewisseling bespreek, naamlik die oorskakeling tussen kodes, byvoorbeeld tussen Afrikaans en Engels in 'n dialoog. Muysken (2000:1) verwys na kodewisseling as "... all cases where lexical items and grammatical features from two languages appear in one sentence." Hier moet kennis geneem word daarvan dat hierdie afdeling oorvleuel met die afdeling van informele standaardtaal en Kaaps. Kodewisseling kom in sowel informele standaardtaal as Kaaps voor.

Daar is verskeie teoretiese benaderings tot en menings oor kodewisseling¹¹. Die doel van hierdie afdeling is nie 'n teoretiese bespreking van kodewisseling nie, maar eerder 'n bespreking van die rol van kodewisseling in die uitbeelding van karakters en register. Weston en Gardner-Chloros (2015:195) sê dat elke karakter in 'n roman 'n tipe sosiolinguistiese informant is – die karakter se gebruik van kodewisseling bied die leser 'n beter begrip van die situasie en die omstandighede van die karakter. In afdeling 2.8.1 sal die leser sien dat kodewisseling meestal

¹¹ Sien Muysken 2000 vir 'n volledige teoretiese beskrywing van kodewisseling

(nie altyd nie) met register skakel. Die hoofbron wat vir hierdie bespreking gebruik word, is Coulmas (2005).

Coulmas (2005:123) sê die samelewing maak dit moontlik vir sprekers van verskeie tale om mekaar se taalgebruik te beïnvloed. Hulle beïnvloed nie net mekaar nie, maar dit veroorsaak ook dat sprekers verskillende tale as bronne kan gebruik. Dit is egter belangrik om kennis te neem van die feit dat die tale wat gebruik word, nie gelyk is nie. Die rede hiervoor is omdat hierdie tale met demografiese sterkte, mag en prestige geassosieer word (Coulmas, 2005:123). Die rede vir die wisseling tussen die twee tale is nie as gevolg van 'n spreker wat nie die een of die ander goed genoeg kan verstaan of gebruik nie, maar die keuse is eerder een wat sosiale betekenis dra.

Coulmas (2005: 124) meen dat die “kode” in kodewisseling na 'n taal of 'n variëteit van 'n taal verwys, byvoorbeeld Kaaps (variëteit van Afrikaans) of Engelse woorde wat in die Afrikaanse sinne voorkom. Soos onder die afdeling van Kaaps reeds genoem, kom daar deurgaans 'n wisseling tussen Afrikaans en Engels in Kaaps voor. Engelse woorde word ook genaturaliseer op die patroon van Afrikaans, of 'n verledetyds *ge-* word by die Engelse woorde gevoeg. Ponelis (2009) dui daarop dat die prominentste struktuurkenmerk van Kaaps die hoë mate van Engelse invloed is. Dit is nie net Kaaps wat hierdie Engelse invloed toon nie, maar ook informeler Standaardafrikaans. Dit is wel duidelik dat die invloed van Engels in Kaaps veel hoër is as wat dit in gewone Afrikaanse omgangstaal is. Sien die volgende voorbeelde waar Engels in Kaaps gebruik word: *hêppen* en *ghrêmmmer* (De Vries, 2015:11) en *geplan* en *gegraduate* (Meyer, 2013:37; 132).

Dit is nie net die vermenging van Afrikaans en Engels wat as kodewisseling geklassifiseer word nie, maar ook woorde of frases uit ander tale wat in dialoog gevoeg word. Weston en Gardner-Chloros (2015:196) verwys na hierdie kwessie en meen dat sommige skrywers vreemde woorde uit 'n ander taal in die dialoog van die karakters gebruik. Die argument is of hierdie leenwoorde as kodewisseling beskou kan word. Sekere teoretici beskou leenwoorde as 'n vertakking van kodewisseling (Boyd, 1997 en Myers-Scotton 1992, in Weston en Gardner-Chloros). Ander teoretici (Poplack & Meechan, 1998 in Weston & Gardner-Chloros) beskou hierdie woorde nie as kodewisseling nie.

Ek stem egter saam met Weston en Gardner-Chloros (2015) dat leenwoorde nie afsonderlik geklassifiseer kan word wanneer dit by literêre tekste kom nie. Literêre produksie bevat juis 'n proses van karakteruitbeelding en daarom kan kwessies van veeltaligheid nie afsonderlik geklassifiseer word nie. Verder is die vermenging van tale die skrywer se manier om kulturele

invloed in die teks uit te beeld. Weston en Gardner-Chloros (2015:196) sê daarom is daar geen logiese rede om die gebruik van leenwoorde en kodewisseling te skei nie, omdat albei bogenoemde funksies in literêre tekste verrig.

Dit is tog belangrik om te onthou dat sommige Kaapse woorde se oorsprong van Engels is. Dit maak dit ietwat moeilik om hierdie woorde as leenwoorde te klassifiseer, omdat hulle 'n Engelse oorsprong het en in die Engelse doelteks nie heeltemal as 'n leenwoord voorkom nie. Om voorsiening te maak vir Kaapse woorde wat 'n Engelse oorsprong het, word hierdie woorde wat in Standaardafrikaanse sinne voorkom, onder die term Kaaps ingedeel. Voorbeelde is: *kompliet* (x complete) of *bolle* (x balls). Alhoewel dit in ag geneem word, kom hierdie Kaapse woorde weinig, of selfs glad nie, in die betrokke brontekste voor nie.

Coulmas (2005:123) som kodewisseling goed op deur te sê dat tweetalige individue wat in tweetalige gemeenskappe leef, voortdurend gekonfronteer word met die keuse van watter taal om te gebruik. Die gevolg is dat hulle nie noodwendig kies nie, maar dat hulle die tale meng en selektief taalelemente uit elke taal kies. Dit veroorsaak dat die sprekers heen en weer tussen die twee tale beweeg. Hy sê “[t]he resulting admixture has, therefore, often been considered a deficient and bastardized blend” (Coulmas, 2005:123). Weston en Gardner-Chloros (2015:198) sê dat kodewisseling die aanname weêrlê dat tale afsonderlik gebruik (moet) word.

Coulmas (2005:127) sê dat die tale wat die sprekers van kodewisseling gebruik, algemeen in hulle gemeenskap voorkom. Wanneer die sprekers kodewisseling toepas, is hulle nie altyd bewus daarvan nie. Poplack (in Weston & Gardner-Chloros, 2015) sê dat tweetalige sprekers wat vlot in albei tale is in een sin kodewisseling toepas en nie altyd daarvan bewus is nie. Die spreker wat minder vlot in albei tale is, sal kodewisseling tussen sinne toepas – die een sin sal byvoorbeeld Engels wees en die ander een Afrikaans. Hierteenoor weet die spreker dat die twee kodes verskil en dat hulle dit apart kan hou indien nodig. Laasgenoemde dui daarop dat register kodewisseling bepaal – indien die register formeler is, sal kodewisseling nie toegepas word nie, omdat kodewisseling in informeler gespreksituasies gebruik word. Sodra die register informeler is, word kodewisseling weer gebruik.

Sternberg (in Weston & Gardner-Chloros, 2015) meen literêre skrywers ondervind 'n probleem wanneer hulle die ware gespreksituasies, waaronder kodewisseling, in 'n roman wil uitbeeld maar die kommunikatiewe medium is hoofsaaklik eentalig. Hy stel drie strategieë voor wat die skrywer in hierdie situasie kan gebruik. Die eerste een is *verwysende inperking* waar die skrywer geen kodewisseling gebruik nie en alle karakters se dialoog in een taal voorkom. Die tweede strategie is *homogene konvensie* waar die karakters en die omgewing in die teks almal

tweetaligheid voorstel, maar eentalig in die bronteks uitgebeeld word. Die laaste strategie is *verwysende verbinding* waar kodewisseling deurgaans gebruik word om die karakters en die omgewing ten volle uit te beeld. Laasgenoemde strategie is wat in die twee betrokke brontekste gebruik word, omdat kodewisseling deurgaans in die brontekste voorkom.

2.5.1 Die wedersydse invloed van kodewisseling en register

Daar is sekere sosiale faktore wat bydra tot die spesifieke kode wat in 'n gesprek gebruik word. Dié sosiale faktore sluit in die deelnemers van die gesprek, die omgewing en die funksie of onderwerp van die gesprek (Holmes, 1992:23,26). Laasgenoemde faktore bepaal watter taalkeuse gemaak word. Holmes (1992:24) sê dat 'n mens moet kyk na die tipiese gespreksituasies wat bogenoemde sosiale faktore insluit, om vas te stel waarom sekere kodes gebruik word. Dink byvoorbeeld aan die gespreksituasie van 'n tipiese Kaapse gesin. Holmes (1992:24) sê dat hierdie spesifieke gespreksituasie as 'n domein geklassifiseer word. Die domein bestaan uit spesifieke interaksies tussen spesifieke deelnemers in 'n spesifieke omgewing.

Die sprekers in 'n spesifieke domein sal kodewisseling toepas soos die domein verander. Die Kaapse gesin sal byvoorbeeld tydens 'n familie-ete Kaaps praat, maar in die klaskamer of kerk Standaardafrikaans of Engels praat. Karaan (2009), 'n omroeper by Voice of the Cape (VOC), meen dat sommige van die omroepers skugter is om Afrikaans te praat, omdat hulle voel dat hulle net Kaaps kan praat en nie formeel genoeg klink om op die lug te praat nie. Hier is om oor die radio te praat, 'n spesifieke domein. Nietemin moet die omroepers informele Kaaps praat met luisteraars wat Afrikaanssprekend is, om hulle gemaklik te laat voel. Om dit van toepassing te maak op die twee betrokke brontekste sien 'n mens dat Cupido Standaardafrikaans of Engels praat wanneer hy met 'n verdagte praat, maar kodewisseling gebruik wanneer hy met Griessel praat. Die domein van 'n gespreksituasie het dus 'n beduidende invloed op die gebruik van kodewisseling.

Daar is egter ander sosiale faktore wat 'n invloed uitoefen op die gebruik van kodewisseling. Dié sosiale faktore se invloed word relevant wanneer die deelnemers van 'n gesprek meer as een taal magtig is (Holmes, 1992:29). Vergelyk bv. Cupido wat Kaaps is, maar ook Engels en Standaardafrikaans magtig is. Griessel gebruik wel nie Kaaps nie, maar hy is Engels en Standaardafrikaans magtig. Die sosiale faktore wat hier relevant word, is eerstens die sosiale afstand wat tussen die deelnemers voorkom – dit is hoe goed hulle mekaar ken en hoe groot die sosiale afstand tussen hulle is (Holmes, 1992:29). 'n Spesifieke kode kan gebruik word om die

ander persoon by die gesprek in te sluit, of om die persoon uit te sluit. Cupido sal byvoorbeeld Standaardafrikaans praat met 'n verdagte – hy sal dit doen om by die verdagte se domein aan te sluit. Hierteenoor sal hy kodewisseling gebruik wanneer hy met Griessel praat, omdat die sosiale afstand tussen hulle nie veel verskil nie.

Die tweede faktor is die statusverhouding tussen die deelnemers – die een spreker se status kan dalk hoër as dié van die ander wees. Verder is die formaliteit van die gespreksituasie ook belangrik, omdat dit bepaal of kodewisseling gebruik gaan word. Die laaste faktor wat belangrik is, is die funksie of doel van die gespreksituasie. Laasgenoemde het ook te doen met die gebruik van die taal – dit word gebruik om 'n bevel te gee of dit word gebruik om 'n guns te vra (Holmes, 1992:30). Die sosiale faktore wat hier genoem word, is meer spesifieke sosiale faktore wat gebruik word om 'n groter verskeidenheid sosiale dimensies in te sluit¹².

In verskeie gevalle gebruik Cupido Kaaps wanneer hy met Griessel praat om Griessel uit sy domein uit te sluit en vir hom te wys dat hy nie soos Griessel is nie. Holmes (1992:41) ondersteun dit en sê dat kodewisseling gebruik word om solidariteit te beklemtoon. Bandia (1996: 144) sluit aan en sê “Identity is used in [code switching] [...] as a means of solidarity, kinship and other types of group membership”. Holmes (1992:41) meen dat 'n persoon kodewisseling sal gebruik om die aangesprokene in te sluit by sy / haar domein en die gedeelde etnisiteit te beklemtoon. Myns insiens is dit soms die geval wanneer Cupido met 'n ander spreker van Kaaps praat, maar soos vroeër genoem, wil hy homself ook onderskei van Griessel. Hy wil vir Griessel wys dat hy nie soos Griessel is nie – dat hy bruin en van die Kaapse Vlakte kom. Bandia (1996:144) meen “[d]istancing [using code switching] has the force of saying to the listener “you are outside (excluded), or vulnerable, or young, or old, etc.”

Hierteenoor kan die gebruik van kodewisseling die spreker toelaat om 'n gedeelde identiteit te hê. Blignaut (2014:67) meen “[d]ie vermoë om twee tale of kodes te gebruik, laat 'n spreker toe om twee verskillende identiteite te openbaar.” Wanneer Cupido Standaardafrikaans met 'n verdagte praat, maar tydens die dialoog kodewisseling begin gebruik, stel dit hom moontlik in staat om met die verdagte 'n identiteit te deel. Daarteenoor sal hy gewoonlik Standaardafrikaans met verdagtes praat om 'n vlak van formaliteit te behou.

Dit is heel duidelik uit die bespreking dat die formaliteit van 'n gesprek 'n invloed het op die gebruik van kodewisseling. In formeler situasies word min of geen kodewisseling gebruik, maar

¹² Sien Appel en Muysken (1987) in Bowers (2006) vir 'n model vir kodewisseling.

in informeler situasies sal kodewisseling (moontlik) gebruik word. Dit is dan veilig om te sê dat register by kodewisseling aansluit, omdat die formaliteit 'n invloed het op die gebruik daarvan. Dit is wel belangrik om te onthou dat kodewisseling en register nie gelyk gestel kan word nie. Blignaut (2014:68) meen:

“Die verskil tussen kodewisseling en register is egter dat kodewisseling te make het met 'n wisseling tussen twee tale, na gelang van die sosiale konteks waarbinne die spreker hom bevind, terwyl register te make het met die wisseling van 'n formele na 'n informele register binne een taal.”

Alhoewel die bogenoemde verskil tussen kodewisseling en register heel belangrik is, is die skakel tussen en invloed van register en kodewisseling, steeds relevant vir hierdie studie. Wanneer die gespreksituasie in ag geneem word en dit formeel is, sal Cupido en Griessel nie kodewisseling gebruik nie en eerder Standaardafrikaans of Engels praat. Hierteenoor sal Griessel vloekwoorde en kodewisseling gebruik wanneer hy met Cupido praat. Die identiteit van die spreker speel ook 'n rol. Soos vroeër genoem, sal Cupido Kaaps met Griessel praat om sy identiteit uit te beeld, maar met verdagtes sal hy Standaardafrikaans praat om vir hulle te wys dat hy 'n identiteit met hulle kan deel. Sien weer afdeling 2.8.1 in hierdie hoofstuk om die verskil tussen die karakteruitbeelding en die gespreksituasie te sien en hoe dit direk van toepassing op laasgenoemde bespreking is. Dit is heel duidelik dat kodewisseling gebruik word om die karakter, asook die gespreksituasie, uit te beeld.

Verdere redes vir die gebruik van kodewisseling is volgens Holmes (1992:46) dat kodewisseling ook vir humor of vir 'n dramatiese effek gebruik word. Sien die gesprek tussen Cupido en Griessel waar hy sê, *Hoe kyk jy vir hierie baby, jou laaitie, en sê, 'nooit, dis 'n Egan. Klink soos die naam van 'n alien in 'n Spielberg movie* (Meyer, 2011:155). Dit word verder gebruik sodat die spreker sy gevoelens kan uitdruk wanneer hy kwaad is. Cupido sal byvoorbeeld deurgaans kodewisseling gebruik wanneer hy kwaad is, maar Standaardafrikaans en Engels praat wanneer hy ernstig is. Volgens Bowers (2006:84) gebruik sprekers van Kaaps dikwels Engels wanneer hulle ernstig opgeneem wil word – die register het weereens 'n effek op die gebruik van kodewisseling.

Die dialoog van Cupido bevat dus twee registers, naamlik Kaaps en Standaardafrikaans waaronder kodewisseling en vloek voorkom. Aan die ander kant het Griessel se dialoog een register, naamlik Standaardafrikaans waaronder kodewisseling en vloek. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die karakters se dialoog nie net hulle karaktereienskappe uitbeeld nie, maar ook verskil volgens die verskillende situasies waarin hulle voorkom. Die onderskeid wat tussen

die gebruiker en die gespreksituasie getref word, kan met behulp van House (1997) se model vir die bepaling van die kwaliteit van vertaling, (AVG-model) gedefinieer word. Dié model word saam met Venuti se domestisering en vervreemding gebruik om die analyses in hoofstuk 3 en 4 uit te voer, maar eers word dialoogvertaling bespreek.

2.6 Dialoogvertaling

Soos in hoofstuk een reeds genoem, word dialoog in tekste gebruik om karaktereienskappe en individualiteit uit te beeld, maar dialoog en karakterisering word óók beïnvloed deur die verskillende situasies waarin karakters voorkom. In hierdie afdeling word dialoogvertaling bespreek om vas te stel waarom dit ’n effek op karakteruitbeelding in die doelteks het. Verder word verskeie benaderings tot die vertaling van dialoog bespreek asook die vertaalstrategieë wat aangewend kan word.

Daar bestaan uitdagings wanneer dit kom by die skryf van ’n roman en die dialoog wat daarin voorkom. Dié uitdagings kom voor omdat dit heelwat moeiliker is om karaktereienskappe deur middel van dialoog aan die leser voor te stel, omdat die dialoog die karaktereienskappe van die karakter aan die leser moet bewys en so ’n prentjie van die karakter vir die leser moet skep. Hier sluit Kruger (1991:292) met die kwessie van vertaling aan en meen dat die uitdaging vir die vertaler daarin lê om die interafhanklikheid wat daar tussen die karakter, dialoog en die omgewing of konteks bestaan, in die doelteks te behou.

Leppihalme (2000:247) meen dat die gebruik van niestandaardelemente in literêre dialoog die karakters individualiseer en binne ’n sosiokulturele konteks plaas. Dink byvoorbeeld aan Cupido wat Kaaps met Griessel praat. Hy word uitgebeeld as ’n bruin man van die Kaapse Vlakte as gevolg van die Kaaps wat hy praat. Sy meen dat sommige tekste ’n spesifieke effek bereik deur ’n fyn balans wat tussen standaard- en niestandaardelemente onderhou word. In sommige gevalle sal daar ’n mengsel van laasgenoemde elemente in die dialoog voorkom, soos “want *da’s* net een *exit*, en jy soek altyd meer as een, altyd” (Meyer, 2013:49, my skuinsdruk). Bogenoemde dialoog bewys dat daar wel ’n mengsel van standaard- en niestandaardelemente in dialoog kan bestaan – kodewisseling maak ook ’n groot deel van Kaaps uit. Die woord “*da’s*” asook die Engelse woord, “*exit*”, kom hier voor, maar die res van die sin is in Standaardafrikaans. Die vraag is of die vertaler hierdie “mengsel” in die doelteks sal kan oordra en watter effek dit op die uitbeelding van die Kaapse karakter in die doelteks het. Verskeie teoretici verskaf verskillende maniere vir die vertaling van bogenoemde.

Hatim en Mason (1990:245) verskaf drie strategieë vir die vertaling van niestandaardelemente in dialoog. Die eerste is om niestandaardelemente in standaardtaal te vertaal, wat beteken dat die effek wat dié elemente op die leser sou hê, verlore gaan (in ooreenstemming met Venuti se strategie van domestikering). Sien afdeling 2.7. 'n Voorbeeld is wanneer 'n sin soos *Jy moet ophou om bollewange te hê!* vertaal word in Engels met *You should'nt be mad!* Hatim en Mason (1990:245) meen hierdie strategie is die algemeenste om niestandaardelemente te vertaal.

Die tweede strategie is om die elemente wat in die bronteks voorkom met 'n ekwivalent in die doeltaal te vertaal, wat 'n effek kan veroorsaak wat nie deur die bronteksouteur bedoel is nie. 'n Voorbeeld is *No address, no job description, niks* (Meyer, 2013:19) wat vertaal word in *No address, no job description, nada* (Meyer, 2014:14). Die Engelse vertaling van *niks* in *nada* stel hier 'n leksikale aanpassing in die doelteks voor. Hier word wel kodewisseling wat in die Afrikaans voorkom, in die doelteks oorgedra, maar nie soos dit deur Kaapssprekendes gebruik sal word nie. Dis 'n redelik gesofistikeerde kodewisseling met die Spaanse *nada* wat ingevoeg word.

Derdens beskryf Hatim en Mason (1990:245) 'n strategie wat op 'n glyskaal tussen die twee bogenoemde strategieë lê. Dit is om standaardtaal aan te pas deur grammatika op 'n manier te gebruik wat niestandaard is of om die leksikon van die doeltaal opsetlik aan te pas (soos met *nada* hier bo.). 'n Voorbeeld is 'n spreker wat sy "is" en "are" omruil. Voorbeelde van laasgenoemde kom min of glad nie in Meyer se boeke voor nie.

Perteghella (2002:50-51) beskryf vyf strategieë waardeur niestandaardelemente vertaal kan word. Die eerste een is wanneer niestandaardelemente vertaal word deur doeltekselemente of -idiome saam te voeg. Hierdie samestelling wat geskep word is steeds gevestig binne spesifieke sosiale groepe van die doelkultuur en daarom kan 'n wye verskeidenheid doeltekslesers verwar word indien sterk regionalismes (taalitems wat eie is aan sekere doeltaalsprekers wat afkomstig is van spesifieke areas)¹³ in die doelkultuur bestaan. 'n Voorbeeld is *whitey-gatte* (Meyer, 2013:30).

Die tweede tipe vertaling is pseudo-dialek-vertaling waar 'n fiktiewe dialek ontwikkel word deur niestandaardelemente van die doeltaal te gebruik. 'n Voorbeeld is die gebruik van 'n ongespesifiseerde geografiese aksent. Perteghella (2002:50) meen dat hierdie verskynsel in die voorbeeld van Klaus Reichert se *Gerettet* (1966) voorkom – die eerste Duitse vertaling van

¹³ Sien Leppihalme (2000) vir die bespreking van regionalismes

Edward Bond se *Saved* (1965). Laasgenoemde kom nie in *7 Dae* of *Kobra* voor nie. Verder word eiename in hulle bronteksvorm gelaat. 'n Voorbeeld is die verwysing na Suid-Afrika wat in die doelteks oorgedra word as *Suid-fokken-Afrika* (Meyer, 2014:9). Die eienaam word onveranderd van die bronteks in die doelteks oorgedra, met die vloekwoord wat tussen-in voorkom. Laasgenoemde maak die voorbeeld nog meer vervreemdend vir die doelteksleser, omdat die vloekwoord ook vreemd in die doelteks sal voorkom.

Die derde tipe vertaling wat hulle voorstel, is parallelle-dialek-vertaling. Dit is wanneer niestandaardelemente van die bronteks vertaal word met 'n soortgelyke variasie van die doeltaal, maar kulturele verwysings, eiename en plekname word behou. 'n Voorbeeld is, *Hy't vir haar genjaps in Desember* (Meyer, 2011:165).

Dit word vertaal in 'n neutraler, maar soortgelyke Engelse vorm van die Kaapse woord:

He njapsed her in December (Meyer, 2012:153).

Die vierde strategie wat hier voorgestel word, is die lokalisasie van niestandaardelemente waar selfs plekname en kulturele verwysings verander word. Perteghella (2002:50) meen “[t]his is very much a domesticating [...] strategy.” Kulturele verwysings word ook verander na dié van die doelkultuur. 'n Voorbeeld is

Hy't 'n maand voor haar dood vir haar **genjaps** (Meyer 2011:156).

Die vertaling is domestikerend:

A month before her death he **fucked** her (Meyer 2012:144).

Die laaste strategie is standaardisering waar niestandaardtaal, in hierdie geval Kaaps, vertaal word in standaardtaal (ook 'n duidelike ooreenkoms met Venuti se domestikering). Perteghella (2002:51) sê “...if this type of text is used for a stage production, the characterisation will lose its strength...”. Dit sal byvoorbeeld wees waar *njaps* vertaal word as *fucked* (Meyer, 2012:144) Hiermee stem ek saam, omdat die verlies aan karaktereienskappe juis dit is wat in hierdie studie ondersoek word.

Kodewisseling maak 'n groot deel van die dialoog van die twee karakters uit, omdat dit deel is van Cupido se Kaaps, maar ook Griessel se dialoog. Bandia (1996) ondersoek verskillende vertaalstrategieë wat gebruik kan word wanneer kodewisseling in die bronteks voorkom. Hy sê dat kodewisseling gebruik word om sosiale, diskoers- en verwysende betekenis in 'n teks uit te beeld. Dit word in 'n teks gebruik om die gebruiker se sosiale klas, maar ook die spesifieke register uit te wys. Hy meen dat inteksvetaling een van die strategieë is wat gebruik kan word

wanneer kodewisseling in die bronteks voorkom. Inteksvertaling probeer om 'n vreemde woord of frase wat in die bronteks voorkom in die doelteks te definieer. Die strategie probeer om vreemde woorde te neutraliseer deur die definisie in die brontekstaal te gee. Die leser word ingelig oor die betekenis van die woord sonder dat daar noodwendig vertaling in die doelteks plaasvind.

Sy studie is van toepassing op vreemde woorde of frases van die Igbo-taal wat in die dialoog voorkom. Die eerste strategie van inteksvertaling is *binnesin-omruiling*. Die voorbeeld wat hy hier noem is, “He is Okonkwo *kpom-kwem*, exact, perfect (Achebe, 1958:49). Die vreemde woord wat gebruik word se vertaling of definisie word direk langsaan ingevoeg. Die tweede strategie is *tussensin-omruiling*. Die voorbeeld wat hy hier gee is, “The proper name for a corn-cob with only a few scattered grains was *eze-agadi-nwayi*, or teeth of an old woman (Achebe, 1958:25). Die vertaling van die frase *eze-agadi-nwayi* word as 'n nagedagte of alternatief deur die woord “or” daargestel vir 'n persoon wat nie Igbo verstaan nie. Albei voorbeelde lyk na *tussensin-omruiling*.

Alhoewel dit 'n strategie is wat gebruik kan word indien vreemde elemente in die doelteks oorgedra word, soos 'n Kaapse woord wat in die doelteks gelaat word, is dit heelwat moeiliker om dit van toepassing op hierdie twee betrokke brontekste te maak. Sien byvoorbeeld die dialoog waar kodewisseling voorkom, “Da’s omtrent niks *crime* teen *tourists* nie” (Meyer, 2013:20, my kursivering) wat vertaal word met “There’s just about no *crime* against *tourists*” (Meyer, 2014:14, my kursivering). Die vertaler het geen ander keuse as om die Engelse woorde in Engels te laat in die doelteks nie (die doelteks is tog in Engels) en die vertaler kan nie die res van die sin in Afrikaans in die doelteks oordra nie. Daar is egter gevalle waar 'n Afrikaanse woord uit die bronteks in die doelteks behou word (soortgelyk aan die inteks-vertaalstrategie), byvoorbeeld “gevoelente; premonitions” (Meyer, 2014:27). Alhoewel die strategie hier toegepas word, is dit steeds nie die kodewisseling as sodanig wat in die bronteks voorkom (die Engelse woorde in die Afrikaanse sin) wat op hierdie manier vertaal word nie, maar eerder die Afrikaans van die bronteks wat in die doelteks oorgedra word. Dit is dus omgekeerde kodewisseling waar die vertaler probeer om iets van die brontaal te behou. Die kodewisseling met Engels sal noodwendig in die Engelse doelteks verdwyn.

Afgesien van laasgenoemde standpunt, kan 'n vertaling soos hier bo moontlik iets van die karakter in die Engelse teks ontbloot, omdat die Afrikaanse woord “gevoelente”, wat nou ook in die Engelse teks voorkom, die Kaapse karakter in die doelteks probeer oordra, met 'n beskrywing om die doelteksleser nie te veel te vervreem nie.

Soos vroeër genoem speel die gespreksituasie ook 'n groot rol, omdat die karakter se dialoog saam met die situasie verander. Olson (in Ben-Shahar, 1994:196) sê "... utterances in natural conversation are [...] situation-dependent entities." Talle literêre werke van die 21ste eeu verhoog die gebruik van dialoog in tekste, omdat dialoog sekere eienskappe van die omgewing of konteks waarin dit voorkom, uitbeeld (Ben-Shahar, 1994:196). Dit verskaf nie net 'n uitbeelding van die konteks nie, maar ook van die karakters in die verhaal. Spraak word dus as 'n karakteriseringstegniek gebruik (Kruger, 1991:289). Hierdie studie wil vasstel of die profiel wat daar van die karakters in die bronteks geskep word dieselfde is as die profiel wat daar van dieselfde karakter in die doelteks geskep word.

Wanneer die verskillende situasies waarin karakters voorkom in gedagte gehou word, is dit duidelik dat dit die vertaalproses beïnvloed. Wat verder hierby aansluit, is pragmatiese aspekte soos die leser se algemene agtergrond, reaksies en ander elemente wat in die leser se onmiddellike omgewing voorkom en wat die vertaler tydens die vertaalproses in gedagte moet hou. Om hierdie rede meen Ben-Shahar (1994:196) dat die vertaler van dialoog, en wat bewus is van wat 'n optimale dialoog behels, ook pragmatiese ekwivalensie in ag moet neem.

2.6.1 Eienskappe van die vertaling van dialoog met die oog op pragmatiese ekwivalensie

Pragmatiese ekwivalensie sluit by die idee van die sosiale en geografiese elemente aan, omdat die vertaling van dialoog die werklikheid (wat verwys na die werklike verskil tussen die sosiale vlakke en geografiese plasing) van die karakters van die bronteks so goed moontlik in die doelteks moet uitbeeld¹⁴.

Pragmatiese ekwivalensie word deur Stalnaker (in Hatim & Mason, 1990:59) gedefinieer as "... the study of the purposes for which sentences are used, of the real world conditions under which a sentence may be appropriately used as an utterance." Hatim en Mason (1990:57) onderskei tussen drie dimensies van konteks. Die eerste een is die kommunikatiewe dimensie waaronder standaardelemente val. Die tweede een is die pragmatiese dimensie (wat hier bespreek word) en die derde afdeling is die semiotiese dimensie wat die kwessie van ideologie insluit. Die kommunikatiewe dimensie en die semiotiese dimensie word nie hier bespreek nie, omdat ek hoofsaaklik fokus op die pragmatiese dimensie wat verband hou met en 'n invloed het op die

¹⁴ Sien Hatim en Mason (1990:251) vir 'n volledige bespreking van die pragmatiese dimensie.

vertaling van dialoog. Volgens Hatim en Mason (1990:57) is dit die pragmatiese dimensie “...which builds into the analysis values relating to the ability to ‘do things with words’”.

Dit sluit aan by die idee dat die vertaling van dialoog en die uitbeelding van die karakter nie net van die linguistiese elemente afhang nie, maar ook van die konteks waarin hierdie uitsprake gemaak word. Hatim en Mason (1990:58) meen “each element in a text displays its own ‘local’ pragmatic meaning ...” House (2002:96) se idee van die gebruik van linguistiese items en die pragmatiese omgewing wat daaraan verbonde is, sluit weer hier aan. House (2002:96) sê die toepassing van linguistiese items is belangrik. Toepassing verwys na die kulturele konteks waarin dié taalitems voorkom, oftewel die pragmatiese omgewing van die taalitems wat in gedagte gehou moet word wanneer vertaal word. House (2002:96) sê om ekwivalensie tussen linguistiese items van taal 1 en taal 2 te kry of te onderhou, moet die toepassing daarvan in ’n spesifieke pragmatiese omgewing in ag geneem word.

Die vertaling van dialoog moet dus aansluit by dit wat werklik buite die narratief aan die gang is – die werklike sosiale en geografiese elemente wat tot die dialoog van die karakters bydra. Dit kan ’n moeilike taak vir die vertaler wees om deurgaans die element van pragmatiese ekwivalensie tydens die vertaalproses in ag te neem. Die kwessie van vloekwoorde kan hier as voorbeeld genoem word, alhoewel Kaaps en kodewisseling ook hier aansluit.

Vloekwoorde speel ’n belangrike rol in die twee betrokke brontekste wat ondersoek word, omdat dit nie net bydra tot die beeld van die individu en die karakter wat geskep word nie, maar ook tot die gespreksituasie waarin die sprekers voorkom. Dit word veral in die dialoog van die karakters gebruik, byvoorbeeld waar Cupido sê, “Fokken daylight robbery” (Meyer, 2013:25) en dit heeltemal uitgelaat word in die Engelse doelteks (Meyer, 2014:32). Die weglating van die vloekwoord asook die gepaardgaande teks veroorsaak dat die gevoel wat daar van die konteks in die bronteks geskep word, in die doelteks verlore gaan. Soos in afdeling 2.4.2.1.1 reeds genoem, word vloekwoorde vir informele situasies gereserveer. Indien die vloekwoorde in die doelteks weggelaat word, soos in die voorbeeld hier bo, gaan die informele register wat daarmee gepaardgaan verlore. Die konteks wat by die vertaling van dialoog aansluit, moet dus deurgaans in gedagte gehou word, omdat dit nie net die uitbeelding van die karakter in die doelteks beïnvloed nie, maar ook die pragmatiese aspek daarvan.

Vloekwoorde beeld nie slegs die informaliteit van die situasie uit nie, maar ook die sosiale verhouding tussen die gespreksgenote. Dit is byvoorbeeld die geval met Griessel wat baie vloek in informele situasies en tussen sy kollegas, “as ek net *fokkol* wil doen” (Meyer, 2013:64) wat vertaal word met “if I wanted to do *fokkol*...” (Meyer, 2014:52, outeur se kursivering) teenoor

“Watter soort *doos* laat ’n stempel van ’n spoegslang maak..” (Meyer, 2013:93, my kursivering) wat vertaal word met “What sort of *fool* made a stamp of a spitting cobra” (Meyer, 2014:78, my kursivering). Die vertaling wys dat hier inkonsekwent gewerk word met die vertaling van vloekwoorde – dit sal ’n effek op die uitbeelding van die spesifieke situasie hê, omdat *fool* veel minder kras as *doos* is.

Dieselfde geld vir die vertaling van Kaaps asook kodewisseling. Indien Cupido dit in ’n informele situasie gebruik waar hy met ander Kaapssprekendes praat, maar dit word wegvvertaal in die doelteks, gaan die informele konteks sowel as Cupido se solidariteit met die ander Kaapssprekendes verlore. ’n Voorbeeld is waar Cupido sê *En hy’t gewiet sooner or later gaan iemand dit realise* (Meyer 2013:132-133) en dit vertaal word met *And he knew, sooner or later, someone would realise it* (Meyer 2014:114-115).

Die vertaler sal dus meer as linguistiese merkers in ag moet neem indien hy of sy doelteksvertalings wil lewer wat die oorspronklike bronteks so goed moontlik uitbeeld, maar ook karakters uitbeeld en ooreenstemmende situasies en sosiale verhoudings skep in die doelteks. Hatim en Mason (1990:59) meen dat dit die kennisname van pragmatiese waardes is wat vertalers in staat stel om die boodskap as geheel in die doelteks oor te dra.

Volgens Ben-Shahar (1994:197) word dialoog as ’n subtaal in die literatuur gesien word en dié subtaal moet herkonstruksie op verskeie vlakke ondergaan. Sy sê dit is die pragmatiese vlak wat gewoonlik die eerste is om tydens vertaling te verdwyn. “Translators of literary dialogue are likely to reduce a linguistic-poetic-pragmatic source text into a linguistic-poetic, even [...] linguistic one” (Ben-Shahar, 1994:197). Dit is daarom baie belangrik om pragmatiese ekwivalensie tydens die vertaalproses in gedagte te hou.

Die analise van die vertaalproses van dialoog word in hierdie studie aan die hand van Venuti se domestikering en vervreemding gedoen.

2.6.2 Teoretiese versoening met Venuti se domestikering en vervreemding

Volgens Federici (2012:13) is dit nodig dat Venuti (1995) se teorie van weerstand met die vertaling van niestandaardelemente skakel. Hy meen “[i]t is undeniable that Venuti’s call for translation to ‘resist fluency’ [...] concerns the translation of dialects.” (Federici, 2012:13). Verder sê hy dat die kwessie van vervreemding van toepassing is wanneer kreatiwiteit en die vertaling van niestandaardelemente bespreek word (Federici, 2012:13).

Cronin (2003:31) sluit by die idee van vervreemding aan en meen dat 'n "aggressiewe" vertaling uitgevoer moet word wanneer dit by die vertaling van elemente soos niestandaardelemente kom. Hy meen dat die vertaler nie net vir die estetiese funksie moet vertaal nie, maar ook vir die pragmatiese funksie. Alhoewel hierdie aggressiewe vertaling vervreemding tot gevolg het, moet die vertaling nie verskraal word tot 'n stagnante domestikerende vertaling nie. Die vertaling moet eerder die doeltaal herskep of hernu (ibid.). Cronin (2003:31) meen dat die vertaalproses 'n doeltteks moet lewer wat vreemde elemente van die bronteks of bronkultuur bevat. Verder moet vertalers voorstanders wees van die beskerming en bevordering van verskillende tale, veral tale wat in die minderheid is (ibid.).

Die vertaling van Kaaps vereis na aanleiding van Cronin (2003:31) dat die vertaler die doeltteksleser moet blootstel aan die vreemdheid daarvan. Die karakteruitbeelding in die bronteks moet in die doeltteks oorgedra word. Vervreemding word hier as vertaalstrategie verkies met die oog op die behoud en bewusmaking van kulturele diversiteit en die bevordering en bewusmaking van minderheidstale soos Kaaps.

Venuti (1998:135) verskaf sy eie definisie vir 'n niestandaardtaal soos Kaaps en dit sluit aan by sy teorie van domestikering en vervreemding. Venuti (1998:135) sê,

"I understand 'minority' to mean a cultural or political position that is subordinate, whether the social context that so defines it is local, national or global. This position is occupied by languages and literatures that lack prestige or authority, the non-standard, what is not spoken or read by a hegemonic culture." (ibid.).

Federici (2012:15) vra die volgende met die oog op Venuti se domestikering en vervreemding: "[i]f the social class represented or the geographical areas represented are used for comical purposes or to carry forward the plot, how can these features be lost?" Hierdie vraag sluit direk by hierdie studie aan.

Noudat daar vasgestel is dat dialoog nie net karakters uitbeeld nie, maar dat verskillende situasies ook die dialoog en uitbeelding van karakters beïnvloed, word dit duidelik om te sê dat House se onderskeid tussen die taalgebruiker (user) en die taalgebruik (use) hier van toepassing is, waar die taalgebruiker na die uitbeelding van die karakter verwys en die taalgebruik na uitbeelding van die gespreksituasie. Die vertaling van die dialoog word ondersoek aan die hand van House (1997) se model (AVG) saam met Venuti se domestikering en vervreemding. Venuti se teorie word eerste bespreek en daarna word House se model bespreek.

2.7 Vervreemding en domestikering

In hierdie studie sal Venuti se vertaalbenaderings *domestikering* en *vervreemding* gebruik word om te kyk of daar enige konsekwentheid in die vertaler se benadering was in die oordrag van die dialoog van Meyer se twee hoofkarakters in die bepaalde werke.¹⁵ Die rede hiervoor is dat die teorie voorsiening maak vir die oordra van vreemde elemente wat eie is aan die bronkultuur in die doeltteks. In hierdie geval is die vreemde elemente wat in die bronteks voorkom dialoog wat Kaaps en kodewisseling bevat. Die niestandaardelemente en kodewisseling wat in die bronteksdialoog voorkom, kan óf domestikerend óf vervreemdend vertaal word.

Venuti se teoretiese benadering kan nie bespreek word indien daar nie na die oorsprong van die terme *domestikering* en *vervreemding* verwys word nie. Schleiermacher (1813:49) verwys na die verskillende metodes wat tydens vertaling gevolg kan word, naamlik dat die vertaler twee keuses het wanneer dit by die vertaling van 'n teks kom: "Either the translator leaves the author in peace as much as possible and moves the reader toward him; or he leaves the reader in peace as much as possible and moves the writer toward him." Die vertaler kan dus die bronteks op so 'n manier vertaal dat die doelteksleser nie agterkom dat dit 'n vertaling is nie, byvoorbeeld om Kaaps in die doelteks weg te vertaal, óf die vertaler kan die bronteks só vertaal dat vreemde elemente in die doelteks behou word en die doelteksleser die wêreld(e) van Meyer se karakters betree.

Venuti (1995:20) formuleer op grond van Schleiermacher se stelling die terme *domestikering* en *vervreemding*. Hatim (2001:46) definieer *domestikering* soos volg, "[...] the hallmark of dominant translation traditions such as the Anglo-American, is seen as an approach to translation which, in order to combat some of the 'alienating' effects of the foreign text, tends to promote a transparent, fluent style". Hierteenoor word die tweede tipe vertaling, *vervreemding*, as volg deur Hatim (2001:46) gedefinieer, "... a translation strategy which deliberately breaks target linguistic and cultural conventions by retaining some of the 'foreignness' of the source text." Die vreemdheid van die bronteks word in die doelteks behou om die doelteksleser met opset te vervreem ten opsigte van woorde of frases wat die brontekskultuur uitbeeld.

¹⁵ House (1997) se model maak gebruik van haar teorie vir overte en koverte vertaling. Ek neem kennis van hierdie vertaalstrategieë, maar dit word nie vir hierdie studie gebruik nie. Haar model word slegs aangewend om die praktiese analises moontlik te maak.

Schleiermacher en Venuti verkies vervreemding as vertaalstrategie (Venuti, 1995:15). Antoine Berman (1985:284) beskou Schleiermacher se argument as die enigste etiese tipe vertaling en sy idee van die “deforming system” sluit hier aan (Berman, 1985:284). Vertaling is ’n proses wat vreemdheid aan ons oopmaak deur middel van die uiterste elemente van vreemdheid (Berman, 1985:284). Berman, nes Venuti, verkies dat vertaling uitgevoer word met die eienskap van vervreemding wat in die doelteks teenwoordig is. Nabokov (1955:121) kritiseer ook vertalings wat glad lees en meen dat vertalings eintlik letterlike vertalings moet wees.

Volgens Venuti verkies die Britse en Amerikaanse kultuur domestikering. Dit bring mee dat vertalings vlot vertaal word, maar dit veroorsaak ook dat die vertalings ’n illusie van deursigtigheid skep (Venuti, 1995:16). Die illusie van deursigtigheid word verskans as ’n ware semantiese ekwivalent wanneer dit eintlik die vreemde teks voorstel deur middel van ’n gedeeltelike interpretasie van die bronteks (Venuti, 1995:16). Dit veroorsaak dat die vreemde elemente van die bronteks nie in die doelteks oorgedra word nie, maar slegs die interpretasie daarvan. Venuti (1995:16) meen dat vervreemding die strategie moet wees wat gebruik word tydens vertaling, omdat dit etnosentrisme, rassisme, kulturele narsisme en imperialisme kan teenstaan. Hierdie teenstand word meegebring wanneer ’n minderheidstaal se vreemde elemente in die doeltaal gelaat word om die doeltal aan hierdie minderheidskultuur bloot te stel. Dit bevorder die minderheidstaal se identiteit deurdat daar ’n plek in die doeltal se literêre raamwerk vir die minderheidstaal gegee word. ’n Afrikaanse boek wat vir die internasionale leser vertaal word en Kaapse woorde bevat, bevorder nie net die identiteit van Kaaps nie, maar ook dié van die Kaapssprekende.

Vertalings wat soos vertalings lees – dit is wanneer lesers bewus is daarvan dat hulle ’n vertaling lees – is dus vervreemdende vertalings. Die behoud van vreemde brontekselemente in die doelteks is een tipe vervreemding. Paratekstuele elemente soos voetnote of glossariums dra ook tot vervreemding by. Voetnote of glossariums is ekstra teks wat as hulpmiddels dien om vreemde woorde of frases in die doelteks vir die leser te lys en te beskryf.

Vergelyk wanneer die dialoog van Cupido, “broe’, daai’s kwaai” (Meyer, 2013:38) oorgedra word in die doelteks as “broe’ daai’s kwaai” (Meyer, 2014:30). Die internasionale doeltekslesers sal hierdie dialoog moeilik vind om te verstaan, omdat dit Kaaps bevat. Hierdie inskrywing word in die glossarium opgeneem en word beskryf as “Cape Flats Afrikaans for ‘Brother, that’s heavy’ (Meyer, 2014:340). Dit is belangrik om hier te noem dat die paratekstuele elemente die vreemde terme vir die doelteksleser kan verduidelik, maar die

behoud van die vreemde elemente in die doeltekste veroorsaak dat 'n hibriede doelteks geproduseer word.

Hierteenoor is vertalings wat lees asof dit oorspronklik in die doeltaal geskryf is, domestikerende vertalings. Die dialoog van Cupido, “Daai’s Twitter. Jy moet dans, pappie, om by te bly ...” (Meyer, 2011:142) word in die doelteks “You have to motor, Pops, to keep up ...” (Meyer, 2012:131). Die doelteksleser sal hierdie dialoog maklik vind om te lees, omdat dit lyk soos baie informele Suid-Afrikaanse Engels – die vertaler raak dus onsigbaar. In die geval van 'n gedomestikeerde vertaling word paratekstuele elemente nie gebruik nie, omdat moeilike brontekselemente in die teks self wegvertaal word en dit nie nodig is om dit in glossariums of voetnote te definieer nie.

2.7.1 Kritiek teen Venuti

Daar is reeds heelwat kritiek teen Venuti uitgespreek onder andere teen die onderskeid wat hy tref tussen die bronkultuur en die doelkultuur, naamlik dat die bronkultuur noodwendig heeltemal vreemd is vir die doeltekskultuur (Venuti, 1995:154). Dit kan wel geldig wees wanneer 'n Afrikaanse vertaling vir 'n internasionale Engelse leser bedoel word omdat Afrikaans as minderheidstaal in 'n universele Engelse doelteks sal voorkom (Kleyn, 2014:14-15). Afrikaans sal dan in 'n gedomestikeerde vertaling heeltemal verdwyn binne die hegemonie van Engels.

Indien daar na die vertaling van Meyer se speurverhale gekyk word, kan die vraag gevra word of die kultuur van die Afrikaanse leser en die Engelse leser in Suid-Afrika werklik so drasties verskil. Indien die bronteks- en doelteksleser albei Suid-Afrikaans is, sal die Engelse leser heeltemal vertrouwd wees met die Afrikaanse kultuur. Verder behoort alle Afrikaanssprekende persone ook nie tot een kultuur nie; vergelyk byvoorbeeld die kultuurverskille tussen die bruin en wit Afrikaanssprekendes.

Tymoczko (2000:36) lewer weer kritiek op Venuti se definisie van vervreemding en domestikering en sê dat die definisie wat hy gee nie heeltemal deursigtig is nie. Volgens haar beskou hy die twee terme as “a kind of absolute or universal standard of evaluation, with a sort of on/off quality rather than a sliding scale” (2000:38). Dit veroorsaak dat hy dit nie heeltemal duidelik maak hoeveel vervreemding nodig is voordat 'n vertaling as vervreemdend beskou word nie. Aangesien ek saamstem met Tymoczko (2000:36) se siening van die gebruik van vervreemding en domestikering op 'n glyskaal, is dit nie noodwendig 'n probleem dat die definisie van domestikering en vervreemding nie heeltemal duidelik is nie. Ek stem wel saam

met Tymoczko (2000:39) wat sê dat dit problematies raak wanneer Venuti se onderskeid as 'n universele maatstaf vir die kwaliteit van vertalings gebruik word. Myskja (2013:8) meen “it becomes more difficult when we try to characterize translations of whole texts as being domesticating or foreignising overall”.

Baker (2010:115) beskou die onderskeid tussen vervreemding en domestikering as té eenvoudig om werklik te beskryf wat tydens die vertaalproses gebeur. Sy meen dat dit 'n hele spektrum van vertaaldenke dwing om in twee kategorieë geplaas te word. Volgens Baker (2010:115) verbloem Venuti se onderskeid die feit dat sekere tekste sowel domestikering as vervreemding bevat. Venuti sê wel die volgende: “The terms “domestication” and “foreignization” do not establish a neat binary opposition that can simply be superimposed on “fluent” and “resistant” discursive strategies [...]” (Venuti, 2004:19). Indien hierdie terme in binêre opposisie gebruik word, is dit problematies wanneer 'n karakter uitgebeeld moet word van iemand wat 'n minderheidstaal gebruik en des te meer 'n variëteit van 'n minderheidstaal, soos by Cupido die geval is. Indien daar totaal gedomestikeer word in Engels, word niks van die karakter oorgedra nie. Indien daar totaal vervreem word, kan dit beteken dat die doeltaalleser belangstelling verloor omdat hy/sy te min van die inhoud volg.

Shamma (2009) lewer kritiek teen Venuti se voorkeur vir vervreemdende vertalings en sê dat alhoewel dit minderheidskulture wil ophef en aspekte soos rassisme wil teenstaan, kan dit ook die teenoorgestelde effek hê. Hy analiseer Arabiese vertalings in Engels met behulp van die domestikerende en vervreemdende strategieë. Sy resultate toon dat die vertalings wat vervreemdend vertaal word, moontlik Engelse vooroordeel teen die bronkultuur sal herinstel. Alhoewel die vertaler vervreemdend te werk gaan, voeg die vertaler té veel vreemde woorde by in die doeltteks. Geweld en sekstonele word oorbeklemtoon deur ekstra voetnote en vreemde woorde in die Engelse teks by te voeg, wat bydra tot die vooroordeel teen die Arabiese kultuur wat in die Arabiese bronteks uitgebeeld word. Vergelyk Myskja (2013:14) vir verdere probleme wat 'n vervreemdende vertaling kan veroorsaak:

The overall effect of such a translation [...] is in fact exoticising rather than foreignising. The translation method creates an image of the source culture which marks its differentness, but which is more likely to leave the readers with a complacent attitude of cultural superiority than make them question their own norms.

Die byvoeging van té veel vreemde brontekswoorde in die doeltteks het dus soms 'n negatiewe effek op die doeltteksleser se leeservaring, eerder as om slegs die bronkultuur aan die doeltteksleser bekend te stel.

Die laaste punt van kritiek wat ek hier wil noem is dié van Cronin (2010:185). Hy sê Venuti werk slegs met vertaling van minderheidstale in wêreldtale. Wanneer die teenoorgestelde gebeur, kan vervreemdende vertaling gevaarlik wees wanneer 'n wêreldtaal soos Engels in Afrikaans vertaal word. 'n Vervreemdende strategie kan veroorsaak dat die minderheidstaal sy identiteit verloor wanneer leksikale en sintaktiese frases of woorde deurgaans by die wêreldtaal “geleen” word. Dit veroorsaak dan presies die teenoorgestelde van Venuti (1995) wat wil hê dat elemente van die minderheidstaal in die wêreldtaal gebruik moet word.¹⁶

Vervreemding en domestikering is wel heel nuttig vir die studie van dialoogvertaling wat hier gedoen word, omdat die vertalings uit 'n minderheidstaal in Suid-Afrikaanse Engels gedoen word. Die analyses probeer vasstel of die dialoog oorwegend vervreemdend of domestikerend vertaal is en in watter mate dit die karakteruitbeelding in die doeltteks beïnvloed.

House se AVG-model word gebruik om voorsiening te maak vir die onderskeid tussen die taalgebruiker en die taalgebruik om dialoog te verdeel en so te analiseer. Voorts word House se model vir AVG bespreek.

2.8 Assessering van Vertaalgehalte (AVG)

House se oorspronklike model (1977) word in (1997) aangepas om dit te vereenvoudig – die oorspronklike model word volledig in House (1997) bespreek. Die oorspronklike uiteensetting van die model word vir hierdie studie gebruik. Die model bestaan uit sowel 'n beskrywende as vergelykende komponent en bestudeer nie net die vertaling nie, maar ook die bronteks. In hierdie studie word die model nie gebruik om die kwaliteit van die vertaling te assesser nie, maar om die onderskeid tussen taalgebruiker (user) en taalgebruik (use) uiteen te sit. Hier volg 'n kort opsomming van House se AVG-model.

House (2013) is van mening dat ekwivalensie een van die belangrikste aspekte is waaraan aandag gegee moet word tydens die vertaalproses. Verder moet die skakel wat tussen die bronteks en die doeltteks voorkom ook in gedagte gehou word. Die kwessie van ekwivalensie word belangrik wanneer die beperkinge van die doeltteks en die ontvanger se omstandighede en verwagtinge in ag geneem word. Verder moet daar heelwat linguistiese en kontekstuele faktore in ag geneem word, byvoorbeeld die strukturele beperkinge van die betrokke tale, verskillende

¹⁶ Die kritiek is slegs kortliks opgesom. Raadpleeg Tymoczko (2000), Baker (2010), Shamma (2009) en Cronin (2010) vir die volledige bespreking van die kritiek teen Venuti.

voorstellings van realiteit in die betrokke tale, die linguistiese en stilistiese norme van die vertaler en doeltaal, die verwagtinge van die ontvanger, vertaaltradisies asook die vertaler se begrip van die bronteks – saam met die vertaler se kreatiwiteit en teoretiese benadering (indien wel) wat hy of sy tydens die vertaalproses gebruik.

2.8.1 House se dimensies vir taalgebruiker en taalgebruik

House (1997:36) is van mening dat die teksfunksie en die spesifieke konteks waarin die teks voorkom, nie geskei kan word nie. Sy gaan verder en sê dat indien die vertaling suksesvol wil wees, moet die funksie van die vertaling dieselfde as dié van die bronteks wees. House (1997:275) gebruik Crystal en Davy (1969:66) se skema as raamwerk om die volgende model daar te stel.

Dimensies van die **taalgebruiker**

- Geografiese herkoms
- Sosiale klas
- Tyd

Dimensies van die **taalgebruik**

- Medium: eenvoudig/kompleks
- Deelname: eenvoudig/kompleks
- Sosiale rolverhouding
- Sosiale houding
- Verwysingsgebied

In hierdie studie word bogenoemde onderskeid tussen die taalgebruik en die taalgebruiker in die bronteksanalise gebruik as kategorieë waarvolgens karakterbeskrywings gedoen word. Die brontaal gee vir die leser 'n prentjie van die taalgebruiker en dit skets ook vir die situasie waarin die taal gebruik word. Voorts gee ek 'n kort beskrywing van elke afdeling onder House se dimensies.

2.8.1.1 Dimensies van die taalgebruiker

2.8.1.1.1 Geografiese herkoms

Die gebruik van Kaaps ressorteer onder hierdie afdeling, omdat dit tot die uitbeelding van die karakters se herkoms bydra. Kaaps het ontstaan in die Kaap en dit kom meestal voor in die Wes-Kaap en spesifiek op die Kaapse Vlakte (sien afdeling 2.4.1.1.1). Cupido se gebruik van

Kaaps dra by tot sy karakteruitbeelding as bruin Kaapssprekende afkomstig van die Kaapse Vlakte.

2.8.1.1.2 Sosiale klas

Dit is moeiliker om te bepaal of vloekwoorde en kodewisseling werklik die karakter se sosiale klas uitbeeld en of dit eerder verskillende registers voorstel. Die rede hiervoor is dat vloekwoorde en kodewisseling meestal deur Cupido én Griessel gebruik word wanneer hulle met mekaar in informele situasies kommunikeer. Dit kom deurgaans in albei karakters se dialoog voor en daarom kan dit 'n aanduiding van sosiale klas wees, maar ook van register, oftewel taalgebruik. Volgens my stel dit eerder verskillende registers voor, maar dit kan in sommige gevalle (maar nie altyd nie) die sosiale klas van die karakter uitwys. Kodewisseling (en soms vloek) word deur die meeste Afrikaanssprekendes gebruik (insluitend mense uit hoë sosio-ekonomiese groeperings) en kan nie slegs 'n merker van sosiale klas wees nie.

Kodewisseling en vloek kom dus nie net onder die afdeling sosiale klas voor nie, maar ook onder sosiale rolverhouding wat taalgebruik uitbeeld.

2.8.1.1.3 Tyd

Die tydsaspek word by hierdie studie uitgesluit. *7 Dae* en *Kobra* is deurgaans in kontemporêre Afrikaans geskryf en geen verouderde woorde kom voor nie.

2.8.1.2 Dimensies van die taalgebruik

2.8.1.2.1 Medium

Medium verwys na die oordrag van 'n boodskap asook die doel van die boodskap (House, 1997:40). Vertaling verwys na geskrewe tekste, alhoewel *medium* na verskeie vorme van geskrewe of gesproke kommunikasie kan verwys. Medium is die manier waarop die leser die teks ervaar. Die teks word geskryf asof daar met die leser gepraat word, of dit word geskryf asof die leser uitgesluit word en daar deur 'n derdepersoonsverteller met die leser gepraat word, ens (ibid.). Wanneer daar geskryf word asof daar met die leser gepraat word sal frases soos “sê Griessel” of “sê Cupido” gebruik word. Die frases dui daarop dat daar wel dialoog in die tekste voorkom en dit is wat vir die analyses gebruik word. Dit kom daarop neer dat die medium vir hierdie studie die direkte rede is wat ondersoek word.

2.8.1.2.2 Deelname

Deelname verwys na die vorm van kommunikasie wat deelnemers in die teks gebruik, byvoorbeeld 'n monoloog of 'n dialoog wat gevoer word. Dit is die manier waarop die verteller

met die leser kommunikeer. 'n Kombinasie tussen dialoog en monoloog kan voorkom (House, 1997:40).

In *7 Dae* en *Kobra* is daar gevalle waar 'n monoloog voorkom, maar dit word deur 'n derde "stem" vertel – 'n eksterne verteller. Soos vroeër genoem, fokus hierdie studie slegs op die vertaling van dialoog – alle teks wat 'n gesprek tussen Cupido en/of Griessel en/of met ander sprekers uitbeeld. Die gevalle waar 'n monoloog voorkom, word nie vir die analises gebruik nie. Die dialoog word gebruik om die interaksie van Griessel en Cupido met ander karakters voor te stel. Die leser voel asof hy of sy buite staan en kyk hoe die geselskap plaasvind. Die gebruik van die dialoog plaas die leser buite die narratief wat die interaksie tussen karakters waarneem. Vir die doeleindes van hierdie studie is die analise van die dialoog heel gepas, omdat die leser 'n beeld van die twee karakters op grond van die dialoog skep – in die bron- en doeltteks.

2.8.1.2.3 Sosiale rolverhouding

Volgens House (1997:41) behels die sosiale rolverhouding die verhouding wat tussen die spreker en die aangesprokene in 'n teks bestaan. Dié verhouding word beskryf deur die teenwoordigheid of afwesigheid van outoriteit wat of asimmetries (een of ander vorm van outoriteit is teenwoordig) of simmetries (niehiërargies) is. Die outoriteit wat in die dialoog voorkom, of nie, is wat sosiale rolverhouding van die ander afdelings onder taalgebruik onderskei.

House (1997) sê die verhouding tussen die spreker en die aangesprokene bestaan slegs uit die verteller en die skrywer. Dit is nie so eenvoudig nie, omdat daar in 'n literêre teks 'n sosiale rolverhouding tussen die karakters in die teks bestaan – hierdie verhouding beïnvloed die register wat in die teks gebruik word, omdat karakters op verskillende sosiale vlakke voorkom. Waar dialoog tussen die karakters in die twee werke voorkom, word daar meestal 'n informele toon gebruik wat gelykheid onder die deelnemers voorstel, byvoorbeeld Cupido en Griessel wat met kollegas of vriende gesels. Laasgenoemde word as 'n simmetriese verhouding beskryf. Daar is ook gevalle waar die verhouding asimmetries is, byvoorbeeld Cupido en Griessel wat met 'n verdagte praat (waar Cupido en Griessel in 'n magsposisie is) óf Cupido en Griessel wat met 'n hoër gesag praat en dan in 'n ondergeskikte posisie verkeer.

Kodewisseling, vloek en Kaaps ressorteer ook onder hierdie afdeling (sien 2.8.1.1.2). Soos die verhouding tussen die sprekers van simmetries na asimmetries verander, word kodewisseling

en vloek minder gebruik. Dit is ook die geval met Kaaps – Cupido praat eerder Standaardafrikaans of Suid-Afrikaanse Engels wanneer hy met 'n verdagte praat.

2.8.1.2.4 Sosiale houding

Sosiale houding sluit nou aan by die sosiale rolverhouding wat hier bo bespreek word, maar fokus eerder op die gespreksituasie wat formeel of informeel is as op die sosiale rol wat sprekers besit. Die sosiale houding fokus op die sosiale afstand wat tussen deelnemers van 'n gesprek voorkom (House, 1997:41). 'n Onderskeid kan weereens getref word tussen die sosiale houdings van die verteller, die skrywer en tussen die karakters in die teks – die fokus is op die sosiale houding tussen die karakters in die teks.

House (1997:41) verwys na Joos (1961) wat tussen vyf verskillende tipes formaliteit onderskei. Die tipes is vas, sonder enige afwykings (*frozen*) (meestal literêr – dit is altyd net die leser en skrywer wat teenwoordig is), vir onderrig / opvoeding), formeel (*formal*) (goed gestruktureerd, omvattend met geen deelname van aangesprokene), konsulerend (*consultative*) (neutraal en word gewoonlik gebruik wanneer vreemdelinge met mekaar gesels), informeel (*casual*) (tussen vriende en familie), intiem (*intimate*) (intieme verhoudinge). In die betrokke tekste is die kommunikasie wat voorkom meestal informeel, met sommige gevalle waar konsulerende dialoog voorkom. 'n Intieme verhouding kan ook tussen Cupido en Griessel gevind word, maar vir die doeleindes van die studie word daar slegs op informeel en konsulerend gefokus. Die rede vir laasgenoemde is omdat daar meestal informele en konsulerende dialoog voorkom en omdat die verhouding tussen Cupido en Griessel eerder as oorwegend informeel beskou word. Konsulerende dialoog word gebruik wanneer Cupido en Griessel met 'n verdagte of vreemdeling praat – geen kodewisseling, Kaaps of vloekwoorde sal gebruik word nie, maar slegs Standaardafrikaans / neutraal Afrikaans word gepraat. Hierteenoor word daar gemaklik / informeel gekommunikeer wanneer hulle met mekaar of met vriende of familie gesels – informele Standaardafrikaans met kodewisseling en vloeke of Kaaps met kodewisseling en vloeke word gebruik. Die sosiale afstand tussen die deelnemers van die gesprek beïnvloed dus die dialoog.

Sosiale houding sluit tot 'n mate by sosiale rolverhouding aan, omdat die verhouding (en die situasie) tussen die deelnemers die dialoog beïnvloed, alhoewel die sosiale houding meer op formele en informele gespreksituasies fokus en die sosiale rol meer op die outoriteit van die sprekers fokus. Dit word weereens bewys dat die spesifieke situasie waarin die karakters hulle bevind 'n groot rol in hulle dialoog speel.

2.8.1.2.5 Verwysingsgebied

Verwysingsgebied verwys na die teksprodusent se professionele aktiwiteite asook die onderwerp van die teks (House, 1997:42). House gebruik die woord “field” wat terugverwys na Halliday (1978) se definisie van register. Halliday gebruik die woord “field” om te beskryf wat plaasvind in ’n gespreksituasie en hoe dit die spreker se woordkeuse beïnvloed. Dié afdeling omskryf ook die genre van die teks. Hierdie afdeling is nie vir hierdie studie ter sake nie en ek volstaan met sosiale klas en sosiale-rol verhouding om voorsiening te maak vir die analise van die tipe taalgebruik en hoe dit die dialoog beïnvloed.

2.8.2 Identiteit en taal (taalgebruiker) vs. register (taalgebruik)

Die onderskeie dimensies wat gebruik word om die analyses van die dialoog in *7 Dae* en *Kobra* te doen, word oorsigtelik hier bespreek. House se model word vir die doeleindes van die studie aangepas, omdat ek wil bepaal hoe die vertaling van die dialoog die uitbeelding van die taalgebruiker en sy taalgebruik in die doelteks beïnvloed. House (1997) se model word soos volg vir die studie aangepas:

Dimensies van die taalgebruiker:

- Geografiese herkoms: Kaaps (kodewisseling en vloek)
- Sosiale klas: Kaaps (kodewisseling en vloek) vs. Standaardafrikaans (kodewisseling en vloek)

Dimensies van taalgebruik:

- Sosiale rolverhouding: Kaaps (kodewisseling en vloek) vs. Standaardafrikaans (kodewisseling en vloek)
- Sosiale houding: Kaaps (kodewisseling en vloek) vs. Standaardafrikaans (kodewisseling en vloek)

Om die aanpassing van die model te motiveer, volg hier ’n kort onderskeid tussen die taalgebruiker en die taalgebruik soos wat dit in hierdie studie gebruik is.

2.8.2.1 Identiteit, taal en karakterisering (taalgebruiker)

Cupido gebruik Kaaps soos “Daai broe’ is ’n pro” (Meyer, 2013:174). Die rede waarom hy Kaaps gebruik wanneer hy met Bennie praat, is moontlik om te bewys dat hy nie soos Bennie is nie – dat hy bruin is en van die Kaapse Vlakte is. Dit kan ook net ’n ontspanne verhouding uitbeeld. Een van die voorgangers van Kaapse literatuur, Adam Small, meen dat Kaaps ’n taal

is wat sy sprekers se diepste gevoelens verwoord en “’n draer van identiteit en waardes is” (Le Cordeur, 2013).

Tydens ’n gesprek met ’n verdagte sal Cupido neutraler Standaardafrikaans praat, om te bewys dat hy “op dieselfde vlak” as die verdagte is. De Vries (2006) maak ’n belangrike stelling hier deur te sê dat die sprekers van Kaaps nie sommer hulle taal in die geselskap van vreemdelinge gebruik nie. Die rede hiervoor is omdat wit mense en swart sprekers wat nie die variëteit beheers nie, hulle nie sal verstaan nie en hulle standaardtaal moet gebruik om te kommunikeer. Hierteenoor praat hulle Kaaps wanneer hulle nie wil hê dat ander hulle moet verstaan nie – dit word as ’n tipe “geheimtaal” gebruik (ibid.).

In ander gevalle gebruik Cupido Kaapse woorde in sy dialoog om te bewys dat hy nié soos die verdagte is nie – dat hy in ’n magposisie is en intimiderend kan wees of dat hy bruin is en van die Kaapse Vlakte kom. Sien die voorbeeld van die gesprek met Egan (’n wit verdagte in *7 Dae*) waar hy deurgaans kodewisseling en Kaapse woorde soos “njaps” (om seks te hê) gebruik (Meyer, 2011:154). Vloekwoorde en kodewisseling vorm deel van Kaaps en kom ook in Cupido se dialoog voor - dit dra ook by tot sy karakteruitbeelding. Aangesien Egan wit is, praat Cupido moontlik Kaaps om vir Egan te wys dat hy anders as hy is of om hom te intimideer.

Griessel se dialoog sal in neutrale Standaardafrikaans wees, byvoorbeeld “Hy is ’n Britse burger” (Meyer, 2014:16). Hy wil moontlik tydens ’n ondervraging beklemtoon dat hy ’n professionele polisieman is. In gevalle waar hy met Cupido of met vriende kommunikeer, word sy Afrikaans informeler, selfs plat of vulgêr en kom daar vloekwoorde in sy dialoog voor, asook kodewisseling. Sy taalgebruik is tipies van ’n middelklas, middeljarige wit speurder of enige Afrikaanse middelklasman van die Kaapse noordelike voorstede.

2.8.2.2 Register (taalgebruik)

Soos reeds vasgestel, beeld dialoog karaktereienskappe uit en bied dit die leser ’n goeie idee van die tipe karakter wat in die teks geskets word. Dit is egter onmoontlik dat die tipe register nie hierdie dialoog beïnvloed nie. Die karakters se interaksie met mekaar in verskeie situasies veroorsaak dat hulle dialoog aangepas word.

Daar is verskille in die dialoog van die twee betrokke karakters, Cupido en Griessel, wanneer die situasies verskil waarin hulle verkeer. Cupido sal tydens ’n formeler of neutrale situasie Standaardafrikaans praat. Hierteenoor sal hy Kaaps praat wanneer hy alleen verkeer met Bennie of ander sprekers van Kaaps. Die situasie is dan uiteraard informeler. Volgens Hendricks (2012a:97) varieer Kaaps ten opsigte van die gebruikssituasie – sommige sprekers gebruik dit

as moedertaal, terwyl ander dit as 'n geleentheidskode gebruik. Kaaps is vir sommige sprekers 'n kommunikasievorm wat gereserveer is vir informele gesprekke.

Dit is nie net die geval met Kaaps nie, maar ook met vloekwoorde en kodewisseling. Bennie sal neutrale Standaardafrikaans praat wanneer hy met 'n verdagte praat, maar vloekwoorde en (soms) kodewisseling gebruik wanneer hy met Cupido praat. Die situasie bepaal dus die register.

2.8.3 Die toepassing van die model

Volgens House (1997:43) moet die doelteks met die bronteks vergelyk word om die kwaliteit van 'n vertaling te bepaal – soos reeds genoem word die kwaliteit nie in hierdie geval bepaal nie. House (1997:43) gaan verder en sê om dit te kan doen moet die brontekste geanaliseer word met behulp van die bogenoemde kategorieë wat onder taalgebruik (use) en taalgebruiker (user) voorkom. Die taalgebruiker en die taalgebruik word albei ook in hierdie studie ondersoek omdat karakteruitbeelding nie sonder die konteks waarin dialoog voorkom ondersoek kan word nie.

Die eerste deel van die analise is afgehandel wanneer die bronteks ondersoek is en die funksie van die bronteks bepaal kan word (House, 1997:45). Die tweede deel van die ondersoek behels die vergelyking van die bronteks en die vertaling daarvan om 'n moontlike bepaling van kwaliteit daar te stel. Dit word gedoen deur die probleme in die vertaling te lys onder dieselfde kategorieë wat gebruik is om die bronteks te ondersoek (House, 1997:46).

Vir die doeleindes van hierdie studie word die analises aan die hand van die kategorieë vir taalgebruik en taalgebruiker gedoen word. Voorbeelde sal onder die afdelings geografiese herkoms, sosiale klas, sosiale rolverhouding en sosiale houding ondersoek word.

Die vertaling van Vaughn Cupido en Bennie Griessel se dialoog gaan mikrotekstueel ondersoek word aan hand van die terme domestikering en vervreemding. Verder word House (1997) se aangepaste model vir AVG gebruik om *7 Dae* en *Kobra* te analiseer.

Hoofstuk 3

Analise van *7 Dae*

3.1 Inleiding

Soos gesê, maak ek gebruik van die onderskeid tussen taalgebruiker en taalgebruik om die dialoog te analiseer. Die term “Taalgebruiker”, soos in hierdie studie gebruik word, verwys na die wyse waarop ’n karakter in die doeltteks uitgebeeld word deur die vertaling van die bronteksdialoog in die doeltteks. Onder taalgebruiker word daar slegs op geografiese herkoms (Kaaps) gefokus. Verder word daar verwys na taalgebruik as die spesifieke gespreksituasie (formeel of informeel) wat in die bronteks uitgebeeld word en daar word ondersoek of hierdie situasie in die doeltteks oorgedra word. Onder die afdeling taalgebruik word daar slegs op sosiale rolverhouding en sosiale houding gefokus.

Die analise word met behulp van ’n kwalitatiewe benadering gedoen. In die kwalitatiewe analise word daar vir elke afdeling, taalgebruiker en taalgebruik, twee voorbeelde gebruik aan die hand waarvan die bespreking gedoen word. Die twee voorbeelde word in detail bespreek om vas te stel wat tydens die vertaalproses gebeur en watter effek dit het wat betref die taalgebruiker of taalgebruik in die doeltteks. Die oorblywende voorbeelde word in addenda gelys (sien addendum A vir *7 Dae*). Die ontledingsmetode wat gebruik is vir albei kwalitatiewe analyses van *7 Dae* en *Kobra* (sien hoofstuk 4) behels die uitlig van die Afrikaanse dialoog, gevolg deur die Engelse vertaling. Elke vertaaleenheid wat hanteer word, word ooreenkomstig in die Afrikaans en Engels met ’n a of b, ens. afgepaar en word ook in die kolomme aangedui. Die vertaalstrategie wat gebruik word, naamlik ’n domestikerende of vervreemdende vertaling word ook in die kolomme aangedui (sien afdeling 3.2.1 en tabel 1 vir ’n bespreking van Voorbeeld 1). Die fokus is of dit ’n domestikerende of vervreemdende vertaling tot gevolg het.

Dit wat ondersoek word, is of die hibriditeit van die bronteks in die doeltteks oorgedra word. Die doel van die hibriditeit in die bronteks was om die taalgebruik van ’n tipiese Suid-Afrikaanse karakter en taalgebruiker te skets.

3.2. Taalgebruiker

3.2.1. Geografiese herkoms: Kaaps

Kaaps word onder die afdeling geografiese herkoms geplaas, omdat dit tot die uitbeelding van die karakter se herkoms in die bronteks bydra. Of die Kaapse dialoog in die doeltteks oorgedra word, bepaal of die hibriditeit van die bronteks én die uitbeelding van die karakter in die doeltteks oorgedra word.

(i) Voorbeeld 1: Cupido

Cupido: “Egan. Watse naam is Egan? Hoe kom jy op **daai** (a) een? Hoe kyk jy vir **hierie** (b) baby, jou **laaitie** (c), en sê, ‘**nooit** (d), dis ’n Egan’. Klink soos die naam van ’n alien in ’n Spielberg movie. **Fokken Egan** (e). **Egan the Vegan** (f). En ek sê jou, **daai whitey** (g) lieg. **Jissis** (h), **daai** (i) houding... Ek’s ’n handsome **doos** (j), ek werk op ’n wine estate, ek maak **eikebalies** (k), ek’s eintlik **fokken** (l) cool. Pis my af. **Ma’** (m) wat my die meeste affis, is dat hy dink ons is **fokken** (n) fools. Hy’t **daai** (o) tiete gesien, hy’t **daai** (p) tiete gevoel, hy’t vir haar **genjaps** (q), en toe wil hy dit weer hê. En toe sê sy vir hom, sorry, pappie, it’s all over, you had your chance, you blew it. En toe dink hy, as hy dit nie kan kry nie, kan niemand nie. **Kanne** (r) moes hom wakker gehou het, middle of the night. Toe lê hy en scheme hy mos Oe-la-laa toe, **boer maak ’n plan** (s). Dink ons is **fokken** (t) fools, ek sê jou nou, die air-hostess-storie is ’n pot **stront** (u), sy gaan sê ‘wie?’. Ek scheme hy het die naam in die hande gekry, seker met haar **ge-chat** (v) toe hy soontoe vlieg, gehoor sy’s weer op die **aerie** (w) on the nineteenth, een van **daai** (x) kortkometers-alibi’s, maak nie die voete toe nie, nou dink hy as hy die kop kan wegsteek.... **Ma’** (y) ek gaan vir hom nail, pappie, ek sê jou nou. **Fokken baliemaker** (z). Egan. Watse naam is Egan?” (Meyer, 2011:155-156).

“Egan. What kind of name is Egan? How do you come by a name like **that** (a)? How do you look at **this** (b) baby, your **laaitie** (c), and say, “**nooit** (d), this is an Egan”? Sounds like the name of an alien in a Spielberg movie. **Fucking Egan** (e). **Egan the Vegan** (f). I’m telling you, **that whitey** (g) is lying. **Jissis** (h), **that** (i) attitude ... I’m a handsome **bugger** (j), I work on a wine estate, I make **oak barrels** (k), actually I’m **fucking** (l) cool. Pisses me off. **But** (m) what pisses me off most, is that he thinks we are **fucking** (n) fools. He saw **those** (o) tits, he felt **those** (p) tits, he **njapsed** (q) her, and he wanted it again. And she said to him, sorry, mister, it’s all over, you had your chance, you blew it. And then he thinks, if I can’t have it, nobody will. Those **jugs** (r) must have kept him awake at night, middle of the night. So he lay there and schemed, he was anyway going to Oo-la-laa, so the **man**

makes a plan (s). Thinks we are **fucking** (t) fools, I'm telling you now, the air hostess story is a lot of **kak** (u), she's going to say "who?" I scheme he got hold of the name, must have **chatted her up** (v) when he was flying over, heard she was on the same **aeroplane** (w) on the nineteenth, one of **those** (x) blanket alibis, don't cover the feet, now he thinks because he can cover his head... **But** (y) I'm gonna nail him, pappie. I'm telling you. **Fokken barrel maker** (z). Egan. What kind of name is Egan anyway?" (Meyer, 2012:143).

Tabel 1: Vertaalstrategie - voorbeeld 1

| Afrikaans | Engels | Vervreemding/domestikering |
|----------------------|---------------------|----------------------------|
| a) daai | a) that | D |
| b) hierie | b) this | D |
| c) laaitie | c) laaitie | V |
| d) nooit | d) nooit | V |
| e) Fokken Egan | e) Fucking Egan | D |
| f) Egan the Vegan | f) Egan the Vegan | D |
| g) daai whitey | g) that whitey | D |
| h) Jissis | h) Jissis | V |
| i) daai | i) that | D |
| j) doos | j) bugger | D |
| k) eikebalies | k) oak barrels | D |
| l) fokken | l) fucking | D |
| m) Ma' | m) but | D |
| n) fokken | n) fucking | D |
| o) daai | o) those | D |
| p) daai | p) those | D |
| q) genjaps | q) njapsed | V |
| r) kanne | r) jugs | D |
| s) boer maak 'n plan | s) man makes a plan | D |
| t) fokken | t) fucking | D |
| u) stront | u) kak | V |
| v) ge-chat | v) chatted her up | D |

| | | |
|----------------------|------------------------|---|
| w) aerie | w) aeroplane | D |
| x) daai | x) those | D |
| y) ma' | y) but | D |
| z) fokken baliemaker | z) fokken barrel maker | V |

Die eerste voorbeeld wat relevant is, is “Hoe kom jy op **daai** een?” wat vertaal word met “How do you come by a name like **that**?” Dit is belangrik om te noem dat die woord “daai” nie net deur Kaapssprekendes gebruik word nie, maar ook deur Standaardafrikaanssprekers in informele gespreksituasies. “Daai” is ’n Kaapse verbuiging vir “daardie” (sien hoofstuk 2 afdeling 2.4.1.1.1 vir die bespreking). Die woord “daai” wat in bogenoemde voorbeeld voorkom, word in die doeltteks wegvertaal. Die gevolg is dat die hibriditeit en die Kaapse karakter in die doeltteks verdwyn, omdat “daai” vir die leser ’n informele Kaapse toon uitbeeld, maar ook ’n Kaapse karakter in die bronteks skets. Afgesien daarvan dat die woord “daai” wegvertaal word, sou die alternatief wees om dit soos volg te vertaal: “How do you come by a name like daai?” “Daai” kom ’n paar keer in hierdie voorbeeld asook in voorbeeld 2 voor en word deurgaans met “that” vertaal.

Verder word die Kaapse “hierie” ook hier gebruik in “Hoe kyk jy vir hierie baby”. Die woord “hierie” is ’n algemene Kaapse woord waar die “d” van “hierdie” weggelaat word (Saal en Blignaut, 2011:350). Dit word ook in informele Standaardafrikaans aangetref, soortgelyk aan “daai” wat hier bo bespreek word. Die frase “jou laaitie” word in die doeltteks vertaal met “your laaitie”. “Laaitie” word ook in informele Standaardafrikaans gebruik en verwys na jou jong seunskind. In hierdie geval word dit onveranderd in die doeltteks oorgedra en dra so tot die hibriditeit van die doeltteks by. Die volgende sin “nooit, dis ’n Egan” word vertaal met “nooit, this is an Egan” wat veroorsaak dat die hibriditeit saam met die oordrag van “nooit” in die doeltteks oorgedra word. Die oordrag van “nooit” is moontlik ook ’n kompensasie vir die ander kodewisseling wat in die doeltteks wegvertaal word. Die ander kodewisseling waarna hier verwys word, is gevalle waar Cupido Engelse woorde in die Afrikaanse sinne gebruik, byvoorbeeld “Ek scheme...” wat vertaal word met “I scheme” waar die kodewisseling in die doeltteks verdwyn.

’n Kenmerkende eienskap van Kaaps is die rym wat tussen dialoog gebruik word. Dit kan hier bo in die voorbeeld “Egan the Vegan” gesien word. Volgens my is dit hierdie Engelse frases wat in die Afrikaanse teks voorkom wat die bronteks nog méér hibried maak. Dit word nie in die Engelse vertaling verander nie, omdat dit reeds in Engels in die bronteks voorkom – die

rym word in die doelteks oorgedra. Die rym wat in die Engelse teks voorkom, veroorsaak dat die uitbeelding van die karakter in die doelteks oorgedra word, alhoewel dit 'n domestikerende vertaling tot gevolg het en die hibriditeit in die doelteks verlore gaan. Dit is ook die geval met “'n boer maak 'n plan” wat vertaal word met “a man makes a plan”. Alhoewel die Afrikaanse frase in die doelteks wegvertaal word, word rym in die doelteks ingebring met “a man makes a plan”.

Die volgende voorbeeld, “En ek sê jou, daai whitey lieg” word vertaal met “I’m telling you, that whitey is lying”. Alhoewel “daai” wegvertaal word, word “whitey” in die doelteks behou. Dit beeld in 'n mate die Kaapse karakter in die doelteks uit, omdat Cupido juis 'n bruin spreker van Kaaps is en na die wit persoon verwys as “whitey”. Dit is ook 'n verwysing wat Kaapssprekendes soms gebruik om na 'n wit persoon te verwys. In die volgende sin word die woord “daai” in “daai houding” ook wegvertaal met “that attitude”.

Verder word “eikebalies” en “baliemaker” vertaal met “oak barrels” en “barrel maker”. Myns insiens is laasgenoemde voorbeelde Afrikaanse woorde wat verengels word deur die spreker van Kaaps. “Eikebalies” is 'n Kaapse woord wat in die bronteks die Kaapssprekende uitbeeld, omdat die gewone Standaardafrikaanse woord “vate” is (“Woorden.org Nederlands Woordenboek”, 2017). In die doelteks word “eikebalies” vertaal met “oak barrels” wat veroorsaak dat die Kaapse karakter in die doelteks wegvertaal word. Verder is “baliemaker” 'n informele/Kaapse verwysing na 'n kuiper wat sodoende die Kaapse karakter in die bronteks uitbeeld. “Baliemaker” word vertaal met “barrel maker” wat nie die formeler Engelse vertaling is nie – die formeler Engelse term is “cooper”. Die gebruik van “barrel maker” dra tot 'n mate die Kaapse karakter in die doelteks oor, omdat dit 'n direkte informele vertaling van die Kaapse brondialoog is, maar geen hibriditeit word oorgedra nie.

Die woord “ma” is 'n verkorting van “maar” wat nie net in Kaaps gebruik word nie, maar ook deur Standaardafrikaanssprekers. Soos reeds genoem, sê Hendricks (2012b:4) dat daar 'n wisselwerking tussen die gebruik van tipies Kaapse en gestandaardiseerde variëteite is. Die voorbeeld soos dit hier bo voorkom, “Ma’ wat my die meeste afpis, is dat hy dink ons is fokken fools” word vertaal met “But what pisses me off most, is that he thinks we are fucking fools”. “Ma” word in die Engelse teks wegvertaal deur “but” te gebruik. Die vertaler kon “ma” in die doelteks gelaat het, byvoorbeeld “Ma’ what pisses me off most, is that he thinks we are fucking fools”, om die hibriditeit in die doelteks oor te dra.

Verder word “Hy’t daai tiete gesien, hy’t daai tiete gevoel, hy’t vir haar genjaps, en toe wil hy dit weer hê” vertaal met “He saw those tits, he felt those tits, he njapsed her, and he wanted it

again”. Die woord “daai” word weer wegvertaal met “those”. Die Kaapse woord “genjaps” wat ’n Kaapse verwysing is na omgang hê, word aangepas en kom in die doeltteks as “njapsed” voor. Die Kaaps word dus in die eerste geval by die vertaling van “daai” wegvertaal, maar in die laaste vertaling van “genjaps” kom die Kaaps sterk in die doeltteks voor. Dit lei tot hibriditeit in die doeltteks alhoewel “njaps” genaturaliseer word met die Engelse imperfektum uitgang “-ed”. Cupido gebruik ook die woord “kanne” om te verwys na die vrou se borste. Dit word met “jugs” in die doeltteks vertaal. “Jugs” is die Engelse slengwoord wat gebruik word om na ’n vrou se borste te verwys, maar volgens my sou nie net die hibriditeit nie, maar ook die karakter in die doeltteks oorgedra word, indien “kanne” onveranderd in die doeltteks oorgedra is. Byvoorbeeld “Kanne must have kept him awake”. Nietemin word daar informaliteit in die doeltteks oorgedra met die gebruik van “jugs”, maar die uitbeelding van die Kaapse karakter word in hierdie geval nie in die doeltteks oorgedra nie en ook nie die hibriditeit nie.

Die volgende voorbeeld, “... seker met haar ge-chat toe hy soontoe vlieg, gehoor sy’s weer op die aerie on the nineteenth, een van daai kortkometers-alibi’s, maak nie die voete toe nie, nou dink hy as hy die kop kan wegsteek....” word vertaal met “... must have chatted her up when he was flying over, heard she was on the same aeroplane on the nineteenth, one of those blanket alibis, don’t cover the feet, now he thinks because he can cover his head...”.

Die Kaapse merker “ge-chat” word ook wegvertaal met die informele “chatted her up”. “Ge-chat” word ook in informele Standaardafrikaans gebruik, wanneer daar in informele situasies gekommunikeer word. Die woord “aerie” is ’n afkorting vir die Engelse woord “aeroplane” en dui informaliteit aan. Hierdie tipe verkortings word nie net in informele situasies gebruik nie, maar ook in Kaaps om ’n komiese effek tot stand te bring. In *7 Days* word “aerie” wegvertaal en die Engelse woord “aeroplane” word gebruik. Volgens my, veroorsaak die wegvertaling van “aerie” dat die hibriditeit wat dié woord in die bronteks uitbeeld in die doeltteks verdwyn. Verder word “daai kortkometers-alibi’s” ook wegvertaal met “those blanket alibis”. Om weer aan te sluit by die vertaling van “daai” kom die woord ses keer in hierdie voorbeeld voor en word dit 6 keer wegvertaal met “that” en “those”. Die gevolg is dat die Kaapse gevoel wat in die bronteks gevestig word, in die doeltteks verdwyn.

In die laaste sin, “Ma’ ek gaan vir hom nail, pappie, ek sê jou nou” word “ma” wegvertaal met “But I’m gonna nail him, pappie. I’m telling you”. Sien hier bo die vorige bespreking van “ma”. Die alternatief sou wees om dit te vertaal met “Ma’ I’m gonna nail him, pappie. I’m telling you.” Die Kaapse woord word wegvertaal, afgesien daarvan dat daar moontlik nie ’n alternatiewe vertaling is as “but” nie.

Dit is belangrik om te onthou dat vloekwoorde ook 'n groot deel van Kaaps uitmaak, soos reeds in hoofstuk 2 genoem. Vir die doeleindes van die bespreking van die vloekwoorde wat in Kaaps voorkom, noem ek slegs die vloekwoorde met hulle vertalings. Die vloekwoord “fokken” word vyf keer in voorbeeld 1 gebruik, maar word 4 keer domestikerend vertaal met “fucking” en een keer vervreemdend vertaal met “fokken”. Verder word die vloekwoord “jissis” in die bronteks gebruik en vervreemdend in die doelteks oorgedra. Hierteenoor word die vloekwoord “doos” wat in die bronteks voorkom, wegvertaal met “bugger”. “Bugger” dra glad nie dieselfde trefkrag as die woord “doos” nie. “Bugger” is veels te neutraal en beeld nie die werklike betekenis van “doos” uit nie. Die laaste voorbeeld, “stront”, kan volgens my eerder as 'n kras woord beskou word wat in hierdie geval gebruik word in “'n pot stront”. Dit word egter in die doelteks heeltemal versterk deur dit vervreemdend te vertaal, maar ook te verander, na “kak” in “a lot of kak”. Dit is nie heeltemal duidelik hoekom “doos” in die doelteks vertaal word met “bugger” nie, maar “stront” in die doelteks versterk word met “kak” nie. Laasgenoemde kan ook gesien word as 'n kompensasië vir ander vloekwoorde wat wegvertaal word.

Na aanleiding van die bespreking hier bo ten opsigte van die vertaling van vloekwoorde in Kaaps, lyk dit of die vloekwoorde inkonsekwent vertaal word. Dit kan daartoe lei dat die taalgebruiker se emosie nie oral dieselfde trefkrag as in die bronteks het nie en dat die hibriditeit in sommige gevalle in die doelteks oorgedra word, maar in ander gevalle nie.

Laastens wil dit voorkom of daar 'n oorhoofse domestikerende vertaling voorkom wanneer Kaapse woorde of frases vertaal word. Daar is slegs een geval waar die Kaaps in die doelteks uitgebeeld word en dit is waar “njaps” in die doelteks aangepas word. Hierteenoor is daar vloekwoorde wat vervreemdend in die doelteks oorgedra asook een geval waar daar gekompenseer word met die byvoeging van 'n vloekwoord in die doelteks. Die oordrag van vloekwoorde dra weer by tot die oordrag van hibriditeit in die doelteks. Nietemin word Kaaps in die doelteks met Engelse vertalings vervang. Volgens my is daar nie elemente in die doelteks wat aandui dat dit 'n bruin Kaapsprekende is wat aan die woord is nie, omdat die Kaaps wegvertaal word. Daar is wel hier en daar gevalle waar die informaliteit in die doelteks uitgebeeld word.

(ii) Voorbeeld 2: Cupido

Cupido: “**Baliemaker** (a) is 'n no-go vir die moord. Die air hostess het gebel. **Egan the Vegan** (b) het haar **opgechat** (c) op **daai** (d) flight van die agtiende. Hulle sou dinner gehad het hier **innie** (e) Kaap op die twintigste, maar toe bel hy vir haar en sê he’s just lost someone **near and dear** (f)” (Meyer, 2011:172).

“**Barrel maker** (a) is a no-go for the murder. The air hostess just phoned. **Egan the Vegan** (b) **chatted her up** (c) on **the** (d) flight of the eighteenth. They would have had dinner here **in the** (e) Cape on the twentieth, but he phoned her and said that he’d just lost someone **near and dear** (f)” (Meyer, 2012:160).

Tabel 2: Vertaalstrategie - voorbeeld 2

| Afrikaans | Engels | Vervreemding/domestikering |
|-------------------|-------------------|----------------------------|
| a) Baliemaker | a) Barrel maker | V |
| b) Egan the Vegan | b) Egan the Vegan | D |
| c) opgechat | c) chatted her up | D |
| d) daai | d) the | D |
| e) innie | e) in the | D |
| f) near and dear | f) near and dear | D |

Die informele “opgechat” is tipies van Kaaps, want Engelse woorde word dikwels verafrikaans deur ’n verledetydsvoorvoegsel voor aan die Afrikaanse woord te voeg, soos “ge” in “gelike” of “gesmile” (sien 2.4.1.1.1.) “Opgechat” word in die doeltteks wegvertaal met “chatted up” wat nie dieselfde gevoelswaarde of hibriditeit in die doeltteks oordra nie.

Rym klink weer met “Egan the Vegan” en “near and dear” wat in die bronteks sowel as die doeltteks voorkom. Die oordrag van rym kan bydra tot die uitbeelding van die Kaapse karakter in die doeltteks, maar omdat die doeltteks Engels is en die Engelse rym onveranderd oorgedra word, word geen hibriditeit in die doeltteks uitgebeeld nie.

Die laaste voorbeeld “innie” is ’n algemene Kaapse assimilasië vir “in die” – soortgelyk aan “hanne” vir “hande” (sien 2.4.1.1.1). In die vertaling word “innie” wegvertaal met “in the” en dit veroorsaak dat die Kaaps in die doeltteks verdwyn.

Dit lyk of Cupido se Kaapse karakter nie in hierdie voorbeeld in die doeltteks oorgedra word nie. Saam hiermee verdwyn ook die hibriditeit van die bronteks. Die oorhoofse strategie wat gebruik word, is domestikering. Verdere voorbeelde van geografiese herkoms kom in addendum A (A 1.1.) voor.

3.3 Taalgebruik

3.3.1 Sosiale rolverhouding: Kaaps (kodewisseling en vloek) vs. Standaardafrikaans (kodewisseling en vloek)

In die gevalle waar daar 'n asimmetriese verhouding tussen die spreker en die aangesprokene voorkom (sien 2.8.1.2.3), is daar gewoonlik minder kodewisseling, Kaaps of vloekwoorde, want dit neig na 'n formeler styl. Hierteenoor word kodewisseling, Kaaps en vloekwoorde by 'n simmetriese verhouding gebruik, omdat die gesprek meestal neutraler of informeel is.

3.3.1.1 Asimmetries

Asimmetriese dialoog kom voor wanneer die spreker of aangesprokene meer outoriteit as die ander gespreksgenoot het (House, 1997:41). Die gebruik van kodewisseling en vloekwoorde kan die sosiale klas van 'n karakter uitbeeld, maar soos in 2.8.1.2.3 bespreek, dui dit in *Kobra* en *7 Dae* eerder die register (taalgebruik) aan. In die volgende voorbeelde kan gesien word hoe die dialoog in die bronteks verander namate die verhouding tussen die karakters verander.

Die afwesigheid van kodewisseling, Kaaps en vloek hier beteken dat geen hibriditeit voorkom nie, omdat hibriditeit juis op hierdie elemente in die dialoog dui. Indien daar vloekwoorde gebruik word, sal dit eerder by die outoriteitsfiguur voorkom. Hier word gekyk na of die doelteks ook die asimmetriese verhouding sal weerspieël.

In onderstaande geval is Griessel en Cupido in 'n ondergeskikte posisie, met die brigadier as outoriteitsfiguur.

(i) Voorbeeld 3: Brig. Manie en Bennie Griessel

3.1 Brig. Manie: “Is jy seker, **Bennie** (a)?”

“Are you sure, **Benny** (a)?”

3.2 Griessel: “Ek is seker, **brigadier** (a).”

“I am sure, **Brigadier** (a).”

3.3 Brig. Manie: “Nou hoekom hou die skieter aan met **neuk** (a)oor die kommunist?”

“Then why does the shooter **keep going on** (a)about the communist?”

3.4 Griessel: “Hy speel met ons **brigadier** (a). Ek dink hy weet **daar is** (b)'n kommunistiewers. Hy wil hê ons moet ons tyd mors. Sodat hy nog polisiemanne kan skiet.

“He’s playing us, **Brigadier** (a). I think he knows **there’s** (b) communists somewhere. He wants us to waste our time. So he can shoot more policemen.”

3.5 Brig Manie: “Jy dink hy was deel van die transaksie? (a)¹⁷”

“You think he was part of the transaction? (a)”

3.6 Griessel: “Ek dink hy het haar geken, **brigadier** (a). En sy het iets gesê” (Meyer, 2011:52).

“I think he knew her, **Brigadier** (a). And she said something” (Meyer, 2012:61).

Tabel 3: Vertaalstrategie - voorbeeld 3

| Afrikaans | Engels | Vervreemding/domestikering |
|---|---|----------------------------|
| 3.1 a) Bennie | 3.1 a) Benny | D |
| 3.2 a) brigadier | 3.2 a) Brigadier | D |
| 3.3 a) neuk | 3.3 a) keep going on | D |
| 3.4 a) brigadier b) daar is | 3.4 a) Brigadier b) there’s | D D |
| 3.5 a) “Jy dink hy was deel van die transaksie?” | 3.5 a) “You think he was part of the transaction?” | D |
| 3.6 a) brigadier | 3.6 a) Brigadier | D |

Griessel se dialoog gee vir die leser ’n gevoel van onderdanigheid, omdat hy die brigadier aanspreek as “brigadier” en nie op sy voornaam of van aanspreek nie. Die brigadier vra voortdurend vrae aan Griessel om sy outoriteit te bewys, byvoorbeeld “Is jy seker, Bennie?” en noem Griessel op sy voornaam. Dié dialoog kom in Standaardafrikaans voor om nie net die

¹⁷ By sinne waar geen woorde in vetdruk geplaas word nie, word fokus op die vertaling van die hele sin geplaas. Geen enkel woorde of frases word in hierdie gevalle uitgesonder nie.

outoriteit van die brigadier uit te beeld nie, maar om die neutrale toon van die situasie uit te beeld.

In voorbeeld 3.3 gebruik die brigadier die woord “neuk” wat nie ’n vloekwoord is nie, maar eerder as ’n kras woord beskou kan word. Die feit dat die brigadier dit gebruik, dui juis op sy outoriteit. In die doelteks word “... hou die skieter aan met **neuk** ...” vertaal met “... shooter **keep going on** ...” wat die doelteks formeler maak en die brigadier se outoriteit word minder beklemtoon.

In voorbeeld 3.4 is Griessel se dialoog formeler soos van ’n ondergeskikte verwag word: “Ek dink hy weet **daar is** ’n kommunist iewers”. Laasgenoemde word vertaal met “I think he knows **there’s** communists somewhere”. Die gebruik van “there’s” in die doelteks veroorsaak dat die asimmetrie tussen Griessel en die brigadier ietwat verminder en die teks ietwat informeler is.

Wat aanspreekvorme betref, bly die doelteks na aan die bronteks sodat die ondergeskikte posisie van Griessel oorgedra word. “Bennie” word wel een keer minder in die laaste sin van die doelteks as direkte aanspreekvorm gebruik en die brigadier kom dus ietwat minder patroniserend voor teenoor Griessel.

(ii) Voorbeeld 4: Griesel en assistent

4.1 Griessel: “Gaan haal hom uit. (a)”

“Go and get him out of it. (a)”

4.2 Assistent: “Ek is jammer, **kaptein** (a), ek kan dit nie doen nie.”

“I am sorry, **Captain** (a), I can’t do that.”

4.3 Griessel: “**Juffrou** (a), ons het twee keuses. Of jy gaan haal hom uit die vergadering, of ek ry al die pad stad toe en gaan haal hom self daaruit.”

“**Miss** (a), we have two options. Either you go and get him out of that meeting, or I drive all the way to the city and I haul him out myself.”

4.4 Assistent: “Hou aan. (a)” (Meyer, 2011:191).

“Hold on. (a)” (Meyer, 2012:178).

Tabel 4: Vertaalstrategie - voorbeeld 4

| Afrikaans | Engels | Vervreemding/domestikering |
|-----------|--------|----------------------------|
|-----------|--------|----------------------------|

| | | |
|---|--|---|
| 4.1 a) Gaan haal hom uit. | 4.1 a) Go and get him out of it. | D |
| 4.2 a) Ek is jammer, kaptein , ek kan dit nie doen nie. | 4.2 a) I am sorry, Captain , I can't do that. | D |
| 4.3 a) Juffrou , ons het twee keuses. Of jy gaan haal hom uit die vergadering, of ek ry al die pad stad toe en gaan haal hom self daaruit | 4.3 a) Miss , we have two options. Either you go and get him out of that meeting, or I drive all the way to the city and I haul him out myself | D |
| 4.4 a) Hou aan. | 4.4 a) Hold on | D |

In voorbeeld 4 verskuif die outoriteit na Griessel. Hy is in gesprek met 'n assistent van 'n verdagte en gebruik sy outoriteit om sy stempel af te druk.

Hy spreek haar aan as “juffrou” en sy spreek hom aan as “kaptein”. Verder gee hy haar 'n opdrag wat in bevelsvorm oorgedra word: “gaan haal hom uit”. Die dialoog is, soos die vorige een, in Standaardafrikaans en word grootliks deur die Engelse vertaling in die doelteks oorgedra, behalwe vir die informele merker “can't” in 4.2. Dit maak die doelteks ietwat informeler en die asimmetrie in die verhouding word ietwat meer gelyk voorgestel.

3.3.1.2 Simmetries

'n Simmetriese verhouding tussen karakters beteken dat die karakters op 'n gelyke sosiale vlak verkeer en informeel met mekaar kommunikeer (House, 1997:41). Cupido en Griessel kommunikeer meestal informeel as gelykes met mekaar met kodewisseling, Kaaps en vloekwoorde as deel van hulle dialoog.

Neem kennis dat Kaaps wat deur Cupido gepraat word ook onder die voorbeelde van simmetriese dialoog hier onder voorkom, omdat Kaaps informaliteit uitbeeld wat deel van 'n simmetriese verhouding is.

(i) Voorbeeld 5: Cupido en Griessel

5.1 Cupido: “**Hei** (a), Bennie, **dis** (b) Vaughn, waar is jy?” [...]

“**Hey** (a), Benny, **it’s** (b) Vaughn. Where are you?” [...]

5.2 Griessel: “**Ek is** (a) in die stad, Vaughn.”

“**I’m** (a) still in the city, Vaughn.”

5.3 Cupido: “Ek dog jy gaan laat weet? (a)”

“I thought you were going to call me? (a)”

5.4 Griessel: “Laat weet? (a)”

“Call you? (a)”

5.5 Cupido: “**Jis** (a). Die Giraffe het gesê jy sal my bel. Oor die Sloet-saak.”

“**Jis** (a). The Giraffe said you would phone me. About the Sloet case.

5.6 Griessel: “Sover ek weet is jy net op bystand, Vaughn, niemand het gesê ek moet jou bel nie. (a)”

“As far as I know, you are just on standby, Vaughn, nobody said I had to phone you.(a)”

5.7 Cupido: “**Jissis, die brass** (a) ... **always mixed messages** (b). **Anyway, ek is keen** (c) om te help, Bennie. Kan ek die **docket** (d) kom haal, **get myself up to speed.** (e)” (Meyer, 2011:80).

“**Jissis, the brass** (a)... **always mixed messages** (b). **Anyway, I’m keen** (c) to help, Benny. Can I come and get the **files** (d), **get myself up to speed?** (e)” (Meyer, 2012:72).

Tabel 5: Vertaalstrategie - voorbeeld 5

| Afrikaans | Engels | Vervreemding/domestikering |
|------------------|---------------|-----------------------------------|
| 5.1 | 5.1 | |
| a) Hei | a) Hey | D |
| b) dis | b) it’s | D |
| 5.2 | 5.2 | |

| | | |
|--|---|-----------------------|
| a) Ek is | a) I am | D |
| 5.3 a) Ek dog jy gaan laat weet? | 5.3 a) I thought you were going to call me? | D |
| 5.4 a) Laat weet? | 5.4 a) Call you? | D |
| 5.5 a) Jis | 5.5 a) Jis | V |
| 5.6 a) Sover ek weet is jy net op bystand, Vaughn, niemand het gesê ek moet jou bel nie. | 5.6 a) As far as I know, you are just on standby, Vaughn, nobody said I had to phone you | D |
| 5.7 a) Jissis, die brass b) always mixed messages c) Anyway, ek is keen d) docket e) get myself up to speed | 5.7 a) Jissis, the brass b) always mixed messages c) Anyway, I'm keen d) files e) get myself up to speed | V D D D D |

Die informele toon kan reeds gemerk word in die eerste sin waar Cupido vir Griessel bel en sê “**Hei**, Bennie, **dis** Vaughn”. Die “Hei” is ’n informele Standaardafrikaanse groet en word vertaal met “hey” in die doelteks. Later in dieselfde sin kom “dis” voor wat vertaal word met “it’s” wat moontlik die informaliteit in die doelteks oordra. Die kodewisseling en gepaardgaande hibriditeit verdwyn wel in die doelteks.

In voorbeeld 5.2 met Griessel se dialoog word “Ek is” gebruik, maar die vertaling daarvan met “I’m” veroorsaak dat dit informeler in die doelteks voorkom. Hierteenoor word “dog” in 5.3 gebruik wat weer informeler as “thought” is. Die gebruik van “thought” in die doelteks maak die dialoog weer formeler.

In voorbeeld 5.5 word die woord “jis” in die doelteks oorgedra en in skuinsdruk geplaas. Die skuinsdruk word moontlik gebruik om vir die doelteksleser aan te dui dat dit op Afrikaans

uitgespreek word en dus as vervreemdend gesien word. In die bronteks is dit kodewisseling alhoewel die uitspraak verafrikaans is.

Die informele situasie tussen die karakters word verder versterk deur die kodewisseling wat in die volgende sin in 5.7 voorkom: “Jissis, die brass ... always mixed messages. Anyway, ek is keen om te help, Bennie. Kan ek die docket kom haal, get myself up to speed”. Die kodewisseling wat in die Afrikaanse teks voorkom, verdwyn grootliks in die Engelse teks omdat die kodewisseling wat in die bronteks voorkom, uit Engelse woorde bestaan. Die kodewisseling word dus in die doelteks wegvertaal en so ook die groter informaliteit en die hibriditeit wat dit in die bronteks uitbeeld. Daar is wel kodewisseling met die Afrikaanse “jissis” wat in die Engels oorgedra word. Net soos by “jis” in 5.7 word dit gekursiveer. Verder gebruik Cupido ook die woord “docket” wat polisieregister is en wat gewoonlik gebruik word wanneer lede van die polisie met mekaar kommunikeer. Laasgenoemde word in die doelteks wegvertaal met “files” wat formeler is en so verdwyn die simmetriese verhouding wat “docket” uitbeeld.

Die verwysing na “die brass”¹⁸, word ook in die doelteks oorgedra as “the brass” en informele jargon van die polisieregister word in die doelteks oorgedra.

Dit wil tog voorkom of Griessel se taalgebruik nie heeltemal so informeel soos dié van Cupido is nie: hy gebruik geen vloekwoorde hier nie en geen kodewisseling nie; sien ook die gebruik van “ek is” in plaas van “ek’s” in 5.2. Dit sluit aan by Griessel se ietwat meerderwaardige houding teenoor Cupido omdat hy (Griessel) in beheer van die saak is en Cupido slegs op bystand. Hierdie fyn onderskeide in die taalgebruik gaan tot ’n groot mate in die doelteks verlore. Vergelyk bv. ook die informaliteit wat by Bennie toegevoeg word met “I’m” in 5.2.

(ii) Voorbeeld 6: Cupido, Griesel en Mbali

6.1 Cupido: “Wag nou. Die skietter praat van kommuniste? Is dit hoekom jy ... (a)”

“Hang on. The sniper is talking about communists? Is that why you ... (a)”

6.2 Griessel: “Vaughn, die brigadier gaan ons altwee **fire** (a) as jy hieroor uitpraat.” / “Vaughn, the brigadier will **fire** (a) us both if you talk about this.”

6.3 Cupido: “My lips are zipped.(a)”

¹⁸ Laasgenoemde is ’n militêre term (wat in die polisie ook gebruik word) wat verwys na hoër range (die rangkentekens op hulle skouers lyk soos geelkoper).

“My lips are zipped. (a)”

6.4 Griessel: “In sy e-posse ... Die skieter sê **dis** (a) ’n kommunist wat agter Sloet se moord sit. En hy sê ons weet wie dit is.”

“In his emails ... the sniper says **a** (a)communist is behind Sloet’s murder. And he says we know who he is.”

6.5 Cupido: “**Ma’ dis** mos **kak**.(a)” / “**But that’s bullshit**.(a)”

6.6 Mbali: “Captain,” [...] “Please. When a man uses profanity to support an argument, either the man or the argument is weak. (a)”

“Captain,” [...] “Please. When a man uses profanity to support an argument, either the man or the argument is weak.(a)”

6.7 Cupido: “Ek laat nie vir my preek nie.(a)”

“**Don’t** (a)lecture me.”

6.8 Mbali: “Benny, you think he’s worried someone can identify him? (a)” [...]

“Benny, you think he’s worried someone can identify him?(a)” [...]

6.9 Cupido: “Hoekom kan ons nie **public** (a)gaan nie?”

“Why can’t we go public? (a)”

6.10 Griessel: “Vaughn, ek **mag nie** praat nie. Politiek. (a)”

“Vaughn, I **can’t** (a) talk about it. Politics.”

6.11 Cupido: “So **you’re saying**, daar is ’n **commie** (a)... Deel van die groot **transaction**?(b)”

“So **you’re saying**, **there’s a commie** (a)... Part of the big **transaction**? (b)”

6.12 Griessel: “Geen kommentaar.(a)” (Meyer, 2011:164).

“No comment.(a)” (Meyer, 2012:153).

Tabel 6: Vertaalstrategie - voorbeeld 6

| Afrikaans | Engels | Vervreemding/domestikering |
|-----------|--------|----------------------------|
| 6.1 | 6.1 | |

| | | |
|---|---|---|
| a) Wag nou. Die skieter praat van kommuniste? Is dit hoekom jy ... | a) Hang on. The sniper is talking about communists? Is that why you ... | D |
| 6.2 a) fire | 6.2 a) fire | D |
| 6.3 a) My lips are zipped | 6.3 a) My lips are zipped | D |
| 6.4 a) dis | 6.4 a) a | D |
| 6.5 a) Ma' dis mos kak | 6.5 a) But that's bullshit | D |
| 6.6 a) Captain," [...] "Please. When a man uses profanity to support an argument, either the man or the argument is weak | 6.6 a) Captain," [...] "Please. When a man uses profanity to support an argument, either the man or the argument is weak | D |
| 6.7 a) Ek laat nie vir my preek nie. | 6.7 a) Don't lecture me | D |
| 6.8 a) Benny, you think he's worried someone can identify him? | 6.8 a) Benny, you think he's worried someone can identify him? | D |
| 6.9 a) public | 6.9 a) public | D |
| 6.10 a) mag nie | 6.10 a) can't | D |
| 6.11 a) you're saying, daar is 'n commie b) transaction | 6.11 a) you're saying, there's a commie b) transaction | D |
| 6.12 | 6.12 | |

| | | |
|---------------------|---------------|---|
| a) Geen kommentaar. | a) No comment | D |
|---------------------|---------------|---|

Hier word die simmetriese verhouding tussen Cupido, Griessel en Mbali uitgebeeld. Die gespreksituasie in die bronteks word as informeel gemerk met vloekwoorde en kodewisseling wat voorkom, hoofsaaklik weer in Cupido se dialoog. Dit is belangrik om te merk dat Mbali, Cupido en Griessel se kollega, deurgaans Engels in die bronteks praat. Afgesien van Mbali wat wel Engelssprekend is, gebruik Cupido ook Engelse volsinne; dit is 'n tipiese eienskap van Kaaps (Ponelis, 2009). Sien byvoorbeeld Cupido se “My lips are zipped”.

Die informaliteit tussen Griessel en Cupido word verder uitgebeeld deur die kodewisseling wat in die bronteks voorkom in 6.2, 6.8, 6.10, wanneer Griessel vir Cupido sê “[...] die brigadier gaan ons altwee fire [...]” en wanneer Cupido sê “Hoekom kan ons nie public gaan nie?” asook “So you’re saying, daar is ’n commie ... Deel van die groot transaction?”

Die kodewisseling wat in die bronteks voorkom, word in die doelteks wegvertaal. Die eerste voorbeeld, “Vaughn, die brigadier gaan ons altwee fire as jy hieroor uitpraat” word vertaal met “Vaughn, the brigadier will fire us both if you talk about this.” Dit is ook die geval met “Hoekom kan ons nie public gaan nie?” wat vertaal word met “Why can’t we go public?” [...] en “So you’re saying, daar is ’n commie ... Deel van die groot transaction?” wat vertaal word met “So you’re saying, there’s a commie ... Part of the big transaction?” Laasgenoemde voorbeeld se vertaling behou die informele woord “commie” in die doelteks, maar die kodewisseling verdwyn.

Die wegvertaling van die kodewisseling veroorsaak dat die vertaler ’n ander oplossing moet vind om die informaliteit te behou. Die vertaler kompenseer deur middel van morfologiese merkers. Die informele afkorting wat Cupido vir die Engelse woord “communist” in die bronteks gebruik, naamlik “commie”, maak ook ’n groot bydrae tot die informaliteit van die gesprek, omdat dit nie ’n gewone Engelse woord is nie, maar ’n Engelse informele woord wat in die Afrikaanse bronteks gebruik word. “Commie” wat in die doelteks oorgedra word is die morfologiese merker waarna ek hier bo verwys.

Die informaliteit kom verder voor waar Cupido vloek asook Kaaps gebruik in 6.4, naamlik “Ma’ dis mos kak”. Sien voorbeeld 1 vir die bespreking van “ma”. Die vertaling van “Ma’ dis mos kak” met “But that’s bullshit” veroorsaak dat die informele situasie in die doelteks slegs deels oorgedra word. Die vertaling van die woord “kak” met “bullshit” het volgens my nie dieselfde trefkrag nie. “Bullshit” het ’n laer emosionele waarde as die Afrikaanse “kak”. Myns

insiens kon die vertaler dit vertaal het met “But that’s kak” wat die emosie, informaliteit en hibriditeit van die situasie beter kon oordra, omdat dit juis ’n Afrikaanse vloekwoord is. Die informaliteit word met hierdie vertaling behou, maar nie die hibriditeit nie.

Nog twee voorbeelde wat hier genoem moet word, is “don’t” en “can’t” wat in die doelteks ingebring word by voorbeeld 6.7 en 6.10 om die doelteks informeler te maak. Die brondialoog by voorbeeld 6.7 is “Ek laat nie vir my preek nie” waar die doelteks dit verander na “don’t lecture me” en by voorbeeld 6.10 word “ek mag nie” vertaal met “I can’t”. Die gebruik van “don’t” in plaas van “do not” en “can’t” in plaas van “cannot” veroorsaak dat informaliteit in die doelteks uitgebeeld word. Alhoewel laasgenoemde die informaliteit uitbeeld, word geen hibriditeit in die doelteks oorgedra nie. Die gebruik van “don’t” en “can’t” kan ook ter wille van groter idiomatisiteit in Engels gebruik word.

Die oorhoofse vertaalstrategie wat hier gebruik word, is domestisering. Die informaliteit is minder opvallend en die hibriditeit verdwyn weer, uit die bronteks met die oordrag van die Engelse frases in die Engelse doelteks. Die onderskeid tussen taal- en rasgroepe wat in die bronteks aangetref word met Griessel wat wit is, Cupido wat bruin is en Mbali¹⁹ wat swart is, word ook uit die bronteks wegvertaal. Weer eens is Cupido die een wat die meeste kodewisseling en vloekwoorde gebruik, met Griessel wat slegs een keer die Engelse “fire” gebruik. Dit sou kon dui op Griessel se respek vir Mbali wat ’n vrou is, want dit inhibeer vloektaal en maak enige verhouding minder simmetries. Griessel se formeler taalgebruik kan ook daarop dui dat hy ’n beter indruk op Mbali wil maak, maar weer eens kan dit daarop dui dat hy meerderwaardig optree teenoor Cupido. Hierdie fyn onderskeidings in die simmetrie van die verhouding gaan (noodwendig) grootliks met die Engelse vertaling verlore. Verdere voorbeelde kan in addendum A (2.1.2) geraadpleeg word.

3.3.2. Sosiale houding: Kaaps (kodewisseling en vloek) vs. Standaardafrikaans (kodewisseling en vloek)

Sosiale houding sluit nou aan by sosiale rolverhouding, omdat dit die sosiale afstand tussen twee karakters beskryf waar sosiale rolverhouding die verhouding tussen die spreker en aangesprokene beskryf. Die sosiale houding beskryf die sosiale afstand wat tussen deelnemers van ’n gesprek voorkom (House 1997:41). ’n Onderskeid kan getref word tussen die sosiale

¹⁹ Dit is belangrik om hier te noem dat alhoewel Mbali nie Zulu of Xhosa in die brontekste praat nie, kan daar deur middel van die konteks wat deur die verhaal gegee word, afgelei word dat sy swart is. Hierteenoor lei die leser deur middel van Cupido se dialoog af dat hy bruin is. Mbali praat deurgaans Engels.

houdings van die verteller, die skrywer en tussen die karakters in die teks – die fokus hier is op die sosiale houding tussen die karakters in die teks. Sien verder 2.8.1.2.4.

Die twee tipes formaliteit wat hier ondersoek word, is eerstens konsulterend wat gebruik word wanneer Cupido en Griessel met 'n verdagte of vreemdeling praat en daar geen kodewisseling, Kaaps of vloekwoorde gebruik word nie, maar slegs meer neutrale Standaardafrikaans gepraat word. Hierteenoor word informeel gekommunikeer wanneer hulle met mekaar of met vriende of familie gesels, en kodewisseling, Kaaps en vloekwoorde word gebruik. Die sosiale afstand tussen die deelnemers van die gesprek beïnvloed dus die taalgebruik.

3.3.2.1 Konsulterend

'n Konsulterende dialoog kom voor waar Cupido of Griessel 'n verdagte ondervra waar hulle konsulterend moet kommunikeer omdat hulle 'n hoër vlak van formaliteit moet behou. 'n Konsulterende dialoog kom ook voor waar hulle met vreemdelinge praat. Dié dialoog bevat meestal, in die data vir hierdie studie, geen kodewisseling, Kaaps of vloekwoorde nie. Sien verder 2.8.1.2.4.

Aangesien hierdie konsulterende dialoog geen kodewisseling, Kaaps of vloekwoorde bevat nie, beteken dit dat dit geen hibriditeit voorkom nie. Afgesien van die afwesigheid van hibriditeit in dié dialoog, word die vertaling van die dialoog steeds bespreek. Die rede is dat dialoog van formeel na informeel verander namate die register verander, wat beteken dat register uiteindelik bepaal of die dialoog formeel of informeel (of dit kodewisseling, Kaaps of vloekwoorde bevat) sal wees. Sodoende kan die bespreking van formele dialoog nie verwerp word nie, omdat register en dialoog onlosmaaklik deel is van mekaar. Sien afdeling 2.6.1.

(i) Voorbeeld 7: Cupido en Roch

7.1 Cupido: “Egan Roch? (a)”

“Egan Roch? (a)”

7.2 Roch: “Dis reg, verskoon die vuil hand.(a)”

“That’s right, excuse the dirty hand.(a)”

7.3 Cupido: “Kaptein Vaughn Cupido, Valke. En **dis** (a) kaptein Bennie Griessel.”

“Captain Vaughn Cupido, Hawks. And **this is** (a) Captain Benny Griessel.”

7.4 Roch: “O ... O.K., aangename kennis. Wil julle ... Ek het ’n kantoortjie...(a)”

“Oh ... OK, pleased to meet you. Do you ... I have a little office ... (a)”

7.5 Cupido: “Nee **dis** (a)reg hier, ... Sê my, waar het Tommy Nxesi jou ondervra?”

“No, **this is** (a) fine, ... Tell me, where did Tommy Nxesi interview you?”

7.6 Roch: “Wie?” (a)

“Who?” (a)

7.7 Cupido: “Die ondersoekbeampte. Die een wat jou verklaring afgeneem het.(a)”

“The investigating officer. The one who took your statement.(a)”

7.8 Roch: “Ek het hóm gaan sien. In Groenpunt. Hy’t gevra ... Hoekom? (a)”

“I went to see him. In Green Point. He asked ... Why? (a)”

7.9 Cupido: “Net roetine. So, jy maak **balies**.(a)”

“Just routine. So, you make **barrels**.(a)”

7.10 Roch: “Vate. (a)”

“Vats.(a)”

7.11 Cupido: “Hoe leer ’n **ou** (a) om dit te doen?”

“How does **a guy** (a) learn to do that?”

7.12 Roch: “Jy loop ’n ambag. Oorsee. Is julle seker julle wil nie gaan sit nie. Koffie? Tee? (a)”

“You do an apprenticeship. Overseas. Are you sure you don’t want to sit down.
Coffee? Tea? (a)”

7.13 Cupido: “Nee dankie. Wat leer ’n ou alles as jy **balies** (a) maak?”

“No thanks. What do you learn when you make **barrels** (a)?”

7.14 Roch: “Sjoe. Dis ’n lang lys. Jy moet eers leer om die regte hout te selekteer. Franse eik, die beste kom uit die woude van Troncais en Jupilles ... (a)”

“Phew. It’s a long list. You first have to learn to select the right wood. French oak, the best comes from the forests of Troncais and Jupilles ... (a)”.

7.15 Cupido: “Nee, ek bedoel, wase handewerk. Houtwerk? Metaalwerk? (a)”

“No, I mean what sort of manual work. Woodwork? Metalwork? (a)”

7.16 Roch: “O, ja, natuurlik, iets van al twee, dis baie gespesialiseerd ... (a)” (Meyer, 2011:145).

“Oh, yes, of course, a bit of both, it’s very specialised ... (a)” (Meyer, 2012:134).

Tabel 7: Vertaalstrategie - voorbeeld 7

| Afrikaans | Engels | Vervreemding/domestikering |
|--|---|----------------------------|
| 7.1 a) Egan Roch? | 7.1 a) Egan Roch? | D |
| 7.2 a) Dis reg, verskoon die vuil hand. | 7.2 a) That’s right, excuse the dirty hand. | D |
| 7.3 a) dis | 7.3 a) this is | D |
| 7.4 a) O ... O.K., aangename kennis. Wil julle ... Ek het ’n kantoortjie... | 7.4 a) Oh ... OK, pleased to meet you. Do you ... I have a little office ... | D |
| 7.5 a) dis | 7.5 a) this is | D |
| 7.6 a) Wie? | 7.6 a) Who? | D |
| 7.7 | 7.7 | |

| | | |
|---|--|---|
| a) Die ondersoekbeampte. Die een wat jou verklaring afgeneem het. | a) The investigating officer. The one who took your statement. | D |
| 7.8 a) Ek het hóm gaan sien. In Groenpunt. Hy't gevra ... Hoekom? | 7.8 a) I went to see him. In Green Point. He asked ... Why? | D |
| 7.9 a) balies | 7.9 a) barrels | V |
| 7.10 a) Vate | 7.10 a) Vats | D |
| 7.11 a) 'n ou | 7.11 a) a guy | D |
| 7.12 a) Jy loop 'n ambag. Oorsee. Is julle seker julle wil nie gaan sit nie. Koffie? Tee? | 7.12 a) You do an apprenticeship. Overseas. Are you sure you don't want to sit down. Coffee? Tea? | D |
| 7.13 a) balies | 7.13 a) barrels | V |
| 7.14 a) Sjoe. Dis 'n lang lys. Jy moet eers leer om die regte hout te selekteer. Franse eik, die beste kom uit die woude van Troncais en Jupilles ... | 7.14 a) Phew. It's a long list. You first have to learn to select the right wood. French oak, the best comes from the forests of Troncais and Jupilles ... | D |
| 7.15 a) Nee, ek bedoel, watse handewerk. Houtwerk? Metaalwerk? | 7.15 a) No, I mean what sort of manual work. Woodwork? Metalwork? | D |
| 7.16 | 7.16 | |

| | | |
|---|---|---|
| a) O, ja, natuurlik, iets van al twee, dis baie gespesialiseerd ... | a) Oh, yes, of course, a bit of both, it's very specialised ... | D |
|---|---|---|

'n Konsulterende gesprek is wanneer iemand ondervra word en 'n vlak van formaliteit behou behoort te word. Dit kom dikwels in 7 *Dae* voor, omdat Cupido en Griessel verdagtes, familieledes van verdagtes en slagoffers moet ondervra. Hulle moet 'n vorm van outoriteit handhaaf en daarom die neutrale en selfs formeler taalgebruik. Cupido kom informeler voor as die persoon wat ondervra word en daardeur toon Cupido dat hy gemaklik is met die situasie.

In voorbeeld 7 hier bo word daar meestal neutrale Standaardafrikaans gebruik; Cupido ondervra 'n verdagte en hy gebruik geen kodewisseling, vloekwoorde of Kaaps nie, behalwe dat hy volhou met die Kaapse woord “balies” vir “vate”. Hy stel hom en Griessel formeel aan die verdagte voor – iets wat hy nie gewoonlik doen nie. Hy sal in heel informele situasies “Cappie” gebruik – die informele verwysing na “kaptein”. In hierdie geval stel hy hom en Griessel voor deur te sê “Kaptein Vaughn Cupido, Valke. En dis kaptein Bennie Griessel.” Verder gebruik hy Standaardafrikaanssinne soos “Die ondersoekbeampte. Die een wat jou verklaring afgeneem het.” In informele situasies sal Cupido eerder sê “Die cop wat jou ge-question het.” In hierdie spesifieke geval is hy eerder neutraal omdat hy 'n konsulterende dialoog voer en gesag moet afdwing.

Hierteenoor kan 'n mens waarneem dat Cupido in voorbeelde 7.3 en 7.5 “dis” in sy dialoog gebruik wat sy dialoog informeler maak. “Dis” word vertaal met “this is” wat die konsulterende dialoog in die doeltteks formeler maak.

Soos reeds gesê, kom die Kaapse woord “balies” in voorbeeld 7.10 en 7.14 voor en die Kaaps word in die doeltteks wegvertaal met “barrels”, alhoewel die informele gebruik van “barrels” tog informaliteit in die doeltteks oordra.

Die vertaler hier dra Cupido se groter informaliteit wat sy groter gemak in die situasie aantoon, oor die algemeen goed oor. Vergelyk bv. in 7.11 “n ou” wat met “a guy” vertaal word.

(ii) Voorbeeld 8: Griessel en Pruis

8.1 Griessel: “Ek het gehoop julle sal my kan help.(a)”

“I hoped you would be able to help us.(a)”

8.2 Pruis: “Nee, **liewe Vader, kaptein**, (a) nie die vaagste benul nie. Ek meen, die hele ding was van die begin af onverklaarbaar, daar is net niemand wat vir Hanneke sou wou leed aandoen nie.”

“No, **dear God, Captain**, (a) not the faintest idea. I mean, the whole thing was inexplicable from the start, there is nobody who would want to harm Hanneke.”

8.3 Griessel: “**Meneer Pruis**, (a) iemand hét haar leed aangedoen. En die toneel dui daarop dat dit iemand was wat haar op die een of ander manier geken het. Daar is net twee moontlikhede. Werk of persoonlike lewe. Of al twee. Daar is bronne wat sê **juffrou Sloet** (b) het in 2002 ’n verhouding met ’n getroude kollega gehad.”

“**Mr Pruis**, (a) someone did harm her. And the scene indicates that it was someone she knew one way or another. There are two possibilities. Work or personal life. Or both. There are sources who say **Miss Sloet** (b) had an affair in 2002 with a married colleague.”

8.4 Pruis: “Nou moet jy versigtig ... (a)”

“Now, you have to be careful ... (a)”

8.5 Griessel: “**Meneer Pruis, al wat ek móét doen, is my werk** (a). As ’n bron dit ondersoek, moet ek dit ondersoek.”

“**Mr Pruis, the only thing I have to do is my job** (a). If a source makes an allegation, I have to investigate it.”

8.6 Pruis: “Dis ’n baie vae bewering. (a)”

“It’s a very vague allegation. (a)”

8.7 Griessel: “Die bron sê dit was met ’n Werner Gelderbloem. Weet jy daarvan? (a)”

“The source says it was with Werner Gelderbloem. Do you know about it? (a)”

8.8 Pruis: “Ja, ek weet daarvan,” sê hy styf, “maar dis baie ou nuus. Lankal verby. Nege, tien jaar al. (a)” (Meyer, 2011:119-120).”

“Yes, I knew about it,” he said stiffly, “but it’s old news. It was a long time ago. Eight, nine years ago. (a)” (Meyer, 2012:109-110).

Tabel 8: Vertaalstrategie - voorbeeld 8

| Afrikaans | Engels | Vervreemding/ |
|-----------|--------|---------------|
|-----------|--------|---------------|

| | | domestikering |
|--|---|----------------------|
| 8.1 a) Ek het gehoop julle sal my kan help | 8.1 a) I hoped you would be able to help us | D |
| 8.2 a) liewe Vader, kaptein | 8.2 a) dear God, Captain | D |
| 8.3 a) Meneer Pruis b) juffrou Sloet | 8.3 a) Mr Pruis b) Miss Sloet | D D |
| 8.4 a) Nou moet jy versigtig ... | 8.4 a) Now, you have to be careful ... | D |
| 8.5 a) Meneer Pruis, al wat ek móét doen, is my werk | 8.5 a) Mr Pruis, the only thing I have to do is my job | D |
| 8.6 a) Dis 'n baie vae bewering | 8.6 a) It's a very vague allegation | D |
| 8.7 a) Die bron sê dit was met 'n Werner Gelderbloem. Weet jy daarvan? | 8.7 a) The source says it was with Werner Gelderbloem. Do you know about it? | D |
| 8.8 a) Ja, ek weet daarvan," sê hy styf, "maar dis baie ou nuus. Lankal verby. Nege, tien jaar al | 8.8 a) Yes, I knew about it," he said stiffly, "but it's old news. It was a long time ago. Eight, nine years ago | D |

Soos die konsulerende gesprek wat Cupido in voorbeeld 7 met 'n verdagte voer, is dit ook die geval met Griessel in voorbeeld 8 hier bo. Hy ondervra 'n verdagte.

Die situasie is formeler as gewoonlik en neutrale Standaardafrikaanswoorde en sinne word gebruik, byvoorbeeld "Meneer Pruis, al wat ek móét doen, is my werk," [...] "As 'n bron dit ondersoek, moet ek dit ondersoek". Griessel dra ook sy outoriteit op 'n manier oor met hierdie

stelling én met die gebruik van Standaardafrikaanse dialoog. Kodewisseling en vloekwoorde kom nie in die bronteksdialoog voor nie. Griessel sal gewoonlik in informele situasies vloekwoorde en soms kodewisseling gebruik. In hierdie situasie druk hy hom formeler uit. Die aanspreekvorme “Meneer Pruis”, “juffrou Sloet” en “Kaptein” is ook ’n duidelike aanduiding van die taalgebruik wat in tipies konsulerende dialoog voorkom.

Hierteenoor word daar ’n vloekwoord in die doelteks bygevoeg waar “Liewe Vader” in die bronteks voorkom, maar “dear God” in die doelteks gebruik word. Dit verhoog die emosie wat deur die verdagte uitgedruk word, maar die vertaler domestikeer ook hier ter wille van idiomatisiteit. Volgens my is die taboe waarde van “god” in Engels ook nie so hoog soos in Afrikaans nie.

Sien addendum A (2.2.1) vir verdere voorbeelde van konsulerende dialoog.

3.3.2.2 Informeel

Afgesien van konsulerende dialoog, is informele dialoog ook deel van die afdeling sosiale houding (sien verder 2.8.1.2.4). Dié tipe dialoog kom voor wanneer Cupido en Griessel informeel met mekaar of met vriende kommunikeer. Informele Standaardafrikaans wat kodewisseling en vloekwoorde bevat, word gebruik óf Kaaps wat ook kodewisseling en vloekwoorde bevat. Die dialoog in hierdie tipe taalgebruiksituasie is juis wat tot die hibriditeit in die bronteks aanleiding gee. Die volgende dialoog is tussen Cupido en Griessel waar hulle taalgebruik ’n informele gespreksituasie uitbeeld.

(i) Voorbeeld 9: Cupido en Griessel

9.1 Cupido: “Dog jy gaan nooit bel nie.(a)”

“Thought you would never call.(a)”

9.2 Griessel: “Vaughn, ek kom nou uit ’n vergadering met Manie uit.(a)”

“Vaughn, I’ve just come out of a meeting with Manie.(a)”

9.3 Cupido: “Ek sê maar net, **partner** (a).”

“I’m just saying, **partner** (a).”

9.4 Griessel: “Ek los die **docket** (a) op jou lessenaar. Kyk of jy iets kan sien. Ons praat môre tienuur met haar vorige kêrel, Roch. Ek kom môre so halftien verby, as jy wil saamry.”

“I’ll leave the **files** (a) on your desk. See if you can spot anything. Tomorrow at ten we are talking to her former boyfriend, Roch. I’ll come by around half past nine tomorrow, if you want to come along.”

9.5 Cupido: “Cool.” (Meyer, 2011:108).

“Cool.” (Meyer, 2012:98).

Tabel 9: Vertaalstrategie - voorbeeld 9

| Afrikaans | Engels | Vervreemding/ Domestikering |
|---|--|--|
| 9.1 a) Dog jy gaan nooit bel nie. | 9.1 a) Thought you would never call. | D |
| 9.2 a) Vaughn, ek kom nou uit ’n vergadering met Manie uit | 9.2 a) Vaughn, I’ve just come out of a meeting with Manie | D |
| 9.3 a) partner | 9.3 a) partner | D |
| 9.4 a) docket | 9.4 a) files | D |
| 9.5 a) Cool | 9.5 a) Cool | D |

In die eerste sin is Cupido baie informeel met Griessel wanneer hy die foon antwoord met “Dog jy gaan nooit bel nie” (sien verder voorbeeld 5 vir die bespreking van “dog”). Let hier op die weglaat van die onderwerp “ek” wat tipies van informele gesprekke is. Dieselfde skrapping kom in die doelteks voor. Die twee karakters kan so informeel met mekaar kommunikeer, omdat hulle op dieselfde sosiale vlak voorkom. en sodoende is die gespreksituasie ook informeel.

In 9.3 gebruik Cupido “partner” as aanspreekvorm om sy beskuldiging teenoor Griessel ietwat te versag, maar deur die kodewisseling versterk hy die intimiteit van die verhouding. Die kodewisseling word in die doelteks wegvertaal en tot ’n mate ook die effek van die

kodewisseling. Die gebruik van “partner” in die doeltteks dui wel ook op die sterk werksverhouding tussen die twee gespreksgenote.

Griessel gebruik ook die informele “docket”, wat tipiese polisieregister is. Sien voorbeeld 5 vir die bespreking van “docket”.

Verder gebruik Cupido die informele “cool” in voorbeeld 9.5 om die oproep met Griessel te beëindig. Die informele taalgebruik toon weer die intieme werksverhouding tussen hulle en kan ook daarop dui dat die misverstand tussen die kollegas uit die weg geruim is. Die gebruik van “cool” in die doeltteks het presies dieselfde effek, want “cool” is ook ’n sterk informaliteitsmerker. Die informaliteit van die taalgebruik word grootliks in die Engelse teks behou en in Griessel se geval selfs verhoog: vergelyk die gebruik van “sien” teenoor “spot” in 9.4. Die hibriditeit van die bronteks gaan wel verlore, maar die Engels behou die sosiale houding hier grootliks deur die taalgebruik.

(ii) Voorbeeld 10: Cupido en Griessel

10.1 Cupido: “**Jissis**, (a)” sê hy. “What a fucking waste. Koninklike **kanne**.(b)”

“**Jissis**,(a)” he said. “What a fucking waste. **Bloody** majestic **jugs**.(b)”

10.2 Cupido: “Waar kry jy dít? (a)”

“Where did you get this? (a)”

10.3 Griessel: “In haar slaapkamer. Bedkassie. (a)”

“In her bedroom. Bedside cupboard.(a)”

10.4 Cupido: “**Fokkit** (a). Klein porn star. Hoe is dit dat sy nie ’n **boyfriend** gehad het nie, **at the time of death**. Ek meen, chick soos dié, **body to die for**, and she **flaunts** it (b). Ek sê jou, Tommy Nxesi het iets gemis. Dis die probleem met die nuwe **mannetjies**: Hulle doen nie meer voetwerk nie.”

“**Fokkit** (a). Little porn star. How come she didn’t have a boyfriend, at the time of death? I mean, a chick like this, body to die for, and she flaunts it (b). I’m telling you, Tommy Nxesi missed something. That’s the problem with the new **mannetjies**, they don’t do footwork anymore.”

10.5 Griessel: “Haar selfoonrekords wys niks. Daar is nie ander ouens nie.(a)”

“Her cellphone records don’t show anything. There were no other ouens.(a)”

10.6 Cupido: “**Daai’s** (a) die probleem. Selfoon is gister se technology. Ek meen, het hulle haar Facebook gekyk?”

“**That’s** (a) the problem. Cellphone is yesterday’s technology. I mean, did they check her Facebook account?”

10.7 Griessel: “Nxesi sê hy het.(a)”

“Nxesi said he did.(a)”

10.8 Cupido: “Het sy ge-Gmail? Ge-Twitter? (a)”[...]

“Did she have G-mail? Was she on Twitter? (a)”[...]

10.9 Cupido: “**Jissis** (a), Bennie, jy’s so **fokken** (b) old school, dis scary ...”

“**Jissis** (a), Benny, you’re so *fokken* (b) old school, it’s scary ...”

10.10 Cupido: “This, my friend, is the HTC Desire HD, loop op Android. TweetDeck at the tap of an icon ...” [...] “**Daai’s** (a) Twitter. Jy moet dans, pappie, om by te bly, there’s a new Tweet every second.”

“This, my friend, is the HTC Desire HD, runs on Android. TweetDeck at the tap of an icon ... **That’s** (b) Twitter. You have to motor, Pops, to keep up, there’s a new tweet every second.”

10.11 Griessel: “’n Twiet? (a)”

“A *Twiet*? (a)”

10.12 Cupido: “Tweeet” [...] “Dis social media, **pappie** (a). Jy broadcast jousef.”

“Tweeet” [...] It’s social media, **Pops** (a). You broadcast yourself.”

10.13 Griessel: “Vir wat? (a)”

“What for? (a)”

10.14 Cupido: “It’s the new way. Jy vertel vir die wêreld wat jy doen.(a)”

“It’s the new way. You tell the world what you’re doing.(a)”

10.15 Griessel: “Maar hoekom? (a)”

“But why? (a)”

10.16 Cupido: “For the fun of it, Bennie. Om te sê: **Check** my uit, ek is hier. (a)”

“For the fun of it, Benny. To say: **Check** me out, I am here. (a)”

- 10.17 Griessel: “Dis wat Sloet gedoen het. Met die foto’s. (a)”
 “That’s what Sloet did. With the photos.(a)”
- 10.18 Cupido: “Hoe meen jy? (a)”
 “What do you mean? (a)”
- 10.19 Griessel: “Dit was haar manier om te sê: Check my uit. (a)”
 “It was her way of saying: Check me out. (a)”
- 10.20 Cupido: “Maar vir wie? (a)”
 “But for who? (a)”
- 10.21 Griessel: “Vir haarself. Dis wat die fotograaf sê. Dis ’n vroue-ding. (a)”
 “For herself. That’s what the photographer said. It’s a woman thing (a).”
- 10.22 Cupido: “En glo jy **daai kak**? (a)” [...] “Kom ons kyk of Sloet ’n Twitter account gehad het ...”
 “And you believe **that shit**? (a)” [...] “Let us see if Sloet had a Twitter account ...”
- 10.23 Griessel: “Forensies se verslag sê Lithpel het die rekenaar nagegaan.(a)”
 “Forensics report says Lithpel checked the computer.(a)”
- 10.24 Cupido: “O.K. Lithpel mis nie baie nie. **Canny coloured** (a), **daai broe**’ (b)... Nope. No account, anyway nie onder haar eie naam nie. Big tits, no tweets ... So wat het jy en Die Giraffe by Die Kameel gedoen netnou?”
 “O.K. Lithpel doesn’t miss much. **Canny coloured, that bro**’ ... Nope. No account, not under her own name anyway. Big tits, no tweets ... So what were you and the Giraffe and The Camel doing just now?”
- 10.25 Griessel: “Politiek” [...] “Jy wil nie weet nie. (a)”
 “Politics” [...] “You don’t want to know. (a)”
- 10.26 Cupido: “Fokken politiek. (a)”
 “*Fokken* politics. (a)”
- 10.27 Cupido: “What a waste. **Koninklike kanne** (a)...” (Meyer, 2011:140).
 “What a waste. **Majestic jugs** (a)...” (Meyer, 2012:155).

Tabel 10: Vertaalstrategie - voorbeeld 10

| Afrikaans | Engels | Vervreemding/ Domestikering |
|---|---|--|
| 10.1 a) Jissis b) koninklike kanne | 10.1 a) Jissis b) bloody majestic jugs | V D |
| 10.2 a) Waar kry jy dít? | 10.2 a) Where did you get this? | D |
| 10.3 a) In haar slaapkamer. Bedkassie. | 10.3 a) In her bedroom. Bedside cupboard. | D |
| 10.4 a) Fokkit b) boyfriend; at the time of death; body to die for; flaunts; mannetjies | 10.4 a) Fokkit b) boyfriend; at the time of death; body to die for; flaunts; mannetjies | V D V |
| 10.5 a) Haar selffoonrekords wys niks. Daar is nie ander ouens nie. | 10.5 a) Her cellphone records don't show anything. There were no other ouens. | D |
| 10.6 a) Daai's | 10.6 a) that's | D |
| 10.7 a) Nxesi sê hy het | 10.7 a) Nxesi said he did | D |
| 10.8 a) Het sy ge-Gmail? Ge- Twitter? | 10.8 a) Did she have G-mail? Was she on Twitter? | D |
| 10.9 a) jissis b) fokken | 10.9 a) jissis b) fokken | V V |
| 10.10 a) daai's | 10.10 a) that's | D |

| | | |
|--|--|---|
| 10.11 a) 'n Twiet? | 10.11 a) A <i>Twiet</i> ? | V |
| 10.12 a) pappie | 10.12 a) Pops | D |
| 10.13 a) Vir wat? | 10.13 a) What for? | D |
| 10.14 a) It's the new way. Jy vertel vir die wêreld wat jy doen | 10.14 a) It's the new way. You tell the world what you're doing. | D |
| 10.15 a) Maar hoekom? | 10.15 a) But why? | D |
| 10.16 a) check | 10.16 a) check | D |
| 10.17 a) Dis wat Sloet gedoen het. Met die foto's. | 10.17 a) That's what Sloet did. With the photos. | D |
| 10.18 a) Hoe meen jy? | 10.18 a) What do you mean? | D |
| 10.19 a) check | 10.19 a) check | D |
| 10.20 a) Maar vir wie? | 10.20 a) But for who? | D |
| 10.21 a) Vir haarself. Dis wat die fotograaf sê. Dis 'n vroueding. | 10.21 a) For herself. That's what the photographer said. It's a woman thing | D |
| 10.22 a) daai kak | 10.22 a) that shit | D |
| 10.23 a) Forensies se verslag sê Lithpel het die rekenaar nagegaan. | 10.23 a) Forensics report says Lithpel checked the computer | D |

| | | |
|---|--|--------|
| 10.24 a) Canny coloured b) daai broe' | 10.24 a) Canny coloured b) that bro' | D D |
| 10.25 a) Politiek [...] Jy wil nie weet nie. | 10.25 a) Politics [...] You don't want to know. | D |
| 10.26 a) Fokken politiek. | 10.26 a) <i>Fokken</i> politics | V |
| 10.27 a) Koninklike kanne | 10.27 a) Majestic jugs | D |

Dié dialoog is 'n goeie voorbeeld van die informele taalgebruik tussen Cupido en Griessel. Dit toon ook deurgaans aan dat Cupido se taal heelwat informeler is as dié van Griessel. Cupido gebruik heelwat meer Engels en vloekwoorde as Griessel. Die eerste sin bevat 'n vloekwoord wat deur Cupido gebruik word, naamlik “Jissis”. Laasgenoemde word onveranderd in die doelteks oorgedra. Cupido sê “What a fucking waste. Koninklike kanne.” wat vertaal word met “What a fucking waste. Bloody majestic jugs.” In die vertaling word “bloody” bygevoeg waar daar in die bronteks geen vloekwoord voorgekom het nie. Cupido se taalgebruik word méér informeel in die doelteks. Cupido verwys ook na die slagoffer se borste as “koninklike kanne” wat vertaal word met “majestic jugs”. “Kanne” is 'n informele en neerhalende term wat in die Afrikaanse taal gebruik word om na vroulike borste te verwys. “Jugs” het presies dieselfde funksie as “kanne” alhoewel die hibriditeit wegvertaal word.

Verder gebruik Cupido die vloekwoorde “Jissis”, “Fokkit”, “fokken” en “kak”. Dit is interessant om te merk dat “Jissis”, “Fokkit” en “fokken” in die doelteks behou word, maar “kak” met “shit” vertaal word. Die oordrag van die eerste drie vloekwoorde veroorsaak dat die hibriditeit sowel as die informele dialoog in die doelteks oorgedra word.

Cupido se taalgebruik is deurspek van kodewisseling wat tot die informele gesprek bydra, naamlik “Fokkit. Klein porn star. Hoe is dit dat sy nie 'n boyfriend gehad het nie, at the time of death. Ek meen, chick soos dié, body to die for, and she flaunts it” asook “Selfoon is gister se technology”. In die dialoog van voorbeeld 10 is daar 8 ander gevalle waar Cupido kodewisseling gebruik. In die doelteks word die meeste kodewisseling wat in die bronteks voorkom, wegvertaal maar daar is tog gevalle waar Afrikaanse woorde in die Engelse doelteks

oorgedra word. Laasgenoemde veroorsaak dat die informele gesprek in slegs hierdie gevalle in die doeltteks oorgedra word.

Cupido gebruik dikwels die informele woord, “pappie”, byvoorbeeld “Dis social media, pappie” en “Jy moet dans, pappie, om by te bly”. In albei gevalle word “pappie” in die doeltteks wegvertaal met “pops”. “Pops” is nie ’n vertaling wat die gevoelswaarde wat “pappie” het, weergee nie. “Pops” kan ook ’n aanduiding wees van ’n ouer persoon op wie neergesien word, terwyl “pappie” ’n meer gemeensame aanspreekvorm is en nie op ouderdom dui nie. Cupido gebruik ook Kaaps in voorbeeld 10.24, byvoorbeeld “Canny coloured, daai broe” waar “broe” vertaal word met “bro”. “My broe” is ’n algemene Kaapse verwysing wat as ’n leksikale variasie gekenmerk word en ook as ’n aanspreekvorm aan die einde van sinne ingevoeg word (Saal & Blignaut, 2011:352-353). “Broe” is ’n verkorting van “broer” wat algemeen in Kaaps gebruik word. Volgens my kon “broe” in die doeltteks oorgedra word om sodoende die informaliteit in die doeltteks uit te beeld – die vertaling sou wees “Canny coloured, that broe”. Alhoewel “bro” ’n algemene slengvorm vir “brother” is, is dit nie Kaaps nie, maar eerder Amerikaans. Die informaliteit word oorgedra, maar nie die Kaaps nie.

Die Kaapse woord “daai”, wat by voorbeeld in voorbeeld 10.6, 10.10, 10.22 en 10.24 voorkom, word ook in die doeltteks wegvertaal met “that” en veroorsaak weer eens dat die informaliteit en so ook die hibriditeit nie in die doeltteks oorgedra word nie. Die Kaaps word nie hier behou nie. Sien addendum A (2.2.2) vir verdere voorbeelde van informele dialoog.

Opsommenderwys kan gesê word dat die informele taalgebruik inkonsekwent oorgedra word. Die vertaling van die vloekwoorde is goeie voorbeelde, omdat sommige vloekwoorde wegvertaal word, maar ander behou word en soms bygevoeg word. Verder word die meeste van die kodewisseling wegvertaal wat ook daartoe bydra dat die informele situasie nie so sterk in die doeltteks oorgedra word nie. Dis belangrik om te onthou dat Suid-Afrikaanse informele Engels heelwat minder van Afrikaanse kodewisseling gebruikmaak as informele Afrikaans van Engels. Laasgenoemde is ’n moontlike verduideliking vir die kodewisseling wat grootliks in die doeltteks wegvertaal word met hoofsaaklik Afrikaanse vloekwoorde wat in die doeltteks oorgedra word. Na aanleiding van die bespreking wil dit ook voorkom of Cupido se dialoog heelwat informeler is as Griessel se dialoog. Cupido gebruik heelwat meer kodewisseling, Kaaps en vloeke.

Die kwalitatiewe analise van *7 Dae* dui op ’n grootliks domestikerende vertaalstrategie. Dit veroorsaak dat die doeltteks minder hibried is. Dit het ’n beduidende invloed op die uitbeelding van veral Cupido se karakter in die doeltteks; die taalgebruiker se uitbeelding word dus aangetas,

terwyl die taalgebruik tot 'n mindere mate beïnvloed word Hierdie aspekte sal weer in die gevolgtrekking bespreek word. Vervolgens bespreek ek *Kobra* kwalitatief.

Hoofstuk 4

Analise van *Kobra*

4.1 Inleiding

Die analyses vir *Kobra* word soos dié van *7 Dae* gedoen deur die onderskeid tussen taalgebruiker en taalgebruik vir die analise van die dialoog te gebruik. Die afdeling van die taalgebruiker bestaan slegs uit geografiese herkoms (Kaaps) en dié van die taalgebruik bestaan uit die gespreksituasie wat informeel of formeel is en word in die doelteks oorgedra, of nie. Onder die afdeling taalgebruik word sosiale rolverhouding en sosiale houding gebruik om voorbeelde te analiseer.

Die bespreking van *Kobra* bestaan ook uit 'n kwalitatiewe analise. Twee voorbeelde word onder elke afdeling van die taalgebruik en die taalgebruiker gebruik om die bespreking te anker. Sien verder 3.1 vir die uiteensetting van die ontledingsmetode. Oorblywende voorbeelde word in addenda aangetref (sien addendum B vir *Kobra*).

Soos met die bespreking van *7 Dae* is die doel van die analyses om 'n gevolgtrekking oor die oordrag van hibriditeit in die doelteks te maak.

4.2. Taalgebruiker

4.2.1. Geografiese herkoms: Kaaps

Soos in hoofstuk 3 gesê, word Kaaps onder die afdeling geografiese herkoms gevoeg, omdat dit tot die uitbeelding van die karakter se herkoms en identiteit in die bronteks bydra. Die oordrag, of nie, van die Kaapse dialoog bepaal of die hibriditeit van die bronteks in die doelteks oorgedra word.

(i) Voorbeeld 1: Cupido en Tyron

1.1 Cupido: “Dis nie nodig nie, **jy wiet**. (a)”

“It’s not necessary, **jy wiet**.(a)”

1.2 Tyron: “Ek **versta**’ (a) jou nie, **my broe**’ (b).”

“Ek **versta**’ jou nie, **my bru** (b).”

1.3 Cupido: “My naam is Vaughn Cupido. Ek is ’n kaptein van die Directorate of Priority Crime Investigation van Es Aye Pee Es. Hulle **roep** (a) ons die Hawks, pappie, die Valke.

We're the hot shit, the **top cops**, (b) the main men. En as jy 'n weapon **da'** (c) onder jou baadjie het, my best advice is, forget it. They don't call me Crackshot McKenneth, the Pride of the Prairies, for nothing. Ek is Quick **Draw McGraw**, (d) faster than a speeding bullet ...”

“My name is Vaughn Cupido. I'm a captain in the Directorate of Priority Crime Investigations of the Es A Pee Es. They **call us** (a) the Hawks, pappie. We're the hot shit, the **top cops**, (b) the main men. And if you have a weapon under **there** (c) under your jacket, my best advice is, forget it. They don't call me Crackshot McKenneth, the Pride of the Prairies, for nothing. I am Quick **Draw McGraw**, (d) faster than a speeding bullet ...’

1.4 Cupido: “Was hy jou regte **uncle** (a)?”

“Was he your real **uncle** (a)?”

1.5 Tyron: “**Nie** (a). My foster father.”

“**No** (a). My foster father.”

1.6 Cupido: “Jy en Nadia was **weeskinners** (a)?”

“You and Nadia were **orphans** (a)?”

1.7 Cupido: “**Daai's** (a) sad **my broe** (b)”. “**Ma'** (c) 'n pickpocket. As dit nie so 'n **lekka** (d) dag was nie, **my broe'** (e), het ek jou nou **gebitchslap**.(f)”

“**Daai's** (a) sad, my **bru'** (b).” **But** (c) a pickpocket.” “If it wasn't a **lekker** (d) day, **my bru** (e), I would have **bitchslapped** (f) you.”

1.8 Cupido: “**Daai's waar** (a). “Ek gaan die system **watch** (b). If you ever get arrested, as ek jou sien op CCTV-kamera, as jy jaywalk, **my broe'** (c), dan kom **bliksem** (d) ek jou, en **ek bêre vir jou** (e), **versta'** (f) jy?” (Meyer, 2013:368-369).

“**It is** (a). I'm going to **check** (b) the system. If you ever get arrested, if I see you on a CCTV camera, if you jaywalk, **my bru** (c), then I will come and **bliksem** (d) you and **put you away** (e), **versta'** jy (f) ?” (Meyer, 2014:324-325).

Tabel 11: Vertaalstrategie – voorbeeld 1

| Afrikaans | Engels | Vervreemding/ Domestikering |
|-----------|--------|--------------------------------|
|-----------|--------|--------------------------------|

| | | |
|--|--|----------------------------|
| 1.1 a) jy wiet | 1.1 a) jy wiet | V |
| 1.2 a) versta' b) my broe' | 1.2 a) versta' b) my bru | V D |
| 1.3 a) roep b) top cops c) da' d) Draw McGraw | 1.3 a) call us b) top cops c) there d) Draw McGraw | D D D D |
| 1.4 a) uncle | 1.4 a) uncle | D |
| 1.5 a) nie | 1.5 a) no | D |
| 1.6 a) weeskinners | 1.6 a) orphans | D |
| 1.7 a) daai's b) my broe' c) ma' d) lekka e) my broe' f) gebitchslap | 1.7 a) daai's b) my bru c) but d) lekker e) my bru f) bitchslapped | V D D V D D |
| 1.8 (a) daai's waar (b) watch (c) my broe' (d) bliksem (e) bêre vir jou (f) versta' jy | 1.8 (a) it is (b) check (c) my bru (d) bliksem (e) put you away (f) versta' jy | D D D V D V |

In hierdie voorbeeld is Cupido in gesprek met 'n ander Kaapssprekende, Tyron. Dit veroorsaak dat Cupido méér Kaaps in die bronteks gebruik, omdat die twee Kaapse karakters met mekaar identifiseer en in 'n informele situasie kommunikeer.

Die eerste voorbeeld, “jy wiet” wat 'n vokaalverhoging van “jy weet” is (Saal & Blignaut, 2011:350) word onveranderd in die doelteks oorgedra (in kursief sodat die doelteksleser bewus is van die vreemdheid van die woord). “Jy wiet” is die Kaapse vorm van “jy weet” en is 'n algemene Kaapse uitdrukking wat grootliks tot die uitbeelding van Kaapse karakters bydra. Die oordrag in die doelteks sal moontlik vreemd vir die doelteksleser wees en dra dus tot die oordrag van die hibriditeit in die doelteks by.

Voorbeeld 1.2 beeld nie as sodanig die karakter van Cupido uit nie, maar eerder dié van Tyron. In dié voorbeeld word die Kaapse woord “versta” gebruik en word dit onveranderd in die doelteks oorgedra. “Versta” is 'n Kaapse woord wat afkomstig is van die Standaardafrikaanse woord “verstaan” (Saal & Blignaut, 2011:350). “Versta” word later in voorbeeld 1.8 weer onveranderd oorgedra. Hibriditeit word in die doelteks oorgedra.

Hierteenoor word “my broe” vervang met die Engelse “my bru”. Sien verder 3.3.2.2 voorbeeld 10. Die gebruik van “my broe” veroorsaak dat hibriditeit nie in die doelteks oorgedra word nie. “My broe” kom nóg drie keer in die voorbeeld voor en word deurgaans met “my bru” vertaal.

In Kaapse dialoog word Standaardafrikaanse woorde soms gebruik, maar die betekenis van die woord verskil heeltemal in die Kaapse dialoog van die betekenis wat dit in 'n gewone Standaardafrikaanse dialoog sou hê. Saal en Blignaut (2011:353) meen dat Kaaps gekenmerk word deur bestaande woorde waaraan 'n nuwe betekenis toegeken word. Byvoorbeeld in dié voorbeeld word “roep” gebruik in “hulle roep ons” in plaas van “noem” soos “hulle noem ons”. 'n Soortgelyke voorbeeld is wanneer 'n spreker van Kaaps “luister” gebruik in plaas van “hoor” in 'n Kaapse sin soos “ek gaan gou by haar luister”. Die Engelse vervanging van “roep” met “call” veroorsaak dat hierdie unieke gebruik van Standaardafrikaanse woorde in Kaapse dialoog verlore gaan. “Roep” word gewoonlik met “call” vertaal, maar in hierdie geval word “roep” nie gebruik in 'n Standaardafrikaanse sin waar dit byvoorbeeld “ek roep haar” beteken nie. Die vervanging van “roep” in hierdie vertaling het dus tot gevolg dat dit kan voorkom of die bronteks “roep” in sy algemene Standaardafrikaanse vorm gebruik het, maar eintlik het dit grootliks die Kaapse karakter uitgebeeld deur die Kaapse betekenis wat daaraan geheg word.

Soos met voorbeeld 1.3 hier bo waar “roep” in die Kaapse dialoog gebruik word in plaas van “noem”, word “ek bêre jou” ook gebruik in plaas van “ek stuur jou tronk toe” of “ek sluit jou toe”. “Bêre” word gebruik om te verwys na Cupido wat die ander spreker tronk toe sal stuur. Om “ek bêre jou” in dialoog te gebruik is nie noodwendig eie aan Kaaps nie, maar dit word steeds in informele situasies gebruik waar Kaaps ook algemeen voorkom. So ook dra dit tot die Kaapse karakter se uitbeelding by. Die vervanging van “ek bêre jou” met “I will put you away” veroorsaak dat die bydrae wat hierdie verwysing tot die Kaapse karakter in die bronteks maak, in die doelteks verlore gaan. Alhoewel die reël ook nie noodwendig hibriditeit in die bronteks uitbeeld nie (dit beeld eintlik net die informaliteit van die Kaapse karakter uit), dra dit steeds tot karakteruitbeelding by en word die karakteruitbeelding met die vertaling wegvertaal. Geen hibriditeit word in hierdie geval oorgedra nie.

Rym word dikwels deur Kaapssprekendes gebruik om ’n komiese effek daar te stel (Saal & Blignaut, 2011:350). Hier word “top cops” gebruik wat, aangesien dit reeds in Engels in die bronteks is, in die doelteks onveranderd oorgedra word. Dit het volgens my ’n domestikerende effek, omdat dit in die Engelse dialoog verlore gaan. Nog ’n voorbeeld van rym in hierdie dialoog is “Quick Draw McGraw” wat ook reeds in Engels is en word, soos die vorige een, ook onveranderd in die doelteks oorgedra. Weereens skep dit ’n domestikerende effek en geen hibriditeit word in die doelteks oorgedra nie, omdat geen vreemdheid saam met die oordrag van die rym in die doelteks voorkom nie. Die rym word wel in die doelteks oorgedra asook die uitbeelding van die karakter.

Die Kaapse woord “da” word ook gebruik en is ’n verkorting van die woord “daar”. Ander voorbeelde sluit in “wa” en “kla”, waar “wa” vir “waar” staan en “kla” vir “klaar” staan. In hierdie geval word “da” in die doelteks vervang met “there” en so ook word geen vreemdheid of hibriditeit in die doelteks oorgedra nie.

Voorbeeld 1.4 bevat nie as sodanig ’n element van Kaaps nie, maar eerder kodewisseling wat ’n groot deel van Kaaps uitmaak. Sien hoofstuk 2, afdeling 2.4.1.1 waar kodewisseling in Kaaps bespreek word. In dié voorbeeld kom die Engelse “uncle” in die bronteks voor, maar as gevolg van die oordrag daarvan in die Engelse doelteks stuur dit af op ’n domestikerende vertaling. Die woord “uncle” word soms in Kaaps gebruik as ’n aanspreekvorm, soos “Môre, uncle”. Dit is ’n vorm van respek wat aan ouer Kaapssprekendes getoon word en verwys nie noodwendig na jou ma of pa se broer wat jou oom is nie. Die Kaapse gevoel wat hier deur die Engelse verwysing “uncle” uitgebeeld word, word in die doelteks wegvertaal. Alhoewel dit nie noodwendig in dié voorbeeld gebruik word om respek aan ’n ouer spreker van Kaaps te wys

nie, word die kodewisseling steeds in die doeltteks wegvertaal en so ook word geen hibriditeit oorgedra nie.

In Tyron se dialoog (voorbeeld 1.5) gebruik hy die woord “nie” in plaas van “nee”. Die woord “nie” is ’n Kaapse variasie vir “nee” en val onder die kategorie vokaalverkorting (Saal & Blignaut, 2011:350). In die voorbeeld hier bo word dit vervang met die Engelse “no” en word die Kaaps wegvertaal. ’n Domestikerende vertaling kom in hierdie geval sterk na vore.

’n Belangrike Kaapse verwysing in voorbeeld 1.6 is “kinnners” in “weeskinners” waar die konsonant “d” weggelaat word en vervang word met twee n’e, soos “in die” wat verander na “innie” en “hande” wat verander na “hanne” (Hendricks, 1996:9). Sien ook 2.4.1.1. In die doeltteks word “weeskinners” met “orphans” vervang, wat ’n domestikerende vertaling tot gevolg het. Alhoewel “orphans” die Engelse vertaling van “weeskinders” is, veroorsaak dit steeds dat die hibriditeit wat “kinnners” in die doeltteks sou kon uitbeeld, verlore gaan.

“Daai’s” word by 1.7 in die doeltteks oorgedra (in kursief sodat die doeltteksleser weet dit is ’n vreemde woord), maar word later met “it is” wegvertaal. Die oordrag van “daai’s” in die eerste geval kan as moontlike kompensasie dien vir Kaaps wat vroeër wegvertaal is, bv. “weeskinners” wat wegvertaal word.

In dieselfde voorbeeld kom die Kaapse woord “ma” ook voor (Sien verder 3.2.1 voorbeeld 1). In hierdie geval word “ma” wegvertaal met “but”. Die hibriditeit word dus nie oorgedra nie.

Die woord “lekka” word gebruik, maar in die doeltteks word dit met “lekker” vervang. “Lekka” is ’n informele Standaardafrikaanse woord wat in informele situasies gebruik word. Dit vorm ook deel van Kaaps, omdat Kaaps in informele gespreksituasies gebruik word. Dit is vreemd dat “lekka” nie onveranderd in die doeltteks oorgedra word nie en die Afrikaanse woord “lekker” in die doeltteks gebruik word. “Lekker” kan ietwat formeler voorkom en die gebruik daarvan kan die vlak van informaliteit in die doeltteks verminder. Nietemin veroorsaak die gebruik van “lekker” in die Engels dat hibriditeit in die doeltteks oorgedra word.

Dit is belangrik om te onthou dat vloekwoorde ’n groot deel van Kaaps uitmaak (De Vries, 2013). Hier kom twee vloekwoorde in die voorbeeld voor. Die eerste een “gebitchslap”, is nie noodwendig ’n vloekwoord nie, maar eerder plat taal of ’n kras woord, volgens my. Die Kaapse gevoel of effek kom by hierdie voorbeeld te voorskyn waar die verledetydsvoorvoegsel “ge” vooraan die kras woord gevoeg word. Die rede vir laasgenoemde stelling is as gevolg van Kaapse dialoog (en informele Standaardafrikaans) wat deurgaans “ge” vooraan Engelse woorde voeg, soos “gechat”, “gefire”, “gelike”, ens (sien 2.4.1.1.1). “Gebitchslap” word in die doeltteks

wegvertaal met “bitchslapped”. Alhoewel dit die Kaapse gevoel in die doelteks gedeeltelik wegneem deur dit totaal in Engels te vertaal, word die informaliteit met behulp van “bitchslapped” in die doelteks uitgebeeld. Alhoewel die informaliteit in hierdie geval nie heeltemal wegvertaal word nie, word geen hibriditeit oorgedra nie. Dit word volgens my as ’n domestikerende vertaling gemerk.

Die vloekwoord “bliksem” is ook in Cupido se dialoog teenwoordig. “Bliksem” word onveranderd in die doelteks oorgedra en word ook in skuinsdruk geplaas sodat dit die leser se aandag op die vreemdheid van die woord kan plaas. In hierdie geval word die hibriditeit én die Kaapse karakter saam met die vloekwoord in die doelteks uitgebeeld.

Iets interessant om op te merk in voorbeeld 1.8 is die verandering van “watch” na “check”. Afsien van die kodewisseling wat “watch” in die bronteks uitbeeld, is dit nie heeltemal duidelik hoekom “check” in die vertaling gebruik word nie. Myns insiens kon die vertaling “I am going to watch the system” gewees het, omdat dit nader aan die bronteks bly en so die Kaapse karakter deels in die doelteks kon oordra. Nietemin is “check” ook demoties.

Dit wil voorkom of hier ’n domestikerende vertaalstrategie ten opsigte van die Kaapse dialoog gevolg word. Indien ’n mens slegs na die vertaling van Kaaps kyk en nie na Engelse frases of woorde wat noodwendig oorgedra word of vloekwoorde nie, kom hier ’n oorhoofse domestikering van Kaapse dialoog voor.

(ii) Voorbeeld 2: Cupido

2.1 Cupido: “O.K, so maybe is dit nie sy skelmpie nie. But still. Check **daai** (a) chick uit, pappie. Sy’s **fokken** (b) prime, sy werk saam met die **donner** (c), en sy kom hier in die Kaap aan en sê: “**Come into my arms you bundle of charms.** (d)” Dit **lat** (e) jou nie wonder nie?”

“O.K, so maybe she isn’t his skelmpie. But still. Check out **that** (a) chick, pappie. She’s **fokken** (b) prime, she works with the **donner** (c) , and she arrives here in the Cape saying: “**Come into my arms, you bundle of charms** (d).” Doesn’t **that** (e) make you wonder?”

[...]

2.2 Cupido: “Oor die hele ding, Benna.(a)”

“About the whole thing, Benna.(a)”

2.3 Cupido: “**Da’s** (a) baie wat nie sense maak in dié ding nie. Ek meen, nothing quite fits. So ek dink dis tyd **lat** (b) ons ’n paar alternative theories consider: Sê nou **ma’** (c) hy’s die een wat geskiet het. Ek meen, Benna, ons weet nie regtig what went down **da’** (d) op die slave plantation nie.”

“**There’s** (a) a lot that doesn’t make sense in this thing. I mean, nothing quite fits. So I think it’s time **that** (b) we consider a few alternative theories. **Let’s say** (c) he’s the one who did the shooting. I mean, Benna, we really don’t know what went down **there** (d) on the slave plantation.”

2.4 Cupido: “Dis nie so wild soos wat jy dink nie, Benna. Hierdie ou het sy **hanne** (a) op die hele financial system. Now that’s a very big temptation, maak nie saak wie jy is nie. En hy ken van, hy weet hoe die hele ding werk. Hoe moeilik kan dit wees om te **skim off the top** (b) . Jy sê vir **die system, just pay me two cents off every transaction** (c) , en ek sê jou, jy’s binne maande ’n **millionaire** (d) . Huh, Lithpel, **daai’s** (e) possible?”

“It’s not as wild as you think, Benna. This guy has his **hands** (a) on the whole financial system. Now that’s a very big temptation, doesn’t matter who you are. And he’s an expert, he knows how the whole system works. How difficult can it be **to skim off the top**. (b) Just tell **the system, just pay me two cents off every transaction** (c) , and I’m telling you, within months you’re a **millionaire** (d) . Huh, Lithpel, **that’s** (e) possible?”

[...]

2.5 Cupido: “En **daai’s** (a) my hele punt.” “Just hear me out, Benna. With an open mind. Sê nou **ma’** (b) dis so iets. Sê nou **ma’** (c) die professor het a big scheme gehad, en hy het dit lank **geplan** (d) . En hy’t **gewiet** (e) sooner or later gaan iemand dit realise.”

“And **that’s** (a) my whole point.” “Just hear me out, Benna. With an open mind. **Let’s say** (b) it’s something like this. **Let’s say** (c) the professor had a big scheme, and he **planned** (d) it a long time ago. And he **knew** (e) , sooner or later, someone would realise it.”

[...]

2.6 Cupido: “Nee, Benna. Hier’s ’n **academic** (a) wat skielik ’n **false passport** (b) het. How? I don’t buy it. Hier’s die **innocent professor** (c) wat ’n hele ander Morris **identity** (d) het, en hy maak sy Gmail skoner as ’n virgin se gewete? I mean, come on. Hier’s ’n ou wat maande lank **kwaai protest** (e) oor terrorists and organised crime, and then he goes suspiciously quiet? Hier’s ’n middle-aged **bok** (f) met ’n mooi jong blaartjie, but what can he offer her? A university salary? I don’t think so. Ek vra jou, **wa’s** (g) die **soft spot** (h) in die hele bodyguard and safe house setup? **Inside, pappie** (i).” (Meyer, 2013:132-133).

“No, Benna. Here we have an **academic** (a) who suddenly has a **false passport** (b)? How? I don’t buy it. Here’s this **innocent professor** (c) who has a whole other Morris **identity** (d) , and he makes his Gmail cleaner than a virgin’s conscience? I mean, come on. Here’s a man who for months **protests** (e) about terrorists and organised crime, and then he goes suspiciously quiet? Here’s a middle-aged **bok** (f) with a pretty young thing, but what can he offer her? A university salary? I don’t think so. And I ask you, **where’s** (g) the **soft spot** (h) in the whole bodyguard and safe house set-up? **Inside, pappie.** (i)” (Meyer, 2014:114-115).

Tabel 12: Vertaalstrategie - voorbeeld 2

| Afrikaans | Engels | Vervreemding/domestikering |
|--|---|----------------------------|
| 2.1 a) daai b) fokken c) donner d) Come into my arms you bundle of charms e) lat | 2.1 a) that b) fokken c) donner d) Come into my arms you bundle of charms e) that | D V V D D |
| 2.2 a) Oor die hele ding, Benna | 2.2 a) About the whole thing, Benna | D |
| 2.3 a) da’s b) lat | 2.3 a) there’s b) that | D D |

| | | |
|--|---|---|
| c) ma' d) da' | c) let's say d) there | D D |
| 2.4 a) hanne b) skim off the top c) die system, just pay me two cents off every transaction d) millionaire e) daai's | 2.4 a) hands b) skim off the top c) the system, just pay me two cents off every transaction d) millionaire e) that's | D D D D D |
| 2.5 a) daai's b) ma' c) ma' d) geplan e) gewiet | 2.5 a) that's b) but c) but d) planned e) knew | D D D D D |
| 2.6 a) academic b) false passport c) innocent professor d) identity e) kwaai protest f) bok g) wa' h) soft spot i) Inside, pappie | 2.6 a) academic b) false passport c) innocent professor d) identity e) protests f) bok g) where's h) soft spot i) Inside, pappie | D D D D D V D D D/V |

Die eerste voorbeeld ,“daai” word met “that” in die doelteks vervang en so word die hibriditeit hier reeds nie in die doelteks oorgedra nie. Sien verder 3.2.1 voorbeeld 1. “Daai’s” kom nog twee keer in die dialoog voor en word albei met “that’s” vertaal. Geen hibriditeit word in die doelteks oorgedra nie.

Vloekwoorde wat, soos vroeër genoem, ’n groot deel van Kaaps uitmaak, kom ook hier voor. Die twee vloekwoorde is “fokken” en “donner” wat onveranderd in die doelteks oorgedra word. So ook word die hibriditeit en informaliteit van die gesprek in die doelteks oorgedra.

Rym kom weer voor met “Come into my arms you bundle of charms”. Die rym kom in die bronteks reeds in Engels voor en word onveranderd in die doelteks oorgedra. Laasgenoemde het tot gevolg dat die vertaling ’n domestikerende effek op die doelteks het, omdat geen vreemdheid in die Engelse doelteksdialoog oorgedra word nie. Die oordrag van die rym het geen hibriditeit tot gevolg nie, maar dit kan tot ’n mate die karakter in die doelteks uitbeeld.

Die Kaapse woord “lat” word ook gebruik. In die eerste geval is “lat” ’n vokaalverkorting van “laat” (Saal & Blignaut, 2011:350). In die tweede geval is dit ’n fonetiese aanpassing van “dat”. Sien ook 2.4.1.1.1. “Lat” word in die doelteks wegvertaal met “that” en so word geen vreemdheid of hibriditeit oorgedra nie. Die Kaapse “da’s” kom meer as een keer voor en word vervang met “there’s”. Sien verder 4.2.1 voorbeeld 1. Die vervanging met “there’s” het ’n domestikerende vertaalstrategie tot gevolg.

Verder kom die woord “ma” ook hier voor in die frase “sê nou ma”. Vlg. voorbeeld 1 vir die bespreking van “ma”. In hierdie voorbeeld word dit wegvertaal met “let’s say” en ’n domestikerende vertaalstrategie is tot gevolg. “Ma” word verder deurgaans met “but” vertaal.

“Hanne” is ’n Kaapse assimilasië vir “hande” (Hendricks, 1996:9). In die doelteks word die woord “hanne” wegvertaal met “hands”. Die informaliteit en hibriditeit verdwyn in die doelteks. Die woord “geplan” kom ook hier voor. Sien verder 4.2.1 voorbeeld 1. Dit word in die doelteks wegvertaal met “planned”. Die Kaapse gevoel verdwyn in die doelteks.

Die woord “gewiet” wat ’n vokaalverhoging van “geweet” is word gebruik (Saal & Blignaut, 2011:350). In hierdie geval beeld die Kaapse woord die spreker sterk in die bronteks uit, maar word in die doelteks met “knew” wegvertaal. Die domestikerende vertaalstrategie veroorsaak dat die Kaapse karakter wegvertaal word en dat geen hibriditeit in die doelteks oorgedra word nie. Nog ’n Kaapse woord is “wa’s” wat die verkorting van “waar” is en algemeen in Kaaps gebruik word wanneer vokaalverkorting voorkom (Saal & Blignaut, 2011:350). Dit word wegvertaal met “where’s” wat die algemene Engelse vertaling vir “waar” is. Die hibriditeit word dus nie in die doelteks oorgedra nie en so ook nie die Kaapse karakter nie.

Kodewisseling kom in die Kaapse dialoog voor, soos Cupido wat reeds in die eerste sin kodewisseling gebruik, naamlik “so **maybe** is dit nie sy skelmpie nie. **But still. Check** daai **chick** uit, pappie.” Dié tipe kodewisseling kom deurgaans in die voorbeeld hier bo voor en kom

gewoon te veel voor om alles te bespreek. Die Engelse doeltteks veroorsaak dat die kodewisseling noodwendig wegvertaal word en so word geen hibriditeit oorgedra nie. Daar is wel een geval waar die vertaling vir die verlies van die kodewisseling kompenseer en dit is waar “pappie” by voorbeeld 2.6 in die doeltteks oorgedra word.

Die term “bok” word in die bronteks gebruik om na die slagoffer se meisie of vrou te verwys. Alhoewel dit nie eie aan Kaaps is nie en ook in informele Standaardafrikaans gebruik word, beeld dit tog iets van die Kaapse karakter uit. Die informele verwysing na die vrou as ’n “bok” dra by tot die informele gevoel wat in die bronteks geskep word. “Bok” word ook in die doeltteks oorgedra asook die hibriditeit, informaliteit en uitbeelding van die Kaapse karakter. Sien addendum B (1.1) vir verdere voorbeelde van geografiese herkoms.

Dit wil voorkom of Kaapse woorde oorhoofs domestikerend vertaal word, maar vloekwoorde weer onveranderd oorgedra word. Met laasgenoemde word hibriditeit in die doeltteks uitgebeeld, maar nie met die wegvertaling van die Kaapse woorde nie.

4.3 Taalgebruik

4.3.1 Sosiale rolverhouding: Kaaps (kodewisseling en vloek) vs. Standaardafrikaans (kodewisseling en vloek)

Soos reeds in hoofstuk 3 gesê, kom daar minder kodewisseling, Kaaps of vloekwoorde voor wanneer daar ’n asimmetriese verhouding tussen sprekers uitgebeeld word – die styl is meer formeel omdat een van die sprekers outoriteit besit. Hierteenoor kom kodewisseling, Kaaps en vloekwoorde by ’n simmetriese verhouding voor – die gesprek is informeel en geen outoriteitsfiguur kom in die gesprek voor nie (House 1997:41).

4.3.1.1 Asimmetries

’n Asimmetriese verhouding kom voor wanneer een spreker meer outoriteit as sy gespreksgenoot besit (House 1997:41). Min of geen kodewisseling, Kaaps en vloek is in die dialoog teenwoordig nie en so ook geen hibriditeit nie (sien verder 3.3.1.1).

In onderstaande voorbeeld is die kolonel die outoriteitsfiguur, met Griessel in die ondergeskikte posisie.

(i) Voorbeeld 3: Griessel en die Kolonel

3.1 Kolonel: “Ons het ’n vreemde oproep by die aanklagkantoor gekry, **Bennie** (a) .”

“We had a strange phone call at the charge office, **Benny** (a) .”

3.2 Griessel: “Ja, **kolonel** (a) . Sal julle mense vir bewaring kan gee?

“Yes, **Colonel** (a) . Will you be able to allocate people for protection?”

3.3 Kolonel: “Ek het klaar twee uniforms gestuur. (a)”

“I have already sent two uniforms. (a)”

3.4 Griessel: “**Dis** (a) dalk nie genoeg nie, **kolonel** (b). Hierdie ouens is gevaarlik.”

“**They** (a) might not be enough, **Colonel** (b). These guys are dangerous.”

3.5 Kolonel: “Ek hét nie nog mense nie, **Bennie** (a). En my oortyd-begroting ... jy weet hoe dit is.”

“I don’t really have more people, **Benny** (a). And my overtime budget ... you know how it is.”

3.6 Griessel: “Ek verstaan, **kolonel** (a). **Dis** (b) net ... as die media moet uitvind julle het geweet van die risiko ...”

“I understand, **Colonel** (a). **It’s** (b) just ... if the media finds out you knew about the risk.”

3.7 Kolonel: “Ja, ek weet. Laat ek kyk of ek nog twee kan spaar.(a)” (Meyer, 2013:321).

“Yes, I know. Let me see if I can spare two more.(a)” (Meyer, 2014:280).

Tabel 13: Vertaalstrategie - voorbeeld 3

| Afrikaans | Engels | Vervreemding/domestikering |
|---|---|-----------------------------------|
| 3.1 a) Bennie | 3.1 a) Benny | D |
| 3.2 a) kolonel | 3.2 a) Colonel | D |
| 3.3 a) Ek het klaar twee uniforms gestuur | 3.3 a) I have already sent two uniforms. | D |
| 3.4 a) dis b) kolonel | 3.4 a) they b) Colonel | D D |
| 3.5 a) Bennie | 3.5 a) Benny | D |
| 3.6 a) kolonel b) dis | 3.6 a) Colonel b) it's | D D |
| 3.7 a) Ja, ek weet. Laat ek kyk of ek nog twee kan spaar | 3.7 a) Yes, I know. Let me see if I can spare two more | D |

Daar kan afgelei word dat die kolonel in die magsoosisie is omdat hy Griessel deurgaans op sy voornaam aanspreek asook in die Engels as “Benny”. Hierteenoor spreek Griessel die kolonel aan as “kolonel” en in die Engels as “Colonel” wat sy onderdanigheid aan die kolonel uitbeeld, omdat die aanspreekvorm “kolonel” ’n hoë posisie in die polisie uitbeeld.

Afgesien van die aanspreekvorme kom daar tog ’n klein aspek van informaliteit voor en dit is waar Griessel in voorbeelde 3.3 en 3.5 “dis” in plaas van “dit is” gebruik. Met die vertaling van die eerste “dis” in voorbeeld 3.3 word dit nie in die doeltteks oorgedra nie, maar eerder wegvertaal deur die Engelse sinskonstruksie so te verander dat “it’s” nie in die Engelse vertaling kán voorkom nie. In die tweede geval kan informaliteit moontlik versterk word met “dis” wanneer dit met “it’s” vertaal word. Nietemin is die meerderheid van die dialoog asimmetries en word dit ook so in die doeltteks oorgedra.

Die formeler situasie waarin die dialoog voorkom, veroorsaak ook dat geen kodewisseling, vloekwoorde of Kaaps gebruik word nie. Die asimmetriese verhouding word dus in die doeltteks behou met geen hibriditeit wat voorkom nie as gevolg van 'n formeler register.

(ii) Voorbeeld 4: Griessel en Jimmy

4.1 Griessel: “Uit (a).”

“Out (a).”

4.2 Jimmy: “Jy dink nie **dis julle** (a) wat moet uit nie?”

“Don’t you think **it’s you** (a) who should leave?”

4.3 Griessel: “**Jimmy** (a), asseblief, gaan wag daar buite in die gang. En maak gou.”

(Meyer, 2013:171).

“**Jimmy** (a), please, go and wait out in the corridor”

(Meyer, 2014:149).

Tabel 14: Vertaalstrategie - voorbeeld 4

| Afrikaans | Engels | Vervreemding/ Domestikering |
|---------------------|--------------------|--------------------------------|
| 4.1 a) Uit | 4.1 a) Out | D |
| 4.2 a) dis julle | 4.2 a) it’s you | D |
| 4.3 a) Jimmy | 4.3 a) Jimmy | D |

Die dialoog wat hier as voorbeeld gebruik word, toon dat Griessel tog in sommige gevalle 'n outoriteitsfiguur kan wees, al is die meeste van sy gesprekke met kollegas soos Jimmy, informeel.

In dié geval beveel hy Jimmy om die vertrek te verlaat. Hy sê “Uit!” en “maak gou”. In voorbeeld 4.3 spreek Griessel Jimmy ook direk op sy voornaam aan. Die outoriteit van Griessel veroorsaak dat die situasie formeler word en dat geen kodewisseling en vloekwoorde voorkom nie. Hierteenoor kom daar in Jimmy se dialoog gevalle voor waar hy die informaliteit tussen hom en Griessel probeer behou. Hy spreek Griessel aan as “julle” en gebruik die woord “dis” in plaas van “dit is”. Die informaliteit word in die doeltteks oorgedra met “you” en “it’s” en nie “it is” wat formeler is nie.

Jimmy se informaliteit word behou, maar Griessel se outoriteit word in die doeltteks oorgedra, omdat geen vorm van informaliteit in Griessel se dialoog voorkom nie. Sy dialoog word onveranderd vertaal en behou dus die formele gespreksituasie. Geen hibriditeit word in die doeltteks oorgedra nie. Sien verder addendum B (2.1) vir nog voorbeelde van asimmetriese dialoog.

4.3.1.2 Simmetries

’n Simmetriese gespreksituasie dui op karakters wat op ’n sosiale gelyke vlak voorkom (House 1997:41). Cupido en Griessel kommunikeer meestal informeel met mekaar. Kodewisseling, Kaaps en vloekwoorde is in dié tipe dialoog teenwoordig. Sien verder 3.3.1.2.

Die onderstaande voorbeeld sluit in dialoog tussen Griessel, Cupido en Louw. Laasgenoemde ’n vrou wat deel is van die private beskermingsdiens, soortgelyk aan Cupido en Griessel wat speurders vir die Suid-Afrikaanse polisie diens is.

(i) Voorbeeld 5: Cupido, Louw en Griessel

5.1 Cupido: “So let me get this straight” [...] “Al wat jy weet, is **lat** (a) hierdie **ou** (b) ’n Brit is met ’n **fancy** aksent en **seventy thousand to burn** (c). No address, no job description, **niks** (d). For all we know kan hy ’n serial killer wees.”

“So let me get this straight” [...] All that you know is **that** (a) this **ou** (b) is a Brit with a **fancy** accent and **seventy thousand to burn** (c). No address, no job description, **nada** (d). For all we know he could be a serial killer.”

5.2 Louw: “Dis reg.(a)”

“That’s correct.(a)”

5.3 Cupido: “**Ma**’ (a) julle is **happy** (b) om vir so ’n **ou** (c) **bodyguard services** (d) te verkoop?”
[...]

“**But** (a) you are **happy** (b) to sell **bodyguard services** (d) to such a **person** (c)?”
[...].

5.4 Cupido: “’n Cop met cash vir ’n kar? Fat chance. And it’s not the same.(a)”

“A cop with cash for a car? Fat chance. And it’s not the same.(a)”

5.5 Louw: “**O?** (a)”

“**Oh?** (a)”

5.6 Cupido: “**Bodyguard services** is soort van **personal**, don’t you think? (a)”

“**Bodyguard services** are sort of **personal**, don’t you think? (a)” [...]

5.7 Cupido: “Nou hoekom gebruik hulle die **service**? **Da’s** omtrent niks **crime** teen **tourists** nie.(a)”

“Then why don’t they use the **service**? **There’s** just about no **crime** against **tourists**.(a)”

5.7 Louw: “Dis ’n algemene wanpersepsie onder buitelanders ... (a)”

“It’s a general misconception among foreigners ... (a)”

5.8 Cupido: “Which you are happy to indulge. Kon jy uit die **email address** sien **wa’** hy werk? Wat was die **domain name**? (a)” [...]

“Which you are happy to indulge. Could you see from the **email address** where he works? What was **the domain name**? (a)” [...]

5.9 Louw: “Ek sê nou vir **jou** (a), as jy nie ’n **poliesman** (b) was nie, het ek jou vandag **gebliksem** (c).”

“Let me tell **you** (a), if you weren’t a **policeman** (b), I would **bliksem** (c) you right now.” (Meyer, 2013:19-21). / (Meyer, 2014:14-15).

5.10 Cupido: “Ons is die Valke. Ons het nie tyd vir ginnegaap en **monkey business** (a) nie.”

“We are the Hawks. We don’t have time for small talk and **monkey business** (a).”

5.11 Louw: “Ginnegaap?” [...] “**Jy** (a) dink ek wil ginnegaap terwyl van my mense in daardie gastehuis lê? **Los jou houding**, (b) en sit, sodat ek vir jou die inligting kan gee wat jy nodig het. Of ek loop, dan kan julle my kom soek as julle lus het.”\

“Small talk?” [...] **You** (a) think I want to make small talk while some of my men are lying dead in that guesthouse? **Drop your act** (b), and sit down, so I can give

you the information that you need. Or I will walk out of here, and you can come and find me if you like.”

5.12 Cupido: “Ek vat nie **orders** (a) van ’n ...”[...]

“I don’t take **orders** (a) from a-” [...].

5.13 Griessel: “Dis reg (a).”

“That’s correct (a).”

5.14 Louw: “Jy weet hy is ’n **doos** (a). En dit het niks met ras te doen nie.”

“You know he’s an **arsehole** (a). And that has nothing to do with race.”

5.15 Griessel: “Hy is ’n baie goeie speurder.” “Was **jy** (a) in die diens?” (Meyer, 2013:56-57).

“He’s a very good detective.” “Where **you** (a) in the service?” (Meyer, 2014:45-46).

Tabel 15: Vertaalstrategie - voorbeeld 5

| Afrikaans | Engels | Vervreemding/domestikering |
|--|---|----------------------------|
| 5.1 a) lat b) ou c) fancy; seventy thousand to burn d) niks | 5.1 a) that b) ou c) fancy; seventy thousand to burn d) nada | D V D D |
| 5.2 Dis reg | 5.2 That’s correct | D |
| 5.3 a) ma’ b) happy c) ou d) bodyguard services | 5.3 a) but b) happy c) person d) bodyguard services | D D D D |
| 5.4 a) ’n Cop met cash vir ’n kar? Fat chance. And it’s not the same. | 5.4 a) A cop with cash for a car? Fat chance. And it’s not the same | D |

| | | |
|---|---|-------------|
| 5.5 a) O? | 5.5 a) Oh? | D |
| 5.6 a) Bodyguard services; personal | 5.6 a) Bodyguard services; personal | D |
| 5.7 a) Da's | 5.7 a) There's | D |
| 5.8 a) e-mail address; wa'; domain name | 5.8 a) e-mail address, where; domain name | D |
| 5.9 a) jou b) poliesman c) gebliksem | 5.9 a) you b) policeman c) bliksem | D D V |
| 5.10 a) monkey business | 5.10 a) monkey business | D |
| 5.11 a) jy b) los jou houding | 5.11 a) you b) drop your act | D D |
| 5.12 a) orders | 5.12 a) orders | D |
| 5.13 a) Dis reg | 5.13 a) That's correct | D |
| 5.14 a) doos | 5.14 a) arsehole | D |
| 5.15 a) jy | 5.15 a) you | D |

In die eerste voorbeeld gebruik Cupido Kaaps. Die Kaapse woord “lat” word gebruik en word vervang met “that”. Sien verder 4.2.1 voorbeeld 2. Met die vertaling van “lat” met “that” verdwyn die Kaaps in die doelteks en so ook die hibriditeit.

Nietemin gebruik Cupido die woord “ou” kort hierna om na die slagoffer te verwys. In dié geval word “ou” onveranderd in die doelteks oorgedra en die simmetriese verhouding word in die

doelteks oorgedra. Verder kom hier heelwat kodewisseling in Cupido se dialoog voor, onder andere “Brit met ’n fancy aksent” en “seventy thousand to burn”. Die kodewisseling word in die doelteks wegvertaal aangesien die doelteks Engels is. Die dialoog word meer eentalig in die doelteks met slegs enkele gevalle, soos “ou”, wat die kodewisseling in die doelteks oordra.

Verder kom daar kodewisseling voor met die woord “happy” wat in die Afrikaanse sin gebruik word. Dit word oorgedra in die doelteks en word noodwendig in die Engelse doelteks wegvertaal – weereens ’n eentaliger doelteks wat voorkom. Die woord “ou” kom weer hier in die bronteks voor, maar hierdie keer word dit vervang met “person”. Dit is vreemd dat “ou” in die eerste geval onveranderd oorgedra word, maar later met “person” vertaal word. Dit kan moontlik daarop dui dat die oordrag van “ou” as kompensasië vir die wegvertaling van die ander kodewisseling dien.

Cupido gebruik heelwat kodewisseling asook Engelse volsinne, naamlik “’n **Cop** met **cash** vir ’n kar? **Fat chance. And it’s not the same**”, “bodyguard services”, “**Bodyguard services** is soort van **personal**, don’t you think?”, “service”, “crime”, “tourists”, “email address”, “domain name” en “monkey business”. Die kodewisseling beeld die simmetriese verhouding sterk uit, omdat Cupido gemaklik genoeg voel om heelwat kodewisseling en Engels in die geselskap van Louw te gebruik. In die doelteks word dit oorgedra, maar word noodwendig in die Engelse doelteks wegvertaal. Die hibriditeit wat die kodewisseling in die bronteks uitbeeld, word nie in die doelteks oorgedra nie.

Die woord “niks” word in die doelteks verander na “nada”. Dit is asof dié gebruik van “nada” ’n tipe kompensasië is om die simmetriese verhouding méér in die doelteks uit te beeld. Laasgenoemde voorbeeld word as ’n domestikerende vertaling gemerk, omdat “nada” ’n Spaanse term is wat redelik algemeen in informele Engels gebruik word. Aangesien daarvan dat die doelteksleser “nada” nie noodwendig vreemd sal ervaar nie, beeld dit steeds die simmetriese verhouding uit.

Die Kaapse woord “ma” word met “but” vertaal. Die hibriditeit van die bronteks word reeds hier wegvertaal met “but” wat die informele Kaapse gevoel in die doelteks wegneem. Verder kom die Kaapse “da’s” voor, maar word vervang met “there’s” in die doelteks. Sien verder 4.2.1 voorbeeld 1. ’n Domestikerende vertaalstrategie word gevolg.

Die volgende voorbeeld is die Kaapse “wa” – ’n vokaalverkorting van die woord “waar” (Saal & Blignaut, 2011:350). Sien ook 4.2.1.1.1. “Wa” word in die doelteks wegvertaal met “where”.

Louw antwoord vir Cupido in voorbeeld 5.4 met “O?” wat in Engels vertaal word as “Oh?”. ’n Antwoord soos “O?” beeld ’n simmetriese verhouding en ’n vorm van informaliteit uit. Dit word oorgedra in die Engels en so ook die simmetriese verhouding, omdat die Engelse “Oh?” dieselfde effek as die Afrikaanse “O?” het.

“Poliesman” wat ’n informele vorm van die Afrikaanse “polisieman” is, klink in Louw se dialoog. So ook dra die informaliteit tot die simmetriese verhouding by wat tussen die twee karakters voorkom. In dié geval word “poliesman” in die doelteks vervang met “policeman” – die algemene Engelse vertaling van “polisieman”. Die informaliteit wat aan “poliesman” geheg was gaan in die doelteks verlore.

Laastens sê Louw vir Cupido dat sy hom sou “bliksem” as hy nie ’n “poliesman” was nie. Die vloekwoord “bliksem” word in die doelteks onveranderd oorgedra en daarmee word die simmetriese verhouding ook oorgedra.

Louw sê ook vir Cupido “los jou houding”. Indien die verhouding tussen Cupido en Louw asimmetries was, sou Louw Cupido heel moontlik as “kaptein” aangespreek het en hom nie so streng aangevat het oor sy houding nie. In die doelteks word dit wegvertaal. Nietemin veroorsaak die vertaling nie dat die simmetriese verhouding verlore gaan nie, omdat die gebruik van “drop your act” ook die gelykheid tussen Louw en Cupido uitbeeld – die informele toon van die bronteks word in die doelteks oorgedra.

Die simmetriese verhouding kan verder in voorbeeld 5.12 waargeneem word waar Cupido vir Louw sê “ek vat nie **orders** van ’n ...”. Die kodewisseling word soos al die ander gevalle in die doelteks wegvertaal. Afgesien van die wegvertaling van die kodewisseling word Cupido se informele toon steeds in die doelteks oorgedra met “I don’t take orders from a-” en so word die simmetrie nie aangetas nie. Hibriditeit word wel nie in die doelteks oorgedra nie.

Die vloekwoord “doos” word deur Louw gebruik terwyl sy met Griessel gesels. “Doos” word vervang deur “arsehole”. Die simmetriese verhouding word nie deur die gebruik van “arsehole” beïnvloed nie, omdat die Engelse vloekwoord steeds die simmetriese verhouding in die doelteks uitbeeld. Nietemin het “arsehole” nie dieselfde trefkrag as “doos” nie – geen hibriditeit word met die vertaling oorgedra nie.

Griessel spreek Louw aan as “jy” en ’n simmetriese verhouding word uitgebeeld, omdat hy haar nie formeel aanspreek as “mevrou” nie. Geen hibriditeit word in die doelteks uitgebeeld met die gebruik van “you” nie, maar die simmetriese verhouding word wel uitgebeeld. Ek is bewus

daarvan dat Engels nie 'n alternatiewe vertaling vir “you” het nie, maar hier gaan dit meer oor die simmetriese verhouding wat oorgedra word, of nie.

Na aanleiding van die bespreking, kom hier meestal 'n domestikerende vertaalstrategie voor. Elemente wat hibriditeit in die bronteks uitbeeld, soos Kaaps en kodewisseling, kom min of glad nie in die doelteks voor. Die doelteks is meer eentalig, maar dit het nie noodwendig 'n effek op die simmetriese verhouding wat voorkom nie.

(ii) Voorbeeld 6: Griessel en Dok

6.1 Griessel: “Hy’s aggressief, **Dok** (a).”

“He’s aggressive, **Doc** (a).”

6.2 Dok: “Met Carla? (a)”

“With Carla? (a)”

6.3 Griessel: “Ek sluit die **fokker** (a) toe as hy dit waag.”

“I’ll lock the **fucker** (a) up if he tries that.”

6.4 Dok: “Jy bedoel op die veld? (a)”

“You mean on the field? (a)”.

6.5 Griessel: “Ja. (a)”

“Yes. (a)”

6.6 Dok: “Dis sy jop, Bennie. (a)” [...]

“It’s his job, Benny. (a)” [...]

6.7 Dok: “**Here** (a), Bennie. Wanneer?”

“**Christ** (a), Benny. When?”

6.8 Griessel: “Drie weke gelede. **Jissis** (a), Dok ...”

“Three weeks ago. **Jissis** (a), Doc ...”

6.9 Dok: “Het jy ’n probleem met **commitment** (a), Bennie?” [...]

“Do you have trouble with **commitment** (a), Benny?”

6.10 Griessel: “Nee, Dok. Dis net ... Dis seker maar die **commitment** (a), soort van ...” [...].

“Dok, ek was gewoon om op my eie te wees. Twee jaar lank. Om te kom en

gaan soos ek wou. As ek in die oggend lemoensap uit die bottel wil drink, as ek in die aand wil baskitaar speel, as ek net **fokkol** (b) wil doen.”

“No, Doc. It’s just ... I suppose it’s the **commitment** (a), sort of ...” [...].“Doc, I got used to being on my own. For two years. Coming and going as I chose. If I wanted to drink orange juice out of the bottle in the morning, if I wanted to play bass guitar in the evening, if I just wanted to do **fokkol** (b)...” [...]

6.11 Dok: “**Jissis** (a), Griessel, jy’s ’n swaap.”

“**Jissis** (a), Griessel, you’re a moron.”

6.12 Griessel: “Ja, Dok (a).”

“Yes, Doc (a).”

6.13 Dok: “Jy was nog nooit baie goed met konflik nie (a).”

“You’ve never been very good with conflict (a).”

6.14 Griessel: “**Fok** (a), dok.”

“**Fok** (a), Doc.”

6.15 Dok: “Wil jy hê ek moet jou B.O. bel? (a)”

“Do you want me to phone your CO? (a)”

6.16 Griessel: “Asseblief, Dok (a).”

“Please, Doc (a).”

6.17 Dok: “O.K. En moenie **worry** (a) nie, ek sal diskreet wees” (Meyer, 2013:63-65).

“O.K. And don’t **worry** (a), I’ll be discreet” (Meyer, 2014:51-53).

Tabel 16: Vertaalstrategie -- voorbeeld 6

| Afrikaans | Engels | Vervreemding/ Domestikering |
|----------------------|-----------------------|--|
| 6.1 a) Dok | 6.1 a) Doc | D |
| 6.2 a) Met Carla? | 6.2 a) With Carla? | D |

| | | |
|--|---|--------|
| 6.3 a) fokker | 6.3 a) fucker | D |
| 6.4 a) Jy bedoel op die veld? | 6.4 a) You mean on the field? | D |
| 6.5 a) Ja | 6.5 a) Yes | D |
| 6.6 a) Dis sy jop, Bennie. | 6.6 a) It's his job, Benny. | D |
| 6.7 a) Here | 6.7 a) Christ | D |
| 6.8 a) Jissis | 6.8 a) Jissis | V |
| 6.9 a) commitment | 6.9 a) commitment | D |
| 6.10 a) commitment b) fokkol | 6.10 a) commitment b) fokkol | D V |
| 6.11 a) jissis | 6.11 a) jissis | V |
| 6.12 a) Ja, Dok | 6.12 a) Yes, Doc | D |
| 6.13 a) Jy was nog nooit baie goed met konflik nie. | 6.13 a) You've never been very good with conflict. | D |
| 6.14 a) Fok | 6.14 a) Fok | V |
| 6.15 a) Wil jy hê ek moet jou B.O. bel? | 6.15 a) Do you want me to phone your CO? | D |
| 6.16 a) Asseblief, Dok | 6.16 a) Please, Doc | D |
| 6.17 a) worry | 6.17 a) worry | D |

In die voorbeeld hier bo kom 'n mate van simmetrie tussen Griessel en Dokter Barkhuizen na vore. Griessel spreek hom aan as “Dok” – 'n informele aanspreekvorm wat eintlik verwys na “dokter” omdat hy 'n sielkundige is. Aan die ander kant is “Dok” ook 'n aanspreekvorm wat weer 'n vorm van outoriteit na die gesprek bring. Myns insiens kom hier 'n groter hoeveelheid simmetrie tussen die karakters voor, omdat die aantal kodewisseling en vloekwoorde wat in die dialoog gebruik word, die simmetrie sterker uitbeeld as wat die aanspreekvorm “dok” die outoriteit van dokter Barkhuizen uitbeeld. Laasgenoemde bloot omdat “dok” minder voorkom. “Dok” word reeds in die eerste voorbeeld gebruik en word met “Doc” vertaal. Dit word deurgaans op hierdie manier vertaal. Die woord “Doc” dra die simmetriese verhouding in die doelteks oor, alhoewel dit 'n domestikerende vertaalstrategie tot gevolg het. Die rede vir laasgenoemde is omdat “doc”, soos die Afrikaanse “dok”, 'n informeler vorm van “dokter” is en Griessel gemaklik genoeg voel om die dokter so aan te spreek.

Die ander voorbeeld in 6.6 wat waardig is om te noem, is die gebruik van “jop”. Laasgenoemde is die informele Standaardafrikaanse sleng-verwysing na “werk” of die verafrikaansing van die Engelse “job”. In die doelteks word dit wegvertaal met “job”.

Dok spreek vir Griessel aan as “Bennie”. Soos voorheen genoem, kom hier tog 'n mate van asimmetrie tussen die twee sprekers voor, en met die gebruik van “Bennie” kom dit weer voor. Afgesien hiervan, glo ek steeds dat die simmetriese aspekte, soos vloeke, wat in die dialoog voorkom die dialoog oorhoofs simmetries maak. Die vloekwoorde en kodewisseling dra veel meer tot die simmetrie by as die gebruik van die aanspreekvorme.

In voorbeelde 6.7, 6.8 en 6.10 word vloekwoorde soos “Here”, “Jissis” en “fokkol” gebruik. “Here” word vervang met “Christ” en “jissis” en “fokkol” word in die doelteks oorgedra. Dit is nie heeltemal duidelik hoekom “Here” vervang word en nie soos “jissis” en “fokkol” oorgedra word nie. Met die oordrag van “jissis” word die hibriditeit in die doelteks uitgebeeld, alhoewel hibriditeit nie met die vervanging van “Christ” in die doelteks oorgedra word nie. Afgesien van die oordrag van hibriditeit word die simmetriese verhouding steeds in die doelteks uitgebeeld in die geval van die vertaling van die twee vloekwoorde.

Nog vloekwoorde kom voor, soos “fokker” wat in die doelteks met “fucker” vertaal word. Dit het 'n domestikerende effek op die doelteks, maar die simmetrie word steeds in die doelteks met “fucker” uitgebeeld, omdat die vloek nie heeltemal verdwyn nie. In voorbeelde 6.11 en 6.14 kom die vloekwoorde “jissis” en “fok” voor. Dié vloekwoorde word onveranderd in die

doelteks oorgedra wat veroorsaak dat die hibriditeit ook in die doelteks uitgebeeld word. Afrikaanse vloekwoorde in die Engels doelteks beeld 'n tipe vreemdheid uit wat ook hibriditeit oordra.

Verder gebruik Dokter Barkhuizen kodewisseling, naamlik “Het jy 'n probleem met **commitment**, Bennie?” en in die doelteks word die kodewisseling wegvertaal met “Do you have trouble with **commitment**, Benny?” Volgens my word die simmetriese verhouding in die doelteks wegvertaal en word 'n meer asimmetriese verhouding uitgebeeld. Die wegvertaling van die kodewisseling en die gebruik van die aanspreekvorm “Benny” dra by tot die simmetriese verhouding wat in die doelteks verdwyn. In voorbeeld 6.10 gebruik Griessel weer kodewisseling en word dit wegvertaal. Dokter Barkhuizen gebruik die Engelse woord “worry” in die Afrikaanse sin. Die wegvertaling het nie 'n invloed op die simmetriese verhouding nie, maar het wel 'n meer eentalige doelteks tot gevolg.

Na aanleiding van die bespreking wil dit voorkom of die simmetriese verhouding, afgesien van die minimale asimmetrie wat voorkom, in die doelteks oorgedra word. Hierteenoor word die hibriditeit nie altyd oorgedra nie, omdat sommige vloekwoorde in die doelteks onveranderd oorgedra word, maar ander met Engelse ekwivalente vervang word. Soos vroeër genoem, sal die Afrikaanse vloekwoorde in die Engelse doelteks 'n vreemdheid daarstel wat direk tot hibriditeit bydra. Die inkonsekwente oordrag van die vloekwoorde beteken dus dat die vreemdheid inkonsekwent oorgedra word en so ook die hibriditeit. Sien addendum B (2.2) vir verdere voorbeelde.

4.3.2 Sosiale houding: Kaaps (kodewisseling en vloek) vs. Standaardafrikaans (kodewisseling en vloek)

Sosiale houding verwys na die sosiale afstand wat tussen deelnemers van 'n gesprek voorkom (House, 1997:41). Sien verder afdeling 3.2.2 vir 'n volledige bespreking van sosiale houding en wat dit behels.

Die twee tipes formaliteit wat hier van toepassing is, is konsulterend en informeel. Eersgenoemde word gebruik wanneer Cupido en Griessel met 'n verdagte of vreemdeling praat en geen kodewisseling, Kaaps of vloekwoorde gebruik word nie en daarteenoor informeel kommunikeer wanneer hulle met mekaar of met vriende of familie gesels en kodewisseling, Kaaps en vloekwoorde gebruik. Die sosiale afstand tussen die deelnemers van die gesprek beïnvloed dus die dialoog.

4.3.2.1 Konsulterend

Soos genoem is konsulterende dialoog se vlak van formaliteit hoër. Die formeler gespreksituasie veroorsaak dat hibriditeitselemente soos Kaaps, kodewisseling, vloekwoorde minder voorkom. Nietemin moet registers in ag geneem word wanneer dialoog bespreek word, omdat dit die voorkoms van hibriditeit bepaal. Daarom word konsulterende dialoog bespreek, alhoewel daar geen of min hibriditeit in dié tipe dialoog voorkom nie. Sien verder 3.3.2.1.

(i) Voorbeeld 7: Griessel en die student

7.1 Griessel: “**Meneer** (a), asseblief, ek vra vir jou om ’n oproep te maak. My foon is **buite werking** (b).”

“*Meneer* (a), please, will you make a phone call. My phone is **out of order** (b).”

7.2 Student: “**Sorry**, maar dit lyk vir my **fake** (a).”

“**Sorry**, but it looks **fake** to me (a).”

7.3 Griessel: “Ek gaan nog een keer vir jou vra om ’n oproep te maak (a).”

“I am going to ask you one more time to make a call (a).”

7.4 Student: “Nou raak dit bietjie **weird** (a).”

“Now you’re getting **weird** (a).”

7.5 Griessel: “Laat sak jou hande, haal uit jou foon en bel die SAPD-stasie (a).”

“Drop your hands, take out your phone and call the police station (a).”

7.6 Student: “Jy wil hê ek moet die polisie bel? (a)”

“You want me to phone the police? (a)”

7.7 Griessel: “Dis reg. Stellenbosch-stasie (a).”

“That’s right. Stellenbosch Station (a).”

7.8 Student: “Ek ken nie die nommer nie. Kan ek dit Google? (a)” (Meyer, 2013:222-223).

“I don’t know the number. Can I Google it? (a)” (Meyer, 2013:193-194).

Tabel 17: Vertaalstrategie - voorbeeld 7

| Afrikaans | Engels | Vervreemding/ |
|-----------|--------|---------------|
|-----------|--------|---------------|

| | | Domestikering |
|---|---|----------------------|
| 7.1 a) Meneer b) buite werking | 7.1 a) Meneer b) out of order | V D |
| 7.2 a) Sorry; fake | 7.2 a) Sorry; fake | D |
| 7.3 a) Ek gaan nog een keer vir jou vra om 'n oproep te maak | 7.3 a) I am going to ask you one more time to make a call | D |
| 7.4 a) weird | 7.4 a) weird | D |
| 7.5 a) Laat sak jou hande, haal uit jou foon en bel die SAPD-stasie. | 7.5 a) Drop your hands, take out your phone and call the police station. | D |
| 7.6 a) Jy wil hê ek moet die polisie bel? | 7.6 a) You want me to phone the police? | D |
| 7.7 a) Dis reg. Stellenbosch-stasie. | 7.7 a) That's right. Stellenbosch Station. | D |
| 7.8 a) Ek ken nie die nommer nie. Kan ek dit Google? | 7.8 a) I don't know the number. Can I Google it? | D |

Die konsulerende dialoog wat hier bo voorkom, is tussen Griessel en 'n student. Alhoewel die student kodewisseling gebruik, behou Griessel 'n konsulerende dialoog en so ook die formaliteit van die gesprek.

Hy spreek die student aan as “meneer”. Die aanspreekvorm “meneer” word in die doelteks onveranderd oorgedra en in kursief geplaas. Laasgenoemde veroorsaak dat die formele gespreksituasie in hierdie geval in die doelteks oorgedra word, alhoewel dit 'n vervreemdende vertaalstrategie tot gevolg het. Verder veroorsaak dit dat hibriditeit wat nie in die bronteks teenwoordig is nie, in die doelteks uitgebeeld word – 'n Afrikaanse woord kom nou in die Engelse doelteks voor en bring 'n vreemdheid na die doelteks. Die oorblywende dialoog is konsulerend en word so in die doelteks oorgedra.

Die student kom nie konsulerend in die bronteks voor nie omdat hy kodewisseling gebruik, byvoorbeeld, “**Sorry**, maar dit lyk vir my **fake**” en “Nou raak dit bietjie **weird**”. In die doelteks verdwyn die kodewisseling egter met die oordrag en veroorsaak dit dat die informaliteit van die student se dialoog, in die doelteks verlore gaan. Die doelteks kom eintlik méér konsulerend voor as die bronteks. Griessel kom ook streng voor wanneer hy die student beveel en sê, “Ek gaan nog een keer vir jou vra” – geen vloekwoorde kom voor nie

Die konsulerende dialoog van Griessel word in die doelteks oorgedra met geen informele aspekte soos Kaaps, kodewisseling en vloekwoorde wat in die doelteks bygevoeg word nie. Dit veroorsaak dus dat die konsulerende dialoog nóg sterker in die doelteks uitgebeeld word. Hibriditeit word een keer opnuut in die doelteks uitgebeeld.

(ii) Voorbeeld 8: Griessel en lyfwag

8.1 Griessel: “Hierdie plek ... Ek verstaan nog nie mooi hoekom julle hom hiernatoe gebring het nie. **Dis** (a) nie moeilik om hier in te kom nie, as jy regtig wil.”

“This place ... I still don't understand why you brought him here. **It's** (a) not hard to get in, if you really want to.”

8.2 Lyfwag: “Persoonlike sekuriteit is so goed soos die kliënt se briefing. Ons het safe houses en safe apartments waar jy nie met 'n full SWAT team kan inkom nie, as daar genoeg PSO's is wat weet wat hulle doen ... (a)”

“Personal security is as good as the client's briefing. We have safe houses and safe apartments that a full SWAT team would not get into, if there were enough PSOs that knew what they— (a)”

8.3 Griessel: “PSO’s? (a)”

“PSO’s? (a)”

8.4 Lyfwag: “Personal Security Operatives. (a)”

“Personal Security Operatives. (a)”

8.5 Griessel: “**O.K.**(a)”

“**O.K.**(a)”

8.6 Lyfwag: “Maar hierdie ou het niks gesê oor die nature of the threat nie. Ons kan hom nie dwing nie. Die protocol is, as hulle nie specifics gee nie, vertel die baas vir hom van al die options, en dan moet hy self besluit. (a)”

“But this guy said nothing about the nature of the threat. We can’t force him. The protocol is, if they don’t tell us anything, specific, the boss describes all the options, and then he has to decide for himself. (a)”

8.7 Lyfwag: “Hierdie plek is goed as niemand weet jy is hier nie. (a)”

“This place is fine if no one knows you’re here. (a)”

8.8 Griessel: “Maar iemand hét geweet hy is hier (a)” (Meyer, 2013:43).

“But someone did know he was here (a)” (Meyer, 2014:32).

Tabel 18: Vertaalstrategie - voorbeeld 8

| Afrikaans | Engels | Vervreemding/domestikering |
|--|---|-----------------------------------|
| 8.1 a) Dis | 8.1 a) It’s | D |
| 8.2 a) Persoonlike sekuriteit is so goed soos die kliënt se briefing. Ons het safe houses en safe apartments waar jy nie met ’n full SWAT team kan inkom nie, | 8.2 a) Personal security is as good as the client's briefing. We have safe houses and safe apartments that a full SWAT team would not get into, if there | D |

| | | |
|---|--|---|
| as daar genoeg PSO's is wat weet wat hulle doen ... | were enough PSOs that knew what they— | |
| 8.3 a) PSO's? | 8.3 a) PSO's? | D |
| 8.4 a) Personal Security Operatives. | 8.4 a) Personal Security Operatives. | D |
| 8.5 a) O.K. | 8.5 a) O.K. | D |
| 8.6 a) Maar hierdie ou het niks gesê oor die nature of the threat nie. Ons kan hom nie dwing nie. Die protocol is, as hulle nie specifics gee nie, vertel die baas vir hom van al die options, en dan moet hy self besluit. | 8.6 a) But this guy said nothing about the nature of the threat. We can't force him. The protocol is, if they don't tell us anything, specific, the boss describes all the options, and then he has to decide for himself. | D |
| 8.7 a) Hierdie plek is goed as niemand weet jy is hier nie. | 8.7 a) This place is fine if no one knows you're here. | D |
| 8.8 a) Maar iemand hét geweet hy is hier. | 8.8 a) But someone did know he was here. | D |

Die konsulerende dialoog is tussen Griessel en 'n lyfwag. Griessel hou die dialoog formeel met geen kodewisseling of vloekwoorde wat voorkom nie. Daar is 'n geval waar Griessel informaliteit na die dialoog bring – hy gebruik “O.K.” in die bronteks en dit word in die doelteks oorgedra. Nietemin kom daar geen verdere kodewisseling of vloekwoorde voor nie.

Verder sê Griessel “Maar iemand hét geweet hy is hier”, wat Standaardafrikaans is met geen merkers van informaliteit wat voorkom nie. Dié dialoog word in die doelteks onveranderd vertaal en dra die formaliteit onveranderd in die doelteks oor.

Afgesien van die twee aspekte van informaliteit wat voorkom en ook in die doeltteks oorgedra word²⁰, is die meerderheid dialoog in die voorbeeld konsulerend en kom dit so ook in die doeltteks voor. Sien addendum B (3.1) vir verdere voorbeelde.

4.3.2.2. Informeel

Soos genoem, kom informele dialoog meestal voor wanneer Cupido en Griessel met mekaar kommunikeer. Informele Standaardafrikaans met kodewisseling en vloek word gebruik asook Kaaps met kodewisseling en vloek. Die informele dialoog dra grotendeels tot die hibriditeit van die dialoog by. Sien verder 3.3.2.2.

(i) Voorbeeld 9: Cupido en Griessel

9.1 Cupido: “They pay almost double the going rate. Dis die probleem met hierdie land, **Benna** (a). Dis net **naked greed, no fucking ethics**. Almal wil net **score** (b), dis **skep, pappie, skep** (c), voor **doomsday** kom. **Seventy thousand bucks** (d) vir ’n week se personal security? **Ons is** (e) in die verkeerde jop, ek sê jou. **Fokken daylight robbery** (f). En **daai** (g) lesbetariër wat vir my wil kom **bliksem** (h)? Vir wat? ‘Cause I tell it like it is? Sy kan nie **daai** doen nie, ek meen, wat sê jy? There’s just no appropriate response vir ’n **lessie** (i), jy’s **gefok** (j) as jy sê kom **traai**, (k) jy’s **gefok** as jy jou bek hou. **Da’** (l) moet ’n law wees teen **daai** soort ding. Vir my kom **bliksem**, met seventy thousand in haar gatsak en haar Calvin Klein-suitjie en **daai** hare ... En wat is dit dié? Duitse owner van ’n boereplaas met ’n Franse naam waar ’n Brit gekidnap is. Fucking United Nations of Crime, dis wat ons nou word. And why? ‘Cause they bring their troubles here. Soos **daai** Franse by Sutherland, en die Dewani-ding, and who gets the rap? **Suid-fokken-Afrika** (m). [...] “**Ek sê jou nou, die perpetrator gaan ’n foreign citizen wees, ma’ dink jy** (n) die TV gaan **daai** sê? Not on your life, **dan’s** (o) dit net weer ‘crime-ridden society’, al **daai kak** (p). It’s not right, **Benna** (q). Vir my kom **bliksem**. **Ma’** hulle **screen** die volkies in slave uniforms en **lat** (r) hulle agter die **wittes** (s) se gatte skoonmaak tot tienuur in die aand. Chocolates op die kussinkies ...”

²⁰ Soos gesê, is dit nie altyd die geval dat geen informele of hibriede aspekte in asimmetriese of konsulerende dialoog voorkom nie en daarom moet asimmetriese en konsulerende dialoog juis bespreek word om die moontlike effek van hibriditeit op hierdie dialoog te ondersoek, indien enige voorkom.

“They pay almost double the going rate. That's the trouble with this country, **Benna** (a). **It's just naked greed, no fucking ethics**. Everybody just wants to **score** (b), it's just **skep, pappie, skep** (c) before **doomsday** comes. **Seventy thousand bucks** (d) for a **week's** personal security? **We're** (e) in the wrong business, I'm telling you. And **that** (g) lesbian wants to **bliksem** (h) me? What for? Because I tell it like it is? She can't do **that**, I mean, what do you say? There's just no appropriate response to a **lezzy** (i), you're **gefok** (j) if you say come **try** (k) me, you're **gefok** if you zip your lip. **There** (l) should be a law against **that** sort of thing. Wants to **bliksem** me? With seventy thousand in her back pocket and her Calvin Klein suit and **that** hair . . . And what is this here? German owner of a Boer farm with a French name where a Brit is kidnapped. Fucking United Nations of Crime, that's where we're heading. And why? Cause they bring their troubles here. Like **those** French at Sutherland, and the Dewani thing, and who gets the rap? **Suid-fokken-Afrika** (m). [...] “**I'm telling you now, the perpetrator will be a foreign citizen, but d'you** (n) think the TV will mention **it**? Not on your life, **it'll** (o) be like "crime ridden society" all over again, all **that kak** (p). It's not right, **Benna** (q). Wants to **bliksem** me. **But** they **screen** the little volkies in slave uniforms and **let** (r) them clean up after their **whitey** (s) backsides until ten o'clock at night. Chocolates on the pillows . . .”

9.2 Griessel: “Forensies is hier (a).”

“Forensics are here (a).”

9.3 Cupido: “Hulle sal moet **gat roer** – ons sal die Brit se kamer moet **search** (a). En die Giraffe” (Meyer, 2013:111).

“They'll have **to get a move on** — we have to **search** the Brit's room (a). And the Giraffe” (Meyer, 2014:121).

Tabel 19: Vertaalstrategie - voorbeeld 9

| Afrikaans | Engels | Vervreemding/ Domestikering |
|------------------|-----------------|--|
| 9.1 a) Benna | 9.1 a) Benna | V |

| | | |
|---|--|---|
| b) naked greed, no fucking ethics; score | b) naked greed, no fucking ethics; score | D |
| c) skep, pappie, skep | c) skep, pappie, skep | V |
| d) doomsday; Seventy thousand bucks | d) doomsday; Seventy thousand bucks | D |
| e) Ons is | e) We're | D |
| f) Fokken daylight robbery | f) [uitgelaat in doelteks] | D |
| g) daai | g) that | D |
| h) bliksem | h) bliksem | V |
| i) lessie | i) lezzy | D |
| j) gefok | j) gefok | V |
| k) traai | k) try | D |
| l) Da' | l) There | D |
| m) Suid-fokken-Afrika | m) Suid-fokken-Afrika | V |
| n) Ek sê jou nou, die perpetrator gaan 'n foreign citizen wees, ma' dink jy | n) I'm telling you now, the perpetrator will be a foreign citizen, but d'you think | D |
| o) dan's | o) it'll | D |
| p) daai kak | p) that kak | V |
| q) Benna | q) Benna | V |
| r) ma', lat | r) but, let | D |
| s) wittes | s) whitey | D |
| 9.2 | 9.2 | |
| a) Forensies is hier | a) Forensics are here | D |
| 9.3 | 9.3 | |
| a) gat roer | a) to get a move on | D |

Die informele verhouding tussen Cupido en Griessel kom duidelik na vore in hierdie voorbeeld en die kodewisseling, Engels en vloeke wat in die bronteks gebruik word, is reeds 'n aanduiding van die informaliteit. Cupido gebruik in sommige gevalle Engelse volsinne wat die bronteks nog méér hibried maak. Een voorbeeld van dié hibriditeit is die sin, "They pay almost double the going rate".

Die eerste voorbeeld waar informaliteit tussen die karakters voorkom, is waar Cupido vir Griessel as “Benna” aanspreek. Dit dui nie net op ’n informele gespreksituasie nie, maar ook op ’n simmetriese verhouding. Dié naam word gewoonlik in informele gesprekke deur Cupido gebruik wanneer hy Griessel aanspreek. Dit word in die doelteks onveranderd oorgedra en so ook word die informaliteit oorgedra.

Kodewisseling word deurgaans gebruik, byvoorbeeld “Dis net **naked greed, no fucking ethics.**” Die Engels word in die doelteks oorgedra en verdwyn noodwendig in die Engelse doelteks. Daar word tog gekompenseer vir die oordrag van die informaliteit wanneer “dis” in die voorbeeld hier bo vertaal word met “it’s” – laasgenoemde ook ’n vorm van informaliteit vir die Engelse doelteks. Kodewisseling kom verskeie kere voor waar Engelse woorde soos “score” en “doomsday comes” gebruik word.

Nog ’n geval van kodewisseling kom voor in “**Seventy thousand bucks** vir ’n week se **personal security?**”. Die vertaler kompenseer vir die kodewisseling wat verdwyn deur die Engels soos volg te laat klink: “**Seventy thousand bucks** for a **week’s** personal security?” – “’n week se” word in die Afrikaans gebruik, maar die informeler “week’s” word in die doelteks gebruik. Dieselfde vertaalstrategie word gebruik waar “Ons is” vertaal word met “we’re”. “We’re” is baie informeler as “we are” wat die formeler Engelse vertaling van “ons is” is.

Verder word “**skep, pappie, skep**” gebruik en word dit onveranderd in die doelteks oorgedra. Met laasgenoemde oordrag kom ’n vervreemdende strategie voor en word die hibriditeit in die doelteks oorgedra.

Dit gebeur selde dat ’n brontekstitem glad nie in die doelteks oorgedra of vertaal word nie. “Fokken daylight robbery” word glad nie in die doelteks oorgedra nie. Die motivering hiervoor is nie duidelik nie, omdat dit ’n totale domestikerende vertaalstrategie tot gevolg het en sodoende die informaliteit wat die vloekwoord “fokken” na die bronteks bring, heeltemal in die doelteks verwyder. Afgesien van die vloekwoord word “daylight robbery” in informele gespreksituasies gebruik wanneer iemand wil beklemtoon hoe duur iets is. Dit dra so ook tot die informaliteit van die gespreksituasie by.

Hier kom ook heelwat Kaaps voor wat die informele situasie uitbeeld, soos “daai”, “traai”, “Da” en “lat”. Sien 3.2.1 vir die bespreking van hierdie Kaapse woorde. Die Kaaps word in die doelteks wegvertaal met “that”, “try”, “there” en “let”. Die informaliteit word wegvertaal en geen hibriditeit word in die doeltekste oorgedra nie.

Daar is wel een geval waar in die doeltteks gekompenseer word vir die Kaaps wat wegvertaal word. Die bronteksdialoog “**ma’ dink jy** die TV gaan **daai** sê?” word in die doeltteks vertaal met “**but d’you** think the TV will mention **it**?”. Die kompensasie kom voor waar “dink jy” vertaal word met “d’you” – ’n informele Engelse gebruik van “do you”. Op hierdie manier gaan die informaliteit nie heeltemal in die doeltteks verlore met die wegvertaling van die Kaaps nie. Verder word “dan’s” ook later in dieselfde voorbeeld vertaal met “it’ll” wat weer in die doeltteks die informaliteit oordra.

Die vertaler kompenseer verder vir die wegvertaling van die informaliteit met “wittes” wat vertaal word met “whiteys”. Myns insiens kon dit formeler vertaal word as “whites”, maar die gebruik van “whiteys” gee vir die leser die informele gevoel wat die gesprek en karakter in die bronteks uitbeeld.

Vloekwoorde sluit aan by die informaliteit wat deur hierdie dialoog uitgebeeld word. “**Suid-fokken-Afrika**” word in die doeltteks onveranderd oorgedra. Hier word die informaliteit duidelik in die doeltteks oorgedra, omdat die spreker die vloekwoord gebruik om ’n samestelling te vorm. Een van die vertaalstrategieë vir dialoog wat Perteghella (2002:50-51) voorstel, is om eiename in hulle oorspronklike vorm te los – sien verder 2.6. Die voorbeeld beeld nie net vervreemding uit nie, maar ook informaliteit met die gebruik van die vloekwoord. Die informaliteit word verder uitgebeeld met die oordrag van “gefok” wat twee keer in die sin in die bronteks voorkom en twee keer in die doeltteks oorgedra word. Die vloekwoord “kak” word ook oorgedra. “Bliksem” kom voor en word in die doeltteks oorgedra. Die informaliteit wat die vloekwoord besit, word saam na die doeltteks oorgedra.

Cupido gebruik ook die woord “lessie” – ’n informele en neerhalende verwysing na ’n homoseksuele vrou. Die informaliteit wat hierdie woord uitbeeld, word in die doeltteks oorgedra met die Engelse “lezzy”. Alhoewel dit in Engels vertaal word, besit die Engelse woord steeds ’n informaliteit wat in die doeltteks uitgebeeld word.

Die laaste relevante voorbeeld om hier te bespreek, is die verwysing na “hulle moet gat roer” wat deur Cupido gebruik word. Dit verwys daarna dat hulle moet vinniger maak. Dit is informeel, omdat ’n formele dialoog moontlik sou sê dat “hulle vinniger moet maak”. In hierdie geval word die informaliteit in die doeltteks wegvertaal met “they have to get a move on” – die vertaling wat eerder gebruik sou word vir “hulle moet vinniger maak”.

Die bespreking hier bo gee die aanduiding dat die informaliteit in sommige gevalle wegvertaal word, maar in ander gevalle word dit heel goed in die doeltteks uitgebeeld. Aangesien

informaliteit wat in die doeltteks uitgebeeld word beteken dat vreemde elemente in die doeltteks oorgedra word, het dit ook tot gevolg dat die oordrag van hierdie vreemde elemente die hibriditeit saam met die informaliteit in die doeltteks uitbeeld. Die hibriditeit word dus in sommige gevalle in die doeltteks oorgedra. Daar kom ook heelwat meer informaliteit in Cupido se dialoog as in Griessel se dialoog voor.

(ii) Voorbeeld 10: Cupido en Griessel

10.1 Cupido: “Verlede week **reken sy my, a man’s worth is no greater than his ambition**

(a). Net omdat ek ’n breek vat met Angry Birds. Ek meen, ’n man kan mos nou en dan ’n breek vat ...”

“Last week **she tells me, a man’s worth is no greater than his ambition** (a). Just because I was taking a break with Angry Birds. I mean, can’t a man take a break now and then ...”

10.2 Cupido: “Nie wié nie, **Benna** (a), wat. **Dis** (b) ’n **game** (c). Op my foon. Jy moet dit **traai**

(d), **daar’s** (e) ’n **IOS version** (f) ook. Great stress reliever. **Anyway** (g), toe wil ek vir haar sê: ‘Mbali, as ek soveel **ambition** (h) soos jy gehad het, sou ek ook ’n **doos** (i) gewees het’, maar **fok weet** (j), dan kry jy haar weer nie stil oor hoe jy vloek nie, en **daai** (k) is ook ’n **sure sign of weakness** (l), sy’t altyd ’n **fokken quote** (m). Wat’s verkeerd met vloek? Ek meen, **dis** (n) net nog ’n woord. Wat my rêrig afpis is mense wat ‘**fokken**’ (o) wil sê, **ma**’ (p) dan **gooi** (q) hulle ‘**flippen**’ (r) , en **daai’s O.K** (s). **Dis** (t) nie **fokken** (u) **O.K.** nie, hulle bedoel dieselfde ding. And intent is nine tenths of the law, **pappie** (v). **Ma**’ (w) jy kan **maar** (x) ‘**flippen**’ voor Mbali sê, **daai’s cool** (y). Ek meen, **Benna, there’s just no justice** as dit by **daai** (z) vrou kom nie.”

“Not “who”, **Benna** (a), “what”. **It’s** (b) a **game** (c). On my phone. You should **try** (d) it, **there’s** (e) an **IOS version** (f) too. Great stress reliever. **Anyway** (g) , so then I want to say to her: “Mbali, if I had as much **ambition** (h) as you have, I would also be a **doos** (i)”, but **fok weet** (j), then you would never get her to shut up about your swearing, and how **that’s** (k) a **sure sign of weakness** (l), she’s always got a **fokken quote** (m). What’s wrong with swearing? I mean, **it’s** (n) just another word. What really pisses me off is people that want to say “**fokken**” (o), **but** (p) then they **gooi** (q) “**flippen**” (r) instead, and **that’s O.K** (s). **It’s** (t) not **fokken** (u) **O.K.**, they mean the same thing. And intent is nine-tenths

of the law, **pappie** (v). **But** (w) you can **ma'** (x) say **flippen** in front of Mbali, **daai's cool** (y) I mean, **Benna, there's no justice** when it comes to **that** (z) woman.”

[...]

10.3 Cupido: “**O.K** (a). True. **Ma'**(b) wat is **possession** (c) sonder **intent** (d)?”

“**O.K** (a). True. **But** (b) what is **possession** (c) without **intent** (d)?”

10.4 Griessel: “Ook waar (a).”

“Also true (a).”

10.5 Cupido: “**Fokken** Mbali (a) ...” (Meyer, 2013:121)

“**Fokken** Mbali (a)” (Meyer, 2014:130).

Tabel 20: Vertaalstrategie: voorbeeld 10

| Afrikaans | Engels | Vervreemding/ Domestikering |
|--|--|--------------------------------------|
| 10.1 a) reken sy my, a man's worth is no greater than his ambition | 10.1 a) she tells me, a man's worth is no greater than his ambition | D |
| 10.2 a) Benna b) dis c) game d) traai e) daar's f) IOS version g) Anyway h) ambition | a) Benna b) it's c) game d) try e) there's f) IOS version g) Anyway h) ambition | V D D D D D D D |

| | | |
|---|---|---|
| i) doos | i) doos | V |
| j) fok weet | j) fok weet | V |
| k) daai | k) that's | D |
| l) a sure sign of weakness | l) a sure sign of weakness | D |
| m) fokken quote | m) fokken quote | V |
| n) dis | n) it's | D |
| o) fokken | o) fokken | V |
| p) ma' | p) but | D |
| q) gooi | q) gooi | V |
| r) flippen | r) flippen | V |
| s) daai's O.K | s) that's O.K | D |
| t) dis | t) it's | D |
| u) fokken | u) fokken | V |
| v) pappie | v) pappie | V |
| w) ma' | w) but | D |
| x) maar | x) ma' | V |
| y) daai's cool | y) daai's cool | V |
| z) Benna, there's just no justice; daai | z) Benna, there's just no justice; that | D |
| 10.3 | 10.3 | |
| a) O.K | a) O.K | D |
| b) ma' | b) but | D |
| c) possession | c) possession | D |
| d) intent | d) intent | D |
| 10.4 | 10.4 | |
| a) Ook waar | a) Also true | D |

| | | |
|-----------|-----------|---|
| 10.5 | 10.5 | |
| a) Fokken | a) fokken | V |

Die eerste teken van informaliteit, is waar Cupido sê “reken sy my”. Dié frase verwys na sy kollega wat voorheen vir hom iets gesê het, soos ’n mens uit die Engelse “she tells me” kan aflei. Die Afrikaanse dialoog waar Cupido eerder “reken” gebruik in plaas van “sê”, gee vir die leser ’n gevoel van informaliteit, omdat “reken” nie altyd in formele situasies gebruik word om na “sê” te verwys nie. Hiermee word nie bedoel dat dit glad nie in formele situasies gebruik word nie, maar eerder dat dit in hierdie geval eerder informeel as formeel klink. Met die vertaling van “reken sy my” met “she tells me” verdwyn hierdie informaliteit in die doelteks.

Verder kom hier kodewisseling – groot dele Engels in die bronteks – voor. Cupido sal van Afrikaans oorslaan na Engels, met “**a man’s worth is no greater than his ambition**”. Die Engels word in die doelteks wegvertaal. Soos voorheen genoem, is die bronteks juis hibried, volgens my, as gevolg van groot dele Engels wat daarin voorkom. Die oordrag veroorsaak dat die informaliteit en hibriditeit in die doelteks verlore gaan, omdat die doelteks ook Engels is en die oordrag nie hibried in die doelteks voorkom nie.

Kodewisseling kom deurgaans in die dialoog voor. Die woord “game” dra verder tot die informaliteit by. “Game” word in die doelteks oorgedra, maar aangesien die doelteks Engels is, word die kodewisseling nie uitgebeeld nie. Laasgenoemde is wat met alle kodewisseling gebeur wat in hierdie voorbeeld voorkom. Kodewisseling kom verder voor waar “iOS version”, “anyway” en “ambition” gebruik word. Nog kodewisseling kom voor met “**n sure sign of weakness**”, “quote”, “**Benna, there’s just no justice**”, “**possession**” en “**intent**”. Alle kodewisseling word wegvertaal en geen hibriditeit word oorgedra nie.

Die aanspreekvorm “Benna” kom hier voor. Cupido gebruik dié bynaam om Griessel in informele situasies aan te spreek. Die bynaam word in die doelteks oorgedra en saam met die oordrag word die informaliteit daarvan ook oorgedra. In “Dis ’n game” word “Dis” in plaas van die meer formeler “dit is” gebruik, naamlik “Dis ’n game”. Die vertaling van “dis” met “it’s” is domestikerend, maar dit sou ook kon voorkom of dit die informele toon in die doelteks oordra, omdat die formeler “it is” nie in die doelteks gebruik word nie.

Soos gesê kom Kaaps in informele dialoog voor. Die Kaaps “traai” is afkomstig van die Engelse “try”, maar dit word verafrikaans deur die woord te verander met ’n Afrikaanse spelling. De

Vries (2006) sê dat Kaaps gerieflik terugval op Engels al word die Engelse klanke verafrikaans. 'n Ander voorbeeld hiervan is “complete” wat verander in “kompliet” in Kaapse dialoog. “Traai” word in hierdie geval in die doeltteks vertaal met “try” en so word die informele aspek van “traai” glad nie in die doeltteks oorgedra nie.

Verder vind 'n mens die Kaapse “daai” wat twee keer voorkom en albei kere met “that” vertaal word. “Daai’s” word ook twee gebruik. Met die eerste vertaling word dit wegvertaal met “that’s” en met die tweede vertaling word dit onveranderd in die doeltteks oorgedra met “daai’s cool”. Myns insiens kompenseer die vertaling minimaal vir die wegvertaling van die informaliteit met die gebruik van “that’s” in plaas van die meer formele “that is”.

Die vertaling van die sin “**Ma**’ jy kan **maar** ‘**flippen**’ voor Mbali sê, **daai’s cool**” kom heel interessant in die doeltteks voor. Die eerste “ma” aan die begin van die sin word wegvertaal met “but”, maar kort hierna word “maar” in die doeltteks verander na “ma”. Die doeltekssin, of die vertaling, is “**But** you can **ma**’ say **flippen** in front of Mbali, **daai’s cool**.” Die verlore gaan, maar met die vervanging van “maar” met “ma” in die doeltteks kompenseer wegvertaling van die eerste “ma” veroorsaak dat die informele gesprek in die doeltteks die vertaling vir die verlore informaliteit en bring dit die informele toon en gevoel weer terug met laasgenoemde invoeging van “ma” in die doeltteks. Die informele aspek word in die doeltteks behou met “daai’s cool” wat ook onveranderd in die doeltteks oorgedra word. Met die vertaling van hierdie sin word die informele dialoog grotendeels in die doeltteks behou met die metodes van kompensasië en oordrag wat tydens die vertaling gebruik word. So ook word die hibriditeit in die doeltteks oorgedra, omdat dit saam met die vreemde elemente uitgebeeld word wat nou in die doeltteks voorkom.

In voorbeeld 10.3 kom “O.K” asook die Kaapse “ma” voor in die sin “**O.K.** True. **Ma**’ wat is **possession** sonder **intent**?” Die Engelse vertaling van die sin is “**O.K.** True. **But** what is **possession** without **intent**?” “O.K.” word in die doeltteks oorgedra en daarmee saam word die informaliteit ook oorgedra. Hierteenoor word die Kaapse “ma” vertaal met “but” en die informaliteit word nie saam met die Kaaps in die doeltteks oorgedra nie en gaan verlore in die doeltteks.

“Daar’s” kom ook voor en word met “there’s” vertaal. Alhoewel laasgenoemde 'n domestikerende vertaling is, is “there’s” nog steeds informeler teenoor die gebruik van “there is”.

Die vertaling van vloekwoorde is ook belangrik wanneer dit by die uitbeelding van informele dialoog voorkom. Die eerste vloekwoorde wat gebruik word, kom voor in “sou ek ook ’n **doos** gewees het, maar **fok weet** ...”. Die woord “doos” en “fok weet” word onveranderd in die doelteks oorgedra (en word in kursief geplaas om vir die doelteksleser aan te dui dat dit hulle moontlik kan vervreem) en so word die informaliteit van die dialoog ook oorgedra.

Verder word “**fokken**” nog 4 keer gebruik en word dit onveranderd in die doelteks oorgedra. Die woord “flippen” – die minder kras woord wat verwys na “fokken” – word gebruik. “Flippen” word ook in kursief in die doelteks uitgebeeld. Die oordrag van die vloekwoorde beeld hibriditeit in die doelteks uit.

Die informaliteit word ook oorgedra met die gebruik van “gooi” in die doelteks. “Gooi” word in hierdie geval gebruik in plaas van die Standaardafrikaanse woord “gebruik”. “Gooi” word in kursief aangebring en dra ook hibriditeit in die doelteks oor. Die oordrag van “O.K” dra by tot die informaliteit van die doelteks.

In die sin wat volg, “**Dis** nie **fokken O.K.** nie”, beeld die gebruik van “dis” en “O.K” die informele aard van die gesprek uit. Die vertaling van “dis” met “**It’s**” is domestikerend, maar “it’s” beeld moontlik informaliteit in die doelteks uit, omdat “it is” nie gebruik word nie. Verder word “O.K” gebruik wat tot die informaliteit van die doelteks bydra. Cupido se gereelde gebruik van die woord “**pappie**” kom in die bronteks voor en word in die doelteks oorgedra – die informaliteit word in die doelteks oorgedra en so ook die hibriditeit.

Die algehele vertaling van voorbeeld 10 dui op die oordrag van die informele gespreksituasie in die doelteks, maar ook die wegvertaling van die informele gespreksituasie in die doelteks. In sommige gevalle, soos hier bo bespreek, word Kaaps in die doelteks heeltemal met Engelse woorde vervang. Hierteenoor word Kaapse woorde weer later in die voorbeeld in die doelteks oorgedra en in een geval word ’n Kaapse woord in die doelteks bygevoeg (sien tabel 20 voorbeeld x). Vloekwoorde word almal onveranderd oorgedra wat weer bydra tot die informele gevoel van die doelteks. Kodewisseling word, soos die meeste van die vertalings van kodewisseling tot dusver, in die doelteks wegvertaal. Dit wil voorkom of daar later heelwat kompensasië is vir die wegvertaling van Kaaps wat vroeg in die voorbeeld voorkom. Waar Kaapse woorde byvoorbeeld meestal wegvertaal word aan die begin van voorbeeld 10, word dit later oorgedra en bygevoeg in die dialoog om te kompenseer vir dit wat vroeër “verlore” gegaan het (sien tabel 20 voorbeeld x en y). Sien addendum B (3.2) vir verdere voorbeelde.

Dit wil voorkom of die informele taalgebruik inkonsekwent oorgedra word. Pary vloekwoorde word wegvertaal en ander word behou en dra by tot die inkonsekwentheid. Die meeste van die kodewisseling word wegvertaal en veroorsaak dat die informaliteit van die bronteks meestal nie in die doelteks oorgedra word nie. Soos in hoofstuk 3 gesê, gebruik Suid-Afrikaanse informele Engels heelwat minder Afrikaanse kodewisseling en daarom word kodewisseling grootliks in die doelteks wegvertaal.

Die kwalitatiewe analise van *Kobra* dui op 'n oorhoofse domestikerende vertaalstrategie. Die doelteks is dus minder hibried. Die taalgebruiker se uitbeelding word beïnvloed, byvoorbeeld Cupido se karakteruitbeelding in die doelteks. Die taalgebruik, soos in hoofstuk 3, word tot 'n minder mate aangetas. Hierdie aspekte word in hoofstuk 5 bespreek, asook gevolgtrekkings en aanbevelings.

Hoofstuk 5

Opsomming, gevolgtrekkings en aanbevelings

5.1 Inleiding

Soos in hoofstuk 1 beklemtoon word, is die twee brontekste *7 Dae* en *Kobra* volgens my hibriede tekste. Ek het in hoofstuk 2 (afdeling 2.3) 'n volledige teoretiese begroning van hibriditeit daargestel, maar wat weer genoem kan word, is dat vir hierdie studie brontekste wat onderskeie tale, variëteite en kulture bevat, hibriede tekste is. In hierdie studie het ek probeer vasstel of die hibriditeit van die twee betrokke brontekste in die doeltekste oorgedra word.

Die oordrag van hierdie hibriditeit sou bepaal of die karakteruitbeelding in die doelteks oorgedra word. In die geval van die twee brontekste sal ek sê dat verskillende Suid-Afrikaanse kulture deur middel van verskillende taalvariëteite uitgebeeld word, onder andere Kaaps. Die middelklas Suid-Afrikaner word tot 'n mate ook uitgebeeld deur Griessel se karakter en verder kom Mbali Kaleni ook voor wat die Zulu-kultuur uitbeeld, alhoewel sy deurgaans Engels in die brontekste praat. Beide brontekste kry dit myns insiens heel goed reg om as hibriede tekste geklassifiseer te word. Soos reeds in hoofstuk 1 genoem, wou ek vasstel hoe die dialoog wat hier hoofsaaklik die hibriditeit van die brontekste tot gevolg het, vertaal word.

Aangesien Venuti se terme *domestikering* en *vervreemding* gebruik is as teoretiese onderbou vir die studie, is die strategieë wat deur bostaande teoretici genoem is met domestikering en vervreemding geskakel.

5.2 Vertaalstrategieë

Die fokus van hierdie studie was om vas te stel hoe die karakters in die doelteks uitgebeeld word. Om laasgenoemde te bepaal is die eerste vraag om vas te stel watter vertaalstrategieë (domestikering of vervreemding) aangewend word om die karakters te skep. Die tweede vraag was om vas te stel of die uitbeelding van die karakters in die doelteks beïnvloed word deur die tipe vertaalstrategie wat gebruik word. Die twee vrae met antwoorde word hier onder onderskeidelik bespreek.

'n Vergelykende teksanalise is van die betrokke brontekste uitgevoer. In hoofstuk 3 is *7 Dae* met *7 Days* vergelyk en in hoofstuk 4 is *Kobra* met *Cobra* vergelyk. Dit is gedoen deur die spesifieke taalitems wat bespreek word in kolomme te belyn asook die spesifieke

vertaalstrategie met 'n “D” vir domestikering en 'n “V” vir vervreemding wat in die kolomme ingevoeg is.

Voorts word die gevolge van die gekose vertaalstrategieë bespreek om uiteindelik te bepaal of die hibriditeit van die brontekste in die doelt tekste oorgedra word.

5.2.1. Taalgebruiker

In hoofstuk 1 is die skakel tussen die taalgebruiker, hibriditeit en domestikering en vervreemding gemaak. Die vertaling van die dialoog in die geval van die taalgebruiker het gefokus op die uitbeelding van die karakter in die brontekste en die doelt tekste. Die vertaler maak vertaalkeuses en sal kies om of die bronkultuur in die doelt tekste uit te beeld, of om 'n meer neutrale doelt tekste te produseer wat nie die bronkultuur in die doelt tekste uitbeeld nie. Indien die vertaler kies om die eerste strategie te volg, sal dit 'n vervreemdende vertaling tot gevolg hê waar die leser sekere woorde, frases of konsepte as vreemd ervaar. Indien 'n meer neutrale doelt tekste sonder vreemde elemente geproduseer word, sal 'n domestikerende vertaling voorkom.

By die vertaling van Kaaps, vloekwoorde en kodewisseling, blyk die volgende vertaalstrategieë duidelik. Algemene Kaapse woorde soos “ma” en “da” wat deurgaans in omtrent al die Kaapse dialoog voorkom, word oorhoofs domestikerend vertaal met slegs een of twee keer waar dit vervreemdend vertaal word. Ander Kaapse woorde soos “gewiet” en “hierie” word ook wegvertaal in neutraler Engels. Selfs die Kaapse woord “broe” wat gewoonlik aan die einde van sinne voorkom, word in Engels vertaal met “bru”. Hierteenoor word ander Kaapse woorde soos “njaps” deurgaans inkonsekwent vertaal, omdat dit in sommige gevalle in die doelt tekste oorgedra word, maar in ander gevalle domestikerend vertaal word met “fucked”. Laasgenoemde domestikerende vertalings het meer as die vervreemdende gevalle voorgekom.

Verder het ek na die vertaling van die vloekwoorde in die dialoog gekyk. Dit wil voorkom of die vloekwoorde meestal domestikerend vertaal is. 'n Voorbeeld soos “doos” is vervang met “bugger” en “Fokken” is meestal met “fucked” vervang. Nietemin is daar heelwat gevalle waar “fokken” en “kak”, wat algemeen voorkom, vervreemdend vertaal word. Vloekwoorde is dus redelik inkonsekwent vertaal.

Kodewisseling tussen Afrikaans en Engels is in 'n Engelse doelt tekste vanselfsprekend domestikerend gedoen. Kodewisseling word feitlik heeltemal in die doelt tekste wegvertaal en die invloed wat dit op die uitbeelding van karakters in die brontekste gehad het, gaan heeltemal in die doelt tekste verlore. Die hibriditeit wat genoemde eienskappe in die brontekste veroorsaak het,

gaan eweneens verlore. Om aan te toon watter vertaalstrategieë tydens die vertaling van Kaaps gebruik word, word 'n kwantitatiewe analise hier onder gedoen.


5.2.1.1 Kwantitatiewe analise


Die kwantitatiewe analise fokus hoofsaaklik op die Kaapse dialoog wat in *7 Days* en *Cobra* voorkom. Hierdie analise gebruik staafdiagramme om dialoogverskille in die bron- en doeltteks van sowel *7 Dae* as *Kobra* te kwantifiseer.

Laasgenoemde word gedoen om 'n oorsig oor die vervreemdende en domestikerende benadering ten opsigte van die vertaling van Kaaps in die doeltteks te kry.

Hier word eerstens 'n telling gegee van alle gevalle van Kaaps wat domestikerend of vervreemdend vertaal is. Daarbenewens word daar een diagram aangebied wat slegs fokus op hoeveel keer die Engelse rym in die bronteks oorgedra word byvoorbeeld “Egan the Vegan” en op gevalle waar Kaaps genaturaliseer is om meer Engels te klink byvoorbeeld “njaps” wat “njapsed” word. Die rymelement in Kaaps en die oordrag daarvan, moet in ag geneem word by hierdie kwantifisering omdat dit deel vorm van die uitbeelding van die karakter in die bronteks en so ook in die doeltteks. Albei die genoemde verskynsel kan as 'n vervreemdende strategie beskryf word.

Die aantal Kaapse woorde/frases wat in die dialoog van die twee brontekste voorkom se totale telling is 142. In die doeltteks is hierdie dialoog oorgedra, aangepas, gestandaardiseer of geskrap. Eersgenoemde twee metodes sal tot vervreemding lei en laasgenoemde twee tot domestikering.



Figuur 1: Vervreemdende teenoor domestikerende vertalings**Figuur 2: Alle gevalle van rym oorgedra en aangepaste Kaaps in doeltekste**

Dit blyk heel duidelik uit die staafdiagramme dat die meeste van die Kaapse dialoog domestikerend in die doeltekste vertaal word – 115 gevalle van die Kaapse dialoog word in die doeltekste wegvertaal en slegs 13 word in die doeltekste oorgedra. Die hibriditeit wat die Kaaps in die brontekste uitbeeld, word dus 115 keer nie in die doeltekste oorgedra nie. Die ander 13 vertalings is waar vervreemdende vertaling plaasvind en die Kaapse dialoog in die doeltekste onveranderd oorgedra word. Dit het tot gevolg dat die hibriditeit slegs 13 keer in die doeltekste oorgedra word en so word die Kaapse karakter slegs 13 keer in die doeltekste uitgebeeld. Laasgenoemde sluit aangepaste Kaaps uit.

Na aanleiding van die kwantitatiewe en kwalitatiewe analises is dit duidelik dat 'n oorwegend domestikerende vertaalstrategie gevolg word. Dit het nie net gevolge vir die oordrag van hibriditeit nie, maar ook vir die uitbeelding van die karakter(s) in die doeltekste. Dit is duidelik dat hier 'n wisselwerking is tussen die oordrag van hibriditeit en die uitbeelding van die karakters in die doeltekste.

5.2.2 Taalgebruik

In hoofstuk 1 is die belangrikheid uitgelig van die pragmatiese omgewing waarin die karakters voorkom. Dit is juis waarom die studie House (1997) se *taalgebruik* ondersoek het om voorsiening te maak vir die spesifieke situasie waarin die dialoog voorkom (informeel of formeel). Die gebruik van Kaaps, vloekwoorde en kodewisseling in dialoog het veroorsaak dat

'n informele gespreksituasies in die brontekste uitgebeeld word, omdat hierdie aspekte meestal in informele situasies gebruik word. Dit kan veral gesien word onder die bespreking van simmetriese dialoog (waar geen outoriteitsfiguur voorkom nie) en informele dialoog (sien die analises in hoofstuk 3 en 4) waar informeel gekommunikeer word. Aangesien Kaaps en kodewisseling meestal domestikerend vertaal word en vreemde elemente nie hier in die doeltekste voorkom nie, veroorsaak dit dat die informaliteit wat dit in die brontekste uitbeeld, nie oral in die doeltekste oorgedra word nie. Kodewisseling se skakel met register (soos in hoofstuk 2 bespreek) is feitlik heeltemal ongeldig in die doeltekste aangesien daar bykans geen kodewisseling voorkom nie en dit dus ook nie aan 'n spesifieke gespreksituasie verbind kan word nie. Enkele gevalle kom wel voor waar Afrikaanse woorde in die Engelse dialoog gebruik word bv. “mannetjies” (Meyer, 2014:56) wat oorgedra word, asook “ou” (Meyer, 2014:45).

Afrikaanse vloekwoorde wat met Engelse vloekwoorde vertaal word, veroorsaak nie 'n algehele wegvertaling van die informaliteit van die brontekste in die doeltekste nie. Engelse vloekwoorde wat in die doeltekste voorkom, beeld steeds die informaliteit van die gespreksituasie uit, maar omdat die Afrikaanse vloeke nie in die doeltekste voorkom nie en moontlik vreemd vir die doelteksteleser kan lyk, word die hibriditeit nie saam met hierdie vertalings in die doeltekste oorgedra nie. Myns insiens word die meeste van die informele gespreksituasies meer neutraal in die doeltekste oorgedra.

5.3 Die oordrag van hibriditeit

Dit is juis die brontekste se hibriditeit wat in hierdie twee boeke die karakters uitbeeld oftewel die taalgebruiker skets. Die brontekste se hibriditeit gee ook die taalgebruik weer wat bepalend is vir die onderskeie magsverhoudings tussen die gespreksgenote of die gespreksituasies skets. Heelwat hiervan gaan verlore met die verlies aan die oordrag van hibriditeit na die doeltekste soos deur die studie getoon is.

5.4 Antwoorde op die navorsingsvrae

Om terug te kom na die navorsingsvrae. Die betrokke vrae en die antwoorde word hier onder herhaal en beantwoord.

Hoe word die karakters in die doeltekste uitgebeeld?

Vaughn Cupido, die bruin Kaapssprekende, se karakteruitbeelding word as gevolg van die oorhoofse domestikerende vertaalstrategie wat gebruik word en die hibriditeit wat sodoende nie in die doeltekste oorgedra word nie, nie voldoende in die doeltekste oorgedra nie.

Bennie Griessel, die wit middelklas Afrikaanse spreker, se karakteruitbeelding word beter oorgedra omdat hy minder van kodewisseling gebruik maak. Hy kom soos te verwag in 'n oorhoofse gedomestikeerde doeltteks, wel minder Afrikaans voor.

Watter vertaalstrategieë word aangewend om die karakters te skep?

